

Weg!

FEBRUARIE-MAART 2026 | UITGAWE 71

Ry & Sleep

'n A vir Albertinia

Skep asem tussen die aalwyne

NOORD-KAAP

Ervaar die mooi
Karoo op pad
Vleisfees toe



VAT 5! Klein kampplekke met private geriewe | **ROETES WAT ROEP** Beleef die oeroue Van der Stelpas | **INFANTA ENKULU 4** 'n Dubbelas(seblief)! | **OORGRENSGESPREK** Merkwaardige migrasies op jou voorstoep | **NUWE WAENS** BorderX Arte Edition & Krafted Kampers Canyon 01



SLEEPTOETS

LAND ROVER DEFENDER

Blink nuwe gedaante
met sleepspiere
wat bult



R140,00 (BTW INGESLUIT)
NAMIBIE N\$145,00

BRING DIE BRAKKE

8 GAWE KAMPPLEKKE VIR JOU EN JOU DIEREKINDERS



Besoek ons
NUWE opwindende
interaktiewe
webwerf!



**HOEKOM MOET JY
KIES TUSSEN AVONTUUR EN
GEMAK AS JY ALBEI KAN HÊ!**

DIE **NUWE** MOBI LODGE **QUATTRO**

Onvergelykbaar!
★★★★★



Mobi Lodge



MOBI LODGE CONTINENTAL



MOBI LODGE XL



Skandeer om die
ander Mobi Lodge
modelle te sien!



Moenie wag nie

jou dan: Hoe maklik jy aanvaar dat alles en almal maar nog daar gaan wees wanneer jy weer die kans kry om by hulle uit te kom.

Ek dink ons almal is skuldig daaraan om die mense wat vir ons belangrik is as vanselfsprekend te beskou. Om te glo daar sal altyd nog 'n naweek wees, nog 'n geleentheid om saam te reis, nog 'n kans om langs 'n vuur te sit. Ons stel dinge uit met goeie en logiese redes en soms selfs met die beste bedoelings, maar tyd het 'n manier om stil-stil sy eie planne te maak.

Dis dalk hoekom vakansie-oomblikke, wanneer ons die langpad aandurf of êrens gaan kamp, my al hoe meer bybly. Nie noodwendig oor waarheen ons gaan nie, maar meer oor die feit dat ons saam daarheen gaan. Daardie geselsies wat moeiteloos vloei, die stiltes wat volmaak voel en die eenvoudige besef dat die mense wat op hierdie oomblik langs jou sit, presies is waar hulle moet wees... dít is kos vir my siel.

Daar is 'n eerlikheid aan die tyd wat 'n mens saam met iemand deurbring wanneer jy kamp of die boendes invaar. Jy sien hulle weer raak en hulle vir jou. Sonder 'n duisend ander dinge in 'n mens se gedagtes kan julle mekaar ook weer hoor. Dis klein dingetjies soos die een se unieke manier van lag, die sêgoed wat daardie een oor en oor gebruik, of die kenmerkende manier hoe die ander een altyd 'n kelner in die restaurant groet.

Dis dan wanneer jy onthou hoekom hierdie verhoudings saak maak. Nie omdat dit groot of dramaties is nie, maar juis omdat dit gewoon is.

Ek het al agtergekom dat ons maklik groot avonture beplan, maar die klein, belangrike dinge uitstel. Ons praat oor daardie volgende langpadreis of langnaweek en maak seker ons skedules klop, maar intussen glip die dae verby en dit voel soms vir my of dít wat werklike waarde het, maar geduldig moet wag.

Ons gedeelde belangstelling in die buitelewe herinner my gereeld daaraan om nie te wag nie. Moenie tyd as vanselfsprekend aanvaar nie. Julle hoef nie altyd ver te ry of vir lank weg te gaan nie, en soms is dit genoeg om net te besluit: Kom ons gaan. Kom ons maak tyd. Kom ons sit die fone neer en kyk mekaar weer in die oë.

Dis juis in daardie eenvoud waar dinge betekenis kry. Oomblikke wat nie beplan word nie, maar onthou word. Eindag gaan ons terugkyk en besef dis nie waar ons was wat belangrik was nie, maar saam met wie ons was.

Dis nog vroeg genoeg in die jaar. Moenie wag nie. Moenie mense, tyd en oomblikke as vanselfsprekend aanvaar nie. Maak tyd, maak planne en wees daar. Jy gaan baie dankbaar wees jy het.

Veilig reis.

Schalk

REDAKTEUR

schalk.jonker@media24.com

Daar is iets aan hierdie beginmaande van 'n nuwe jaar wat 'n mens laat glo jy het tyd. Tyd waarmee jy later weer kan inhaal, later weer bel en later weer beplan. Dis normaal, want die kalender is eintlik nog relatief oop, die vakansieherinneringe vars en die komende jaar se onafwendbare malle gejaag lê iewers op die horison.

Of dis wat ons dink, want voor jy jou oë uitvee, begin die lewe somer vinnig weer spoed optel. Die skole maak weer oop, jy is terug by die werk en wanneer jy weer tot verhaal kom, is dit met die besef dat jy weer van saktid tot saktid leef.

Dit is dan wanneer jy jou moet dwing om vir 'n rukkie te gaan sit en asemhaal. In daardie oomblik tref dit

Inhoud

#71 | Februarie-Maart 2026



KAMPBESTEMMING 36



ROETES WAT ROEP 66



4x4-BESTEMMING 48

ELKE MAAND

3 REDAKTEURSBRIEF

8 POSBUS

14 NUUS

24 NUWE KAMPGOED

30 NUWE RYGOED

58 VAT 5!

78 DIEREVAKANSIE

82 RY-INDRUK

86 SLEEPTOETS

90 WOONWATOETS

96 4x4-PROFESSOR

100 TOERUSTING

104 KAMPKOS

113 BLOKRAAI

114 PRETBLAD

116 MIC SE RUBRIEK

118 NEELS SE STOEPENT

120 RUBRIEK

122 IETS ANDERS



5



4

OORGRENSGESPREK 64

5

4

LESERSTORIE 70

2

3

1



#71 VOORBLADFOTO – LEON BOTHA

“ Die grondpad tussen Albertinia en die Gouritsrivier-gasteplaas is 'n voorbeeld van 'n ordentlike en goeie grondpad. Al hoe meer aalwyne steek naderhand kop uit langs die pad totdat hulle jou soos 'n skare teen die koppe op die plaas verwelkom. ”

Kameraverstellings Canon EOS 6D Mk. II, f18, 200ste van 'n sekonde, 34 mm, ISO 640

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER 📧 schalk.jonker@media24.com

JOERNALISTE LEON BOTHA 📧 leon.botha@media24.com

CYRIL KLOPPER 📧 cyril.klopper@media24.com

UITLEGKUNSTENAAR OWEN WILLOUGHBY 📧 owen.willoughby@media24.com

TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD 📧 peter@subteks.co.za

KOSREDAKTEUR JOHANÉ NELSON

MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY 📧 desiree.hartney@media24.com

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 RAJ LALBAHADUR

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 MEDIA MINETTE FERREIRA

UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL

FINANSIËLE BESTUURDER LANA GOLIATH

BEDRYFSHOOF EDWINA LYNERS

HOOF: PRODUKSIE JACQUES DU PLOOY

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL

📧 danie.nell@media24.com ☎ 082 859 0542

KLIËNTBESTUURDER SHARLENE SMITH

📧 sharlene.smith@media24.com ☎ 083 583 1604

KLIËNTBESTUURDER SANETHA MEINTJIES

📧 sanetha.meintjies@media24.com ☎ 082 957 9747

INKOMSTEHOOF NERISA COETZEE

📧 nerisa.coetzee@media24.com

HOOF: DIVERSE PROEKE FRANCOIS MALAN

📧 francois.malan@media24.com

ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF LAILA MAJIET

KREATIEWE HOOF SANDLASETHU-SIPHE YILANI

REDAKTEUR SPESIALE PROEKE GERDA ENGELBRECHT

gerda.engelbrecht@media24.com

PRODUKSIEBESTUURDER CHRISTINE SMITH

SENIOR BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com

KONTAK ONS

ANN DU BOIS ☎ 011 713 9529 📧 ann.dubois@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 740, Kaapstad 8000

STRAATADRES Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 785266, Sandton 2146

STRAATADRES Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

☎ 087 353 1300 | ☎ +27 21 065 0033 (internasional)

Faks 086 296 6681 | WhatsApp ☎ 087 353 1287

SMS "diens" na 31069 | 📧 subs@media24.com



DRUKWERK NOVUS PRINT
Alle regte word voorbehou.



VERSPREIDING

ON THE DOT



Ry & Sleep is 'n lid van
die Ouditburo vir Sirkulasie



PUBLISHER
RESEARCH COUNCIL

© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24

SAVANNAH 3 BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.5m
R3 790⁰⁰

SAVANNAH 4 BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R4 900⁰⁰

SAVANNAH 5 BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m
R5 790⁰⁰

SENIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT

- > 320GSM SAFARI RIPSTOP-SEIL
- > 540GSM SWAARDIENS PVC-GRONDSEIL
- > 8.5MM GEËLEKTROPLATEERDE HOË TREKVASTE STAALRAAM
- > BINNE/BUITE VENSTER SLUITING
- > HITTE LUGGAT MET BINNESLUITING



3VENSTERS
BINNE- EN
BUITESLUITING

SENIOR
3.0m x 3.0m x 2.2m
R8 150⁰⁰

RANGER SAFARI BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.8m
R4 510⁰⁰

JUNIOR WANDERER BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R5 200⁰⁰

SENIOR WANDERER BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m
R6 000⁰⁰

JUNIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R6 510⁰⁰

SENIOR DELUXE-VERLENGING



RUIM
4.5m x 2.9m x 2.65m
R10 590⁰⁰
PAS ALLE TENTCO 3.0M X 3.0M BOOGTENTE

SENIOR BAOBAB-VERLENGING



3.6m x 3.0m x 2.2m
R7 700⁰⁰
PAS ALLE TENTCO 3.0M X 3.0M BOOGTENTE

DUBBEL BOOG-VERLENGING



2.1m x 3.0m x 2.2m
R6 670⁰⁰
PAS ALLE TENTCO 3.0M X 3.0M BOOGTENTE

JUNIOR SAHARA



4.5m x 2.9m x 2.65m
R12 510⁰⁰

SAHARA DELUXE



6.0m x 2.9m x 2.65m
R17 340⁰⁰

SAHARA LODGE



8.0m x 2.9m x 2.65m
R23 300⁰⁰

SAHARA GRAND



8.0m x 2.9m x 2.5m
R24 620⁰⁰



SAHARA OPSIONELE EKSTRAS

SAHARA SYWANDSTEL



R1 680⁰⁰

SAHARA VOORKANT



R1 050⁰⁰

SAHARA & SENIOR BOOGVERBINDING



R1 600⁰⁰

BOOGTENT NIE INGESLUIT NIE

SAHARA AGTERSTE BADKAMER

PAS TENTCO SE SAHARA DELUXE OF SAHARA LODGE



R2 380⁰⁰

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR
WAREHOUSE

takealot

Agri Land

LeisureWorld

AGRIMARK

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



TENTCO BOKS

IDEAAL VIR AL JOU BERGINGBEHOEFES




**VANAF
R215⁰⁰**



Stapelbaar op ou en nuwe Tentco-boks



Versterkte dubbelwand-hoeke



Kepe vir drabande



Versinkdeksel-ontwerp



Gerieflike drahandvatsels



Omtrent 35 liters



**Hou ys
vir tot 7 dae**

3-RAK DELUXE KASSIE



R1 150⁰⁰

4-RAK DELUXE KASSIE



R1 700⁰⁰

VERANDER NA HANGSPASIE

*Inhoud uitgesluit

KOMBUISKABINET DELUXE



R1 450⁰⁰

EXTREME ICE BOX 40L

61cm x 43cm x 43cm



R2 999⁰⁰

EXTREME ICE BOX 20L

58cm x 35cm x 36cm



R1 999⁰⁰

EXTREME ICE BOX 60L

80cm x 43cm x 43cm



R3 999⁰⁰

EXTREME ICE BOX 120L

101cm x 53cm x 48cm



R6 200⁰⁰

EXTREME ICE BOX 90L

89cm x 49cm x 49cm



R5 500⁰⁰

EXTREME ICE BOX 140L

90cm x 58cm x 57cm



R6 999⁰⁰

BIG BOY



Maks dra gewig: 150kg
R865⁰⁰

SL-2



Maks dra gewig: 150kg
R850⁰⁰

SLX-2



Maks dra gewig: 150kg
R1 100⁰⁰

SLX-2



Maks dra gewig: 120kg
R720⁰⁰

DIRECTORS DELUXE



Maks dra gewig: 180kg
R950⁰⁰

DIRECTORS DELUXE



Maks dra gewig: 200kg
R1 599⁰⁰

CLASSIC



Maks dra gewig: 120kg
R1 499⁰⁰

LOUNGER



Maks dra gewig: 120kg
R1 250⁰⁰

KOELSAK 12L



R450⁰⁰

KOELSAK 28L



R499⁰⁰

KOELSAK 55L



R650⁰⁰

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM


Volg ons op





Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleap@weg.co.za en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *Ry & Sleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.

Ditsem, Karoo!



Ons het al soveel keer vantevore verby die Karoo- nasionale park gery, maar uiteindelik eers in Oktober verlede jaar daar gekamp. Wat 'n wonderlike ervaring!

By die ingangshek verwelkom Dylan de Bruin ons met 'n aansteeklike entoesiasme, veral toe hy hoor dis ons eerste besoek. Hy is die toonbeeld van lewenslus en doen veel meer as om die hek te beman. Sommer met die intrapslag deel hy 'n paar wenke vir ons verblyf in die park. Ek dink daar wag 'n loopbaan as Sanparke-woordvoerder op hom, maar as dit van my afhang, bevorder ek hom sommer tot die minister van toerisme.

Die woonwapark lê in 'n mooi kom tussen die berge, en die omgewing is glad nie die ongenaakbare Karoovlakte wat ek verwag nie.

In die kampterrein val dit ons dadelik op hoe skoon en netjies alles is. Die wind waai en dis yskoud, maar 'n vriendelike medekampeerder beduie ons na staanplek nr. 2, waar jy in die koelte op 'n netjiese betonblad kamp.

Dit is lekker beskut met bosse wat skuiling bied teen die wind. >

BRIEFBRIEF

Linda Brink wen 'n EvoCharge LED Powerbank-flitslig ter waarde van R999. Die veeldoelige flitslig het 'n 7800mAh-litiumbattery en kan vir tot 30 uur skyn – jy kan selfs jou foon herlaai met dié flitslig. Hy's ook magneties sodat jy dit iewers teen 'n staaloppervlak kan vassit as jy albei hande nodig het. Die flits is boonop waterdig en skrik nie vir 'n reënbuie nie.

sustainable.co.za



OKTO

W O O N W A E N S

Eindelose Avonture

**Okto Woonwa reeks groei
....Alweer!**



2026
CARAVAN
SHOW

27 FEB
1 Mar
2026



**Bekendstelling van twee Nuwe Modelle,
die robuuste XTRACK Veelterrein en die
indrukwekkende hardedak CASTELLO
Gravellor woonwaens, by die Karavaan Skou,
Gallagher-konferensiesentrum, Midrand
27 Feb tot 1 Mrt 2026**

LeisureWorld

Loftus Caravan City

Bel: 011-792-1456



Besoekers word gewaarsku om versigtig te wees vir skilpaaie. En sowaar, die volgende oomblik kom loer een van hulle by ons staanplek in. 'n Vrypostige koedoe kom maak ook 'n draai, maar ons verwilder hom omdat hy ons aandete net té stip dophou.

Die badkamers is naby en netjies met 'n gerieflike uitleg. Hier is ook 'n prentjiemooi kombuisgebou in die tipiese Karooboustyl met opwasgeriewe, stoofplate, 'n yskas, vrieskas, mikrogolfoond en broodrooster.

Die volgende dag ry ons op teen die Klipspringerpas en die Potlekkertjieroete. Die pad kronkel tussen die berge deur met lieflike uitsigte oor die klipkranse. Ons ry sonder sukkel, want die pas is geteer en op die steil dele van die grondpad is betonbane.

Onthou wel dat 'n groot deel van die park slegs vir veldvoertuie toeganklik is.

Op 'n middaguitstappie na Lammer-tjiesleegte word ons beloon met mooi springbokke, rooihartbeeste, volstruise, bergkwaggas, gemsbokke, koedoes en steenbokke. Ongelukkig sien ons nie leeus nie, maar vriende wat onlangs hier gekamp het, vertel hulle het 'n groot trop gesien, somer naby die kampterrein.

Die winkel is goed toegerus en hier is 'n restaurant, maar ons het nie daar geëet nie.

Ek verstaan nou hoekom mense weke lank in hierdie stille saligheid vertoef... dis beslis die moeite werd om hier te kom kamp.

LINDA BRINK
Senekal

Doring tussen die rose

Ek sien nou weer die "Jou foto"-afdeling in die Maart 2019-uitgawe en deel graag 'n foto wat ek in ons tuin geneem het.

Hier is twee duikers in ons aftreeoord en dis vir my lekker om te sien as die diere hulle so verlustig in ons blomme, hoewel dit ook soms tot die groot onsteltnis van sommige inwoners is.

Ek het die foto een laatmiddag in Mei verlede jaar met my Canon EOS 7D geneem teen 1/640ste van 'n sekonde, 'n lensopening van f8 en 'n ISO van 1600.

RICHARD CALDWELL
Parys >



@STEALTHCARAVANS



#STEALTH

Gerief wat JOU volg



594 X-
COUNTRY

In 'n wêreld vol geraas, verkeer, spertye en “het jy die braaitang ingepak?”, is daar één plek waar die lewe stadiger raak en avontuur versnel — agter die gladde, aerodinamiese lyne van 'n Stealth-karavaan. Ontwerp vir reisigers wat meer uit die reis wil put, kombineer Stealth-karavane geharde Suid-Afrikaanse ingenieurswese met luukse afwerkings wat fluister: “Ontspan... ons het jou.”

Of jy nou bos toe ry, die seeklanke volg, of bloot na jou gunsteling-wegbreekplek ontsnap, Stealth bring die gerief van die huis reg tot by jou kampplek. Binne vind jy slim uitleg, luukse afwerkings en stooroplossings wat selfs die mees georganiseerde pakker 'n traan van trots sal laat pink. Buite beteken die liggewig ontwerp en uitsonderlike sleepstabiliteit net een ding: selfvertroue. Selfs wanneer die wind sy bes probeer om vir jou 'n vliegles te reël.

Ontwerp vir die Reis, Liefgehê vir die Gerief

Gebou vir ontdekkers, naweek-avonturiers en gesinne wat glo herinneringe word buite gemaak, neem Stealth-karavane jou nie net plek toe nie — hulle sorg dat jy elke oomblik van die reis geniet.

*Want aan die einde van die dag moet
avontuur moeiteloos wees.
En met Stealth... volg gerief jou altyd.*



CUB
OVERLANDER



DIE
KUDU

Gebou vir Avontuur, Ontwerp vir Gerief

Wanneer jy 'n Stealth koop, koop jy nie net 'n karavaan nie — jy kies 'n slimmer, gladder manier van reis. Jy belê in vryheid, gehalte en 'n reiservaring wat selfvertroue, gemak en gerief aan elke kilometer toevoeg. Elke uitstappie voel eenvoudiger, elke kampplek voel meer soos tuis, en avontuur word moeiteloos. Met robuuste krag aan die buitekant, deurdagte luukseheid aan die binnekant, en gerief wat jou oral volg, is 'n Stealth nie bloot 'n karavaan nie — dit is 'n leefstyl-opgradering.

Met Stealth is “gerief wat jou volg” nie net 'n slagspreuk nie — dit is die belofte agter elke kilometer.

Vrae oor die Slagveld



Baie dankie vir Cyril Klopper se uitstekende artikel oor die Kwa-Zulu-Natalse Slagvelde in die Oktober-November 2025-uitgawe. Ons wil graag in sy spoor volg en het 'n paar vrae.

Ek sleep 'n Nayela Mahem, en my swaer, Jakes van Zyl, ry 'n dubbelkajuitbakkie met 'n daktent bo-op. Is die roete van so 'n aard dat jy 'n woonwa kan sleep of met 'n dubbelkajuitbakkie ry? Is daar woonwa-staanplekke by al die bestemmings waar Cyril oorgeslaap het?

CHRIS LEESON
Midvaal

Ja, jy kan oral op die roete sleep. Daar is geen lae strukture, bome of kragdrade waaronder jy moet deurry nie. Dis net die oorloggrafte by Elandslaagte naby Ladysmith wat dalk probleme kan veroorsaak, want daar is nie



omdraaiplek nie. Die grafte is egter net 100m van die hoofpad af as julle nie omgee om te loop nie.

Die enigste ander uitdaging is die Normandienpas naby Newcastle. Die pad is smal en steil, maar ek glo jy sal hom kan baasraak.

Daar is inderdaad staanplek vir jou wa by Piet Retief (Sundowner-lodge), Bloedrivier, Dundee (Kwa-Rie-woonwapark), Ladysmith (Spioenkopdam) en Volksrust se woonwapark langs die dorp se dam.




Volg @wegrysleep op Instagram en merk jou foto's met #wegrysleep – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.



‘Discover’ die Cruisers



“Maandag kan maar kom, ons is reg!”
Foto @lr4adventure



“Where is your next big tour?”
Foto @gunnland79



“Botswana”
Foto @lr4rsa



“Gonjah Farm, near Patensie, Eastern Cape”
Foto @get.out.go

INVADER VIATOR

Die nuwe era van luuksheid.

#2026

www.invader.co.za



Waterkaskenades in die Klein-Karoo

Die Klein-Karoo is waarskynlik die laaste plek waar 'n mens sal soek vir 'n kampplek met 'n waterpark, maar dit was voor die dae van Absolutely Wild.

Die eienaars, PJ en Alice Verster, het die waterpark op hulle plaas tussen Barrydale en Ladismith gebou en 40 staanplekke rondom dit uitgelê. Die plaas van 1400ha is geleë langs die R62 tussen Barrydale en Ladismith en daar is ook glanskamp- en selfsorgverblyf beskikbaar.

PJ is 'n groot rugby liefhebber en het die staanplekke in die vorm van 'n rugbybal uitgelê. Elke staanplek is 15 x 10m groot, en op tien van hulle het jy jou eie kombuis met 'n yskas en mikrogolfoond,

en jou eie badkamer. (Onthou net om jou blou woonwaprop saam te bring.)

Die gewone staanplekke het nie kragpunte nie en is ook effens kleiner (8 x 7m), en in hierdie stadium deel hulle 'n gemeenskaplike badkamer met aparte geriewe vir mans en vroue en een vir mense in 'n rolstoel. Die plan is wel om vir elkeen van hierdie staanplekke ook hulle eie badkamer te bou.

Op al die staanplekke is losstaande braaiers met roosters, en daar's selfs 'n deksel om bo-oor te sit wanneer jy klaar is vir die aand.

Die kinders gaan beslis nie ledig rondsit nie, want hier is iets vir almal van hulle. Daar's selfs 'n swemplek vir die heel


kleintjies wat geleidelik dieper word. Die ander swembaddens is onderskeidelik 6 x 5m en 25 x 8m groot.

Vir die groter kinders is daar vier glybane. Een staan 4m hoog bo die swembad en die ander drie is amper 10m hoog.

Die watertemperatuur in die verhitte onderdakswembad is 34-35°C. Hier is ook 'n binnenshuise speelparkie met klouterrame – amper soos dié wat 'n mens in gesinsrestaurante in die voorstede kry – en 'n minigholfbaan.

As jy vooraf reël, kan jy op die plaas gaan wildkyk. Hier is onder meer buffels, swartwitpense, springbokke, gemsbokke, koedoes, elande en ribbokke.

Vat ook die kleintjies om by Shrek en >



Rhino-man

**Een kappie. Twee wêrelde. Eindelose moontlikhede.
Oorwin 4x4-roetes of verken stadspaaie,
met jou Rhinoman kappie.**



*Die hoof foto toon die Rhinoman Xtreme-Kappie.



**DUBBELKAJUIT
XTREME-KAPPIE
R46 700 insluitend
BTW en vervoer**



**DUBBELKAJUIT
XPEDITION-KAPPIE
R41 100 insluitend
BTW en vervoer**



**DUBBELKAJUIT
LX-KAPPIE
R34 800 insluitend
BTW en vervoer**

+ (27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | rhinoman.co.za

BESKIKBAAR
BY:

Rhino-man

BEEKMAN
EXPERIENCE LIFE WITH STYLE



BushCoOverland
South Africa

**CANOPY
CENTRE**
CANOPY LIFT & ROLLERS

Fiona, die twee donkies op die plaas, te gaan kuier.



Hier is 'n winkel en restaurant en, omdat die selfoonsein maar wisselvallig is, ook wifi. Terloops, al die plaas se elektrisiteit kom van die son.

Van die R62 af ry jy 2km op goeie grondpad tot by die plaas, wat 35 km van Barrydale af is.

Prys Afhangend van die seisoen R250 of R500 vir tot 5 mense op die gewone staanplekke en R550 of R850 vir die luukse staanplekke. Die tarief vir 'n sesde kampeerder is R150.

Kontak ☎ 067 040 8107 ✉ info@absolutelywild.co.za

🌐 absolutelywild.co.za



ELXV nou in die Kaap

Ná vier jaar in die woonwagbedryf het ELXV 'n vertoonlokaal in die Paarl in die Wes-Kaap oopgemaak.

ELXV, oftewel Elite Luxury Off-Road Vehicles, tref sedert sy bekendstelling die oog met sy luukse boswoonwaens en sy unieke benadering tot boumateriale, onder meer die aluminiumonderstel waarop die waens by die vervaardigingsaanleg in die suide van Johannesburg gebou word.

ELXV se waens, soos die Diep Spoor, Ng'ombe (met slaapplek vir 4) en twee Ghari-modelle (4.2 en 4.7) is nou op Kape-naars se voorstoep te kry en jy kan vir Celeste Botha bel as jy 'n afspraak wil maak om 'n draai by die vertoonlokaal te maak (Dinsdae tot Donderdae).

Adres Trianglestraat 7, Paarl.

Kontak ☎ 071 682 0924, 082 444 2850

of 084 550 2820 ✉ celeste@elxv.co.za

📱 ELXV Showroom 🌐 elxv.co.za ➔



Celeste Botha



The logo for FVELDT, featuring a stylized white triangle to the left of the brand name in a bold, sans-serif font.A family of four (father, mother, and two children) are camping on a rocky beach. They are wearing warm outdoor gear like parkas and beanies. The father is pouring from a thermos, the mother is holding a mug, and the children are eating. A small table holds food and drink. A green tent is visible in the foreground, and the ocean is in the background.

**WAAR
JOU
AVONTUUR
BEGIN**

DIE ADVENTURER SERIES™

Die Ripstop-seil Koepeltent, Vervolmaak.

 **Beskikbaar in 'n 2-, 3- en 4-Slaap.**

Ses is beter as vier



Die Suid-Afrikaanse voertuig-ombouer Ulterio Motiv het onlangs twee van sy demonstrasiemodelle vir Ry & Sleep gewys. Die twee toetsvoertuie was 'n Ford Ranger 6x4 en 'n Toyota Land Cruiser 6x6.

Die mense by die onderneming sê hulle wou 'n platform bied aan kliente wat 'n bekwame ryding soek, soos kampeers en nooddienstewerke. Die derde as verdubbel die vragvermoë van 'n standaardvoertuig sodat jy 'n groter en swaarder ryhuismodule kan vasbuit vir oorlandreise, of groter watertens op brandweerwaens.

Die ombouing wat die koppe die meeste laat draai het, was uiteraard die Land Cruiser 6x6. Deur 'n ekstra as aan te bring kon Ulterio Motiv daarin slaag om

die Toyota Land Cruiser 70-reeks se BVM te verhoog tot 6050 kg – 'n beduidende verbetering van 2850 kg.

Let wel, die hoër BVM beteken jy moet 'n kode C-rybewys (die ou kode 10) hê om die omgeboude voertuig wettig op openbare paaie te bestuur.

Buiten die ekstra as is daar ook 'n opgegradeerde hidrouliese remversterker wat slyting op die standaardremme versag. Hierdie remversterker is 'n opsionele ekstra, maar dit word sterk aanbeveel as jy beplan om die maksimumvraggewig op die voertuig te benut.

'n Effens goedkoper 6x4-stelsel vir die Land Cruiser is ook beskikbaar. Toyota se eie viertrekstelsel word dan behou en die derde as is slegs daar om die BVM tot 5500 kg te verhoog. Omdat 'n kode B-

rybewys jou tot 3500 kg beperk, moet jy ook vir hierdie voertuig 'n kode C hê.

Ulterio Motiv voeg by dat die standaardwielspoor van die Land Cruiser 70-reeks, waarvan die wydte van die voor- en agteras verskil, met die ombouing reggestel word sodat jou voor- en agterwiele nou in dieselfde spoor trap.

Die Ford Ranger-model het vierwiel aandrywing, want die derde as is 'n sogenaamde dooie as wat nie aangedryf word nie. Die vyfde en sesde wiel help wel as dit kom by stabiliteit in byvoorbeeld sandduine en uiteraard ook met vragvermoë.

Ulterio Motiv sal jou Ford Ranger se laaibak vervang met 'n plat bak – die sogenaamde "Aussie Tray" – of 'n plat bak met valkante (soos op die foto). Die spesifikasies vir hierdie Land Cruiser en Ranger lyk so:

Toyota Land Cruiser 79 6x6

Tarra	3100 kg
BVM	6050 kg
Vraggewig	2980 kg

Toyota Land Cruiser 79 6x4

Tarra	2910 kg
BVM	5500 kg
Vraggewig	2590 kg

Ford Ranger 6x4

Tarra	2500 kg
BVM	4500 kg
Vraggewig	2000 kg

(afhangend van die model)

Ulterio Motiv sê hy behartig die registrasie en homologering van die ombouings by NaTIS, maar indien jy 'n "groter" rybewys moet kry, is dit jou eie verantwoordelikheid.

Prys R389 950 vir die 6x4-ombouing van die Toyota Land Cruiser 79, R895 000 om 'n Land Cruiser 79 in 6x6-aandrywing te omskep, en R265 000 vir 'n 6x4-ombouing van 'n Ford Ranger.

Opsionele ekstras vir die Land Cruiser 79 sluit in die remversterker (R18 950), sterker remtype (R10 950) en 'n opgradering van die BVM (R32 950). Let wel dat BTW uitgesluit is by al hierdie pryse.

Hoe lank die ombouing gaan duur, hang af van hoe besig die fabriek in Lyttelton, Pretoria, is.


Kontak 071 095 6323

info@ulterio.co.za ulterio.co.za >



**PRETORIA
caravans
& OUTDOOR**
- SINCE 1968 -

KOOP AANLYN
LANDSWYD AFLEWERING
www.pretoriacaravans.co.za
info@pretoriacaravans.co.za
Tel: 012 329 2259
h/v Johan Heyns Dr & Jacobs St
Gezina, Pretoria



Die Topbestemming vir...

Nuwe Karavane | Gebruikte Karavane | Onderdele | Kamptoeerusting | Toebehore



Kry 'n gratis midweek-wegbreek met elke karavaanaankoop by



**Veselglaswerk -
Yskas inbouings -
Buite kombuise -
Lugversorging -
Dienste -
Onderstel dienste -**

**Versekeringseise -
Ongelukskade -
Ombouings -
Herstelwerk -
Houtvrot -
Haelskade -**

Instandhouding | Installasie | Herstel | Herbou | Verbouing

...Karavaan Spesialiste

www.caravanfitmentcentre.co.za
info@caravanfitmentcentre.co.za
Tel: 012 944 2487
h/ Johan Heyns Dr & Jacobs St,
Gezina, Pretoria

**Nou oop in KZN!
061 474 5568**



the CUBE Air Tent

Onthou jy die baklei, die vermiste pale, die uur lange opslaan... en die nagmerrie om dit alles in 'n mikrotentsak weg te pak?

Daardie dae is verby.


Die Cube gebruik 'n gepatenteerde swaardiens-lugraam wat in **net 4 minute** opblaas – geen pale, geen moeite, geen oornag afblaas nie. Ruim. Rotsvas. En wanneer een nie genoeg is nie, rits verskeie Cubes saam om jou einddoel glanskamp-ervaring te skep. Kampeer slimmer.

Tot
WINDTOETS
80km/h



SAK

Oorgroot drasak maak dit nog makliker om weg te pak



BINNE

10.5 vk meter vloeroppervlakte, 2 m interne hoogte



VERSTERKTE ANKERPUNTE

8 Ankerpunte



TURBO POMP

Blaas die Cube in net 4 minute op



VENTILASIE-OPENINGE

Verminder kondensasie en verbeter lugvloei



WATERDIGTE VERSEËLDE NATE

100% waterdig met 'n 3000 PU waterdigtheidsgradering

EEN KNOP, 4 MINUTE, JY IS KLAAR.



OPBLAASBAAR



WATERDIG



VERPAKTE GROOTTE



5 JAAR WAARBORG



GEWIG

www.cubeairtent.com

E-pos: Hello@cubeairtent.com

Die wêreld se ruimste veldry kampeerder.

 **ALPHAGO**
OFF-ROAD | **DIE NUWE**
S6
AIR



Geen pale meer nie

Hooftent, afdak en badkamer.
Selfopblaas, vir 'n baie groot leefarea.




Stel op in minder as 5 minute

Ontwerp vir maksimum kampeertyd en
om opstel- en wegpaktyd te verminder



Huisves tot 6 mense gerieflik

Sluit die familie by jou aan vir die
naweekwegbreek? Dis nie 'n probleem nie.



072 362 3175



info@alphago.co.za



www.alphago.co.za



AlphaGo Off-Road Camper/Trailers



Mahindra hou jolyt!

Duisende studente het in Desember Mahindra se Fusion Fest by die Universiteit van Kaapstad en van KwaZulu-Natal in bygewoon. Studente is vermaak met 'n musiekoptrede deur Zee Nxumalo en die glanspersoonlikhede Kyeezi, Ryle Rene De Morny, Neevan Ferris, Kelly Kikx en Missy Roberts.

Buiten die musiek was daar ook modeparades, kunsuitstallings en 'n graffitivertoning by albei universiteite, en studente is genooi om in te skryf vir 'n lootjietrekking waarin een gelukkige wenner sal wegy met 'n blinknuwe Mahindra XUV 3XO.

Die Fusion Fest sluit op 7 Maart vanjaar af by 'n glansbyeenkoms in die SunBet-arena in Pretoria.

Prys Kaartjies kos R300-R950 afhangend van sitplekke.

Kontak 🌐 ticketmaster.co.za

🌐 mahindra.co.za



Nóg Chinese rygoed op pad

Lepas, dogtermaatskappy van Chery Motors, het in November 2025 aangekondig hy is op pad Suid-Afrika toe, en die eerste drie modelle se name is nou bekend. Dit is die L4, L6 en L8, en al drie deel dieselfde LEX-platform – hulle het dus verskeie tegnologieë en onderdele in gemeen. Die LEX-platform is versoenbaar met binnebrandenjins én batterye met elektriese aandrywing.

Die vernaamste verskille tussen die drie modelle is hulle asafstand en gepaardgaande volume van die binneruim. Die L4



het byvoorbeeld 'n asafstand van 2 700 mm met 'n bakwerk wat 4 400 mm lank is, teenoor die L8 se 2 800 mm lange asafstand en 4 688 mm lange bakwerk.

Die vervaardiger sê al drie modelle kry dieselfde 1,5 ℓ-turboaangejaade petrolenjin wat 115 kW en 235 Nm uitskop. Verdere besonderhede is tans skraap en die pryse is nog nie bekend nie. Die L4, L6 en L8 sal na verwagting van Februarie af te koop wees. Gaan na die webwerf as jy jou naam op die waglys wil kry.

Kontak 🌐 lepas-sa.co.za



SilverLakes

CARAVANS & TRAILERS

950 Lynnwood Weg* Equestria* Pretoria
012 - 944 1919 * 012 - 807 5651

KARAVANE & SLEEPWAENS * VERKOPE EN VERHURINGS



KARAVANE & SLEEPWAENS

NUUT

&

GEBRUIKTE

Inruil Welkom



Venter

SLEEPWAENS / AL DIE PAD AGTER JOU!

NUUT & GEBRUIKTE

VERKOPE

&

VERHURINGS



Sterk genoeg vir enige vrag!

Koop dit! of Huur dit!

Inruil Welkom

BOKSBURG

Winkel No: 1*Venter Sentrum
h/v. Noord Rand & Rietfontein weg.

011-826 1529

PRETORIA 950 Lynnwood Weg* Equestria* Pretoria **012-807 5651**

Voor in die koor

BorderX se nuwe vlagskipmodel is die toonbeeld van 'n weelderige woonwa.

Teks **Leon Botha**

BorderX se nuwe Arte Edition skuur skouers met van die beste soortgelyke modelle in die land, en dit is danksy 'n besluit van die vervaardiger om raad van verskeie kenners in die bedryf in te win.

Die Arte is die vyfde wa in BorderX se reeks en is oor die laaste 18 maande ontwikkel. Dit is 'n dubbelasmodel wat losweg op sy Expedition-boswoonwa* geskoei is.

Vanwaar al die mense?

Werner Pretorius, eienaar van BorderX, sê vir dié wa het hy die kundigheid van argitekte, skokbrekerspesialiste, kragkeners, gevestigde name in die ys-vrieskasbedryf, uitswaaidakkeners en selfs wifi- en internetboffins nadergehoor en saam met sy eie vernuf ingespan.

Sy doelwit was om die wa se kragtige vermoë met die fynste detail aan te vul. Wouter Erasmus en Johann le Roux van Arte Architects was verantwoordelik vir die binne-afwerking, wat byvoorbeeld met Hansgrohe-krane, De-Niche-kombuis-en-badkamerware, vensters en blindings van Mathéo en paneelafwerking van Max on Top spog.

Die Arte is toegerus met onafhanklike vering met 'n nuwe volgarmstelsel wat BorderX self vervaardig. Werner sê die stelsel het ook Fox-skokbrekers met 'n aparte reservoir wat sorg vir hitte-regulering en bestendige demping op uitdagende grond-

paaie. "Die vering se Firestone-lugsakke sorg vir beter stabiliteit, wielbeheer en rygerief, ongeag die terrein."

Die Arte se Victron-kragstelsel bestaan uit 'n 3 000W-omskakelaar, 'n litiumbattery-vermoë van 600 Ah en 1 200W se sonkrag. Dit beteken jy kan sonder bekommernis die lugreëlaar (9 000 BTU en 220V) laat loop selfs al is jy ver van 'n kragpunt af.

Die wa word standaard toegerus met twee yskaste. Die SnoMaster-ys-vrieskas (81,5 l)

pas in die buitekombuis en 'n 65 l-vrieskas is binne, regoor die deur. 'n SnowMaster-ysmaker (20 kg) is ook ingesluit.

Die wa se unieke uitswaai-toepdak is pasgemaak deur Quick Pitch in Pretoria, maar die kersie op die koek is die Arte se internetstelsel van Teltonika wat aan selfoonnetwerke (GSM) en satelliet-tegnologie soos Starlink kan koppel. Dit beteken jy hoef jou nie meer te bekommer oor simkaarte of lugtyd as jy anderkant die grens gaan reis nie. >



BORDERX ARTE EDITION



AVONTUUR BEGIN IN WAT **JY DRA**

Beveg die hitte direk met avontuurdrag wat ontwerp is vir die elemente. Materiaal wat sonbeskerming bied, vinnig droog en duursame afwerking wat jou vrylik laat beweeg.

Outdoor
Warehouse
Dienste



**OUTDOOR
WAREHOUSE**

vir elke avontuur

SKANDEER WINKEL VINDER

vir jou naaste winkel of skakel tolvry 0800 007 261



OutdoorW




Outdoorwarehouseza



SPESIFIKASIES**

Model.....	Arte Edition
Slaapplek.....	2-4
Grootte.....	6,85 x 1,92 x 2,45 m
Tarra.....	1 800 kg
Dravermoë.....	400 kg
BVM.....	2 200 kg
As.....	Onafhanklik
Wielgrootte.....	17 duim
Onderstel.....	Vlekvrye staal
Romp.....	Heuningkoeksamestelling
Prys.....	R1 500 000 (volledig toegerus)



HANDELAARSNETWERK Hoofkantoor en aanleg in Centurion.

Kontak ☎ 012 055 5685 ✉ info@borderx.co.za 🌐 borderx.co.za



Wat is waar?

Die buitekombuis met al sy kaste en glyrame is in die linkerkant en die lugreëlaar is net agter die koppelstuk in die neus. Die deur is ook links, naby die stertkant, en die aparte badkamer regs wanneer jy in klim. Die stort-hokkie is heel links, die handewasbak voor jou en die toilet regs.

As jy omdraai en na die neuskant kyk, is die binnevrieskas regs onder by jou voete met die eethoekie langs. Die eethoekie kan platslaan as 'n enkelbed, maar as jy nog slaapplek nodig het, pas 'n stapelbed bo dit.

Die boonste bed is met gaas afgeskort en dus veilig vir kinders.

Tussen die eethoekie en die hoofbed op die punt is verskeie laaie ingebou.

Binne is daar direkte lig, maar die Arte het ook sagte lig wat versteek is agter 'n strook in die middel van die opwipdak. Dit werk goed saam met die wa se donker afwerking.

• Die BorderX Arte Edition word oor die naweek van 27 Februarie tot 1 Maart amptelik by die Woonwaskou in die Gallagher-konferensiesentrum in Midrand bekend gestel.



R1 500 000 BORDERX ARTE EDITION BVM 2 200 kg

VAN DIE MEDEDINGERS***

Vaandeldraers van ander vervaardigers met dubbelas-boswoonwaens



R917 447 CONQUEROR UEV-25

Slaapplek vir 4, gegalvaniseerde onderstel en BVM van 2 200 kg.



R1 058 000 MOBI LODGE QUATTRO

Slaapplek vir 4, gegalvaniseerde onderstel en BVM van 2 250 kg.



R1 084 110 OVERLANDER 590 CUSTOM

Slaapplek vir 2, gegalvaniseerde onderstel en BVM van 3 000 kg.

* Vanaf R695 000 en het slaapplek vir 2-6 mense.

** Die spesifikasies is vir die prototipe.

*** Soos gelys in die Koopgids 2025. Die prys is vir 'n standaardwa – hoe elke model toegerus word, verskil van vervaardiger tot vervaardiger.



KONTAK ONS
info@bushcosa.co.za
www.bushcosa.co.za
 +27 61 124 6258



*Hoofbeeld toon die LX27 daktent



STYLVOL

EKSKLUSIEF

BETROUBAAR



'n Droom kry wiele

Krafted Kampers is 'n nuwe wabouer, en sy Canyon 01-model is die resultaat van 'n jare lange droom.

Teks **Leon Botha**

KRAFTED KAMPERS CANYON 01

Dertig jaar lank het Stephan Theron sy brood en botter as industriële ontwerper in die vervaardigingsbedryf verdien, en die laaste vyf jaar het hy daarvan gedroom om sy eie wa te bou, iets wat uiteindelik gelei het tot die Canyon 01.

Die voordeel van kleiner waens soos dié is voor die hand liggend. Hy slaan in 'n kits op, jy het nie 'n sleepbewys nodig as hy 750 kg of minder weeg nie, en solank die wa met inloopremme toegerus is, kan jy hom met selfs die kleinste ryding sleep.

Die Canyon voldoen aan al drie dié vereistes. Volgens Anna Jacobs van Krafted Kampers het hulle die Suzuki Jimny in gedagte gehad toe hulle op die wa se gewig besluit het.

Unieke eienskappe

As jy in die mark is vir 'n traandrappelwa, is daar meer as 20 modelle om van te kies wat plaaslik vervaardig word. 'n Doodgewone bed-op-wiele met 'n deur aan elke kant en 'n kombuis in die stert gaan 'n model dus nie van die ander onderskei nie. Die geheim is unieke eienskappe wat die oog tref.

Die Canyon se vensters is opvallend. Daar's een in elke deur, nog een langs elke deur én een voor in die romp, bo die disselboom. Boonop is die ontwerp van die vensters tref-fend, want die deure s'n is vyfhoekig en die ander trapesiumvormig. En almal van hulle kan oopmaak.

Staan nader

Twee verskillende materiale word vir die vloer en die romppanele ingespan. Die vloer is van heuningkoekpolipropileen – 'n duursame en liggewig plastiek wat teen water en chemikalieë bestand is. Die sypaneel en dak is 20 mm breed en bestaan uit twee 1,6 mm-veselglaslae met 'n poliëteleen-tereftalaat-skuim (PET) binne. Die kaste word van ingevoerde berkelaaghout gebou.



Die dubbelbed is langer as standaard, en by die koppenent is USB-sokke, ligskakelaars 'n smal rakkie.


Die kombuis is basies net so ruim as 'n standaardwoonwa s'n en het 'n tweekompartiment-gasstoof bo in die kas wat op 'n glyraam onder die linkerkant van die werkblad uittrek. Die messegoed pas in die laai onder die stoof en daar is plek vir 'n draagbare omskakelaar onder dit. Die wasbak is van vlekvrystaal en is regs op die blad met 'n pottelaai onder. In die oorblywende gaping in die middel is plek vir 'n 50 ℓ-ys-vrieskas.

Hier is ook 'n twee- en driepuntkragsok en twee USB-sokke met die kruidenierswarekaste heel bo.

Maak dit jou eie

Jy kan besluit in watter kleur jy jou Canyon wil hê of jy kan sommer jou eie ontwerp kies. Anna sê hulle teken jou idee eers op die rekenaar tot dit presies lyk soos jy dit wil hê voor hulle jou wa daarmee opdollie. Dié diens is ingesluit by die prys.

Die Canyon is beskikbaar in 'n Basecamp- of Summit-variant. Eersgenoemde is basies



SPESIFIKASIES

Model	Canyon 01
Slaapplek	2 of 4 (met daktent)
Grootte	3,98 x 2,1 x 2,1 m (sonder daktent)
Tarra	550 kg
Dravermoë	200 kg
BVM	750 kg
As	1,6 t
Wielgrootte	14-16 duim
Onderstel	Gegalvaniseer
Romp	Heuningkoekpolipropileen-vloer en panele van PET-skuim met veselglasbuitelaag
Prys	Basecamp R225 000; Summit R325 000

HANDELAARSNETWERK Fabriek en kantore in Muldersdrift.

Kontak ☎ 068 625 9671 ✉ admin@kraftedkampers.co.za 🌐 kraftedkampers.co.za



toegerus en die Summit het al die katoeters waarmee jy selfversorgend kan kamp.

Die Basecamp se kombuis sluit in die wasbak, 'n gasstoom en -silinder en binne-langs die bed, kaste en ligte.

In die Summit is items soos 'n 50 l-water-tenk, gasgeiser, ys-vrieskas (50 l), 1 800W-

litiumbattery-omskakelaar, 100W-sonpaneel, 180°- of 270°-stoepdak met sypanele, stort-hokkie en daktent ingesluit.

Jy kan jou Basecamp met van die Summit se toerusting opgradeer en, as die gewig van jou sleepvoertuig dit toelaat, kan jy 'n Canyon sonder remme oorweeg. 🚗



R225 000 /
R325 000

KRAFTED KAMPERS
CANYON 01

BVM 750 kg

VAN DIE MEDEDINGERS*

Traandruppel-vervaardigers met minstens 2 modelle, remme standaard en 'n BVM van 750 kg



R165 000-R195 000 (5 modelle)

ROAD-TRIPPER

Staalonderstel en romp van skeepshouttussen-voegpaneel met staalplaatbuitelaag.



R242 500-R275 000 (3 modelle)

JETSTREAM

Gegalvaniseerde onderstel en veselglasromp.

* Soos gelys in die Koopgids 2025. Die prys is 'n aanduiding van 'n standaardwa – hoe elke model toegerus word, verskil van vervaardiger tot vervaardiger.

Plaaslike kragman

BAIC het bevestig hy gaan sy nuwe B30-sportnuts in Suid-Afrika bou. Cyril Klopper neem die syfers onder oë.

Die Chinese vervaardiger BAIC het sy B30-model in November verlede jaar hier bekend gestel en terselfdertyd aangekondig hy het R11 miljard belê in sy Coega-aanleg in Gqeberha. Die aankondiging strook met die maatskappy se filosofie dat hy voertuie vervaardig in die lande waar hy verkoop.

Wat het ons hier?

Die B30 op hierdie foto's is die topmodel, die Premium Adventure HEV AWD 1.5T Hybrid DHT AWD – omtrent 'n mond vol – maar daar is ook drie ander modelle wat slegs in die voorwiele aangedryf word, en twee van hulle kom sonder hibriede tegnologie klaar.

Die drie modelle en hulle pryse is die in-treestap-Elite Adventure (R519 000), Premium Adventure (R549 900) en Elite Adventure HEV teen R639 900. Die eerste twee gebruik 'n 7 spoed-dubbelkoppelaarratkas (DCT) terwyl die twee hibriede modelle 'n 2 spoed-toegewyde hibriede ratkas (DHT) kry asook twee elektriese motors – een voor en een agter.

BAIC sê sy selflaai-hibriede tegnologie – wat die “Magic Core Hybrid System” gedoop is – lewer 'n brandstofverbruik van so laag as 5,85 l/100 km terwyl jy tot 1 000 km kan

ry met die kleinerige 51 l-brandstoftenk. Versnelling van 0-100 km is glo binne 6,95 s in die sportmodus waarin die brandstofverbruik waarskynlik hoër gaan wees.

Ander ritmodusse sluit in standaard, eko, sneeu en “terrein”. Laasgenoemde modus lees outomaties die grondoppervlak onder jou en pas vanself die viertrekselsel aan om met 4x4-hindernisse af te reken.

Net soos ander weelderige sportnutse kry jy aanpasbare kruisspoedbeheer, baanhou-beheer, blindekolensensors, outomatiese

noodremme wat uitkyk vir voetgangers en diere in die pad, en die sitplekke is programmeerbaar om drie bestuurders se gunstelingposisie te onthou.

Wat van sy mededingers?

Wat selflaai-hibriede sportnutse betref, ding die B30 HEV mee met met die Toyota Corolla Cross 1.8 HEV, die Chery Tiggo Cross 1.5 HEV en die Haval Jolion Pro 1.5 HEV.

Al drie is goedkoper as die B30, maar hulle is ook effens kleiner en kan beskou word

SPESIFIKASIES

Model	B30 Premium Adventure HEV
Enjin	1 498 cc, hibriede viersilinder-turbopetrol
Krag	116 kW (enjin) + 130 kW voor / 55 kW agter (elektries) = 301 kW
Wringkrag	235 Nm (enjin) + 315 Nm voor / 135 Nm agter (elektries) = 685 Nm
Ratkas	2 spoed- toegewyde hibriede ratkas (DHT)
Brandstofverbruik	5,85 l/100 km (volgens vervaardiger)
Tenk	51 l
Gewig	1 770 kg
Asafstand	2 820 mm
Afmettings	4 730 (l) x 1 910 (w) x 1 790 mm (h)
Grondvryhoogte	215 mm
Nader- en vertrekhoek	24,5° en 30°
Wielgrootte	235/60 R19
Waarborg	7 jaar/200 000 km (algemeen)
.....	8 jaar/150 000 km (elektriese komponente)
Diensplan	7 jaar/90 000 km
PRYS	R689 900

BAIC B30



as kruisnutse eerder as ware sportnutse.

Die Toyota is die ligste op brandstof met 'n beweerde 4,3 ℓ/100 km en 'n reikafstand van 837 km. Hy word ook ondersteun deur Toyota se enorme handelaarsnetwerk. Die Chery Tiggo haal glo 5,4 ℓ/100 km en het dieselfde reikafstand as die B30 (1 000 km). Hy bied na ons mening die beste waarde vir geld, maar jy geniet nie die uitgebreide ondersteuning van Toyota nie. Volgens Haval kan jy 1 078 km ver ry met 'n Jolion op 'n verbruiksyfer van 5 ℓ/100 km. Die Jolion is die naaste aan die BAIC B30 wat luuks-hede en ruimte betref, maar hy vergelyk meer met die intreevlak-B30 Elite Adventure eerder as die BAIC B30 Premium wat jy op hierdie bladsye sien.



VAN DIE MEDEDINGERS Selflaai-hibriede rygoed vir grondpaaie



R439 900

Chery Tiggo Cross 1.5 HEV

Uitstekende prys gegewe die tegnologie wat hy bied.



R494 400

Toyota Corolla Cross 1.8 HEV

Hy bied gemoedsrus dat die volgende groot dorp 'n Toyota-werkswinkel sal hê.



R519 950

Haval Jolion Pro 1.5 HEV

Dieselfde weeldes as die BAIC B30, en Haval het 'n goeie reputasie.

Elke avontuur begin met **MEERKAT**

Duursame, betroubare toerusting – gemaak vir Afrika se ruwe skoonheid.



Ontdek ons volle reeks by meerkatoutdoor.com

+27(0)82 883 1297 I meerkatoutdoor.com

Jou baas se bussie

Die GAC M8 Master noem homself Suid-Afrika se eerste inprop- hibriede bussie. **Cyril Klopper** bekyk hom van nader.

Dalk het jy nog nooit van Salvador Caetano gehoor nie, maar hierdie Portugese voertuigmaatskappy vervaardig toerbusse en is ook die internasionale verspreider vir verskeie oorsese voertuigmaatskappye. Hy voer ook Chinese GAC-voertuie na Suid-Afrika in.

Die eerste GAC, die Emzoom-kruisnuts-voertuig, het in Augustus 2024 op plaaslike bodem aangeland. 'n Maand later het die groter Emkoo-sportnuts gevolg, en in November 2025 is hierdie inprop- hibriede bussie na ons land gebring.

Wat het ons hier?

Salvador Caetano sê die GAC M8 Master is Suid-Afrika se heel eerste inprop- hibriede bussie (in Engels afgekort tot PHEV MPV). Dit is ook GAC se luuksste produk in die land en derhalwe ook sy duurste teen R1,5 miljoen.

Vir daardie bedrag kry jy 'n bus met elektriesebeheerde deure, klankdigte ruite, geruislose lugreëling en sewe verstelbare leersitplekke met verhitte, verkoeling en 10 punt-massering vir al die insittendes.

Die M8 Master lyk of hy die gemaklikste toerbussie in die land gaan wees, maar ons kan hom nie werklik op die sink- plaatpaaie van die Kgalagadi-oor- grenspark sien rondry nie.



Jy gaan wel in uiterse gerief van jou woonhuis in Sandhurst tot by jou vakansie- huis in Umhlanga kan ry met die M8 Master – Yamaha se 8 luidspreker-klankstelsel met ADiGO-tegnologie sal daarvoor sorg!

Die hibriede stelsel lewer 'n reikafstand van meer as 1 000 km en GAC sê jy kan selfs 106 km op skoon batterykrag ry sonder om die binnebrandenjins aan te skakel. Versneling van 0-100 km/h is glo binne 8,8 s en die brandstofverbruik 8,8 l/100 km.

Veiligheidstelsels sluit in lugsakke regdeur die kajuit (selfs vir die heel agterse passasiers), aanpasbare kruisspoedbeheer, baanhoubeheer, outomatiese noodremme, blindekolsensors, kameras wat snelheidstekens lees en 'n blikbrein wat jou help om te parkeer. Trouens, die vlak 2- kunsmatige intelligensie help nie net met die bestuurwerk nie, maar kan glo voorspel as daar gevare voor is.

Die mees uitstaande kenmerk, en ons glo jy sal saamstem, is die enorme sierrooster. Dit lyk groter as 'n vragmotor s'n! Voetgangers gaan bontstaan uit vrees dat hulle ingesuij kan word wanneer jy met jou M8 Master aangery kom. >




GAC M8

ONTDEK DIE HEEL NUWE LEATHERMAN WAVE ALPHA



Kleur: Cascadia

Dis hier! Die uiteindelijke evolusie van ons internasionale topverkoper met 'n nuwe MagnaCut-lem, gebeeldhoude G10-skale, groter skêr en verbeterde ergonomie. Gebou vir diegene wat meer eis. Nou beskikbaar by gemagtigde Leatherman-winkels.



Kleur: Obsidian



Kleur: Canyonland



Wat van sy mededingers?

Geen mededinger is so flambojant as die M8 Master nie, maar kom ons oorweeg die Kia Carnival 2.2 CRDi SXL, die Mercedes-Benz V-klas V250d AMG en Volkswagen se Caravelle T6 Highline. Almal het sewe sitplekke, maar geen van hulle kan kers vashou by die M8 Master se weelderige sitplekke nie. Terloops, die GAC M8 word in China as die Trumpchi M8 bemark; dit sal ons nie verbaas as pres. Xi Jinping 'n Trumpchi M8 lughawe toe stuur om sy Amerikaanse eweknie te gaan haal nie.

Die AMG-weergawe van Mercedes-Benz se V-klas is dalk die naaste aan die M8 Master wat weelde betref, maar hy's swaarder op brandstof teen 'n beweerde 9,6 l/100 km. Met 'n topspoed van 206 km/h is hy egter die

haastigste in hierdie groep. Kia se duurste Carnival is R200 000 goedkoper as die M8 Master en hy gaan ook die suinigste te werk met brandstof (6,8 l/100 km). Die Carnival is ongelukkig nie so treffend as die M8 Master nie, maar hy's 'n beter keuse as jy nou en dan wil grondpad ry.

Die goeie ou Kombi is die maatstaf waarteen alle bussies gemeet word, en om goeie rede ook. Hy's die duurste in hierdie groep, maar mense is so lief vir hom dat die hoër prys blykbaar glad nie saak maak nie.

Ons dink die GAC M8 Master is 'n indrukwekkende ryding en daar is ongetwyfeld plek vir hom in Suid-Afrika, maar die hibriede tegnologie in hierdie bussie voel vir ons meer na 'n foefie as iets wat werklik nuttig is.



VAN DIE MEDEDINGERS Luukse sewesitplekbussies vir die langpad



R1 299 995 Kia Carnival 2.2 CRDi SXL

Hy's een van die lekkerste gesinsmotors wat daar is en hy ry soos 'n droom.



R1 496 235 Mercedes-Benz V-klas V250d AMG

Ons het met een van hierdie menere om Kyalami gejaag en hy't ons verstom.



R1 643 300 Volkswagen Caravelle T6 Highline

Hy's by uitstek die beste ryding om die Krugerwildtuin mee te verken.

SPESIFIKASIES

Model	M8 Master PHEV
Enjin	1 991 cc, hibriede viersilinder-turbopetrol
Krag	274 kW (140 kW enjin + 134 kW elektries)
Wringkrag	330 Nm
Ratkas	8 spoed-outomaties
Brandstofverbruik	8,8 l/100 km (volgens vervaardiger)
Tenk	56 l
Gewig	2 060 kg
Asafstand	3 070 mm
Afmetings	4 793 (l) x 1 893 (w) x 1 730 mm (h)
Wielgrootte	225/60 R18
Waarborg	5 jaar/150 000 km (algemeen)
.....	8 jaar/150 000 km (elektriese komponente)
Diensplan	5 jaar/100 000 km
PRYS	R1 499 900

powrtouch

CARAVAN MOVERS


GRATIS
5 JAAR
ONDERDELE & WERK
WAARBORG

MOEITELOSE VERSKUIWING


SEDERT 1990



Evolution (Enkelas)



Evolution (Dubbelas, 2 Motors)



Evolution (Dubbelas, 4 Motors)

KONTAK ONS
info@powrtouch.co.za
058 821 0189
www.powrtouch.co.za




Alles reg op Albertinia




Op soek na geelvetbiltong?
Loer in by die Aloe-deli op Albertinia.
Dis langs die Engen-vulstasie.

Albertinia is soveel meer as net 'n vinnige stilhouplek langs die N2 om tenk vol te maak op pad Tuinroete toe. Kom saal vir 'n dag of drie af – hier is twee ordentlike kampplekke.

Teks en foto's **Leon Botha**





“

Anderkant die hek daal die pad verder... en dan gewaar jy die staanplekke. By die vork hou jy links na die kampterrein toe.

”

As jy al op die N2 tussen die Kaap en Hartenbos, Mosselbaai of Knysna gery het, is jy waarskynlik goed vertrou met Albertinia. Die dorp is bekend vir sy aalwynprodukte en lê reg teen die N2, wat beteken dis gerieflik om vinnig by die Shell- of Engen-vulstasie stil te hou om brandstof in te gooi en bene te rek. En by albei vulstasies is winkels waar jy gerus kan inloer om die gasvryheid van die dorp te ervaar.

Die Aloe-deli is enige karnivoor se droom. 'n Groot bord bo die deur kondig die groot spesialiteit aan: Geelvetbiltong. Maar buiten die biltong en droëwors is hier verskeie ander soorte vleis en wors wat jy vir vanaand se braai kan kry.

By die Roosterkoekhoek langsaan kan jy 'n broodjie kry vir die laaste stukkie se ry tot in die kampplek. Jy kan verskillende vulsels kies soos kaas en konfyet, boerewors of 'n ribpattie en tamatiesmoor. Kry in elk geval 'n paar sonder vulsel (R13 elk) vir die vakansie.

Met dié lekker proviand aan boord draai jy nou jou rug op die N2 en ry af in

Stasiestraat tot waar dit doodloop. Draai regs in die hoofstraat en dan weer links in Malanstraat tot waar die grondpad buite die dorp begin. Dis net 2 km van die vulstasies af.

Van hier af is dit skaars 15 km tot by die eerste kampplek, die Gouritsrivier-gasteplaas. Daarna ry jy deur 'n klompie plaashekke tot jy naderhand by Bon Game se kampplek stilhou.


GOURITSRIVIER-GASTEPLAAS Plaas toe

Op die goeie grondpad uit Albertinia word jy omring deur vlaktes met berge doer voor. Kort voor lank sien jy aalwyne langs die pad, 'n lewensaar vir baie mense van die omgewing.

Dan duik die pad... en jy ry 'n nuwe wêreld binne. Van hier af is die pad smaller met die aalwyne wat amper bo jou wagstaan teen die tyd dat jy op die gasteplaas aankom.

Die plaashuis is voor jou. 'n Houtbordjie wys jy moet die pad links volg kampplek toe – hou die wêreld om jou dop, want dalk moet jy, soos ons, by die





KIES JOU KLEUR. Helder geverfde deure kikker die badkamers mooi op. Hier is 'n gesinsbadkamer, aparte toilette plus storthokkies. Die opwasplek staan eenkant.



plaashek opsy staan sodat Wells Nkubira die bokke kan deurjaag. Wells beduie in watter rigting jy kamp kan opslaan.

Regs van die hek staan 'n klompie skape op hok en links is 'n groter kamp met 'n bielie van 'n bul wat jou dophou terwyl werfhoenders skarrel om uit almal se pad bly.

Anderkant die hek daal die pad verder, en dan gewaar jy die staanplekke. By die vurk hou jy links na die kampterrein toe. (Die pad regs loop af tot by die rivier.) Vanaand slaap jy op die oewer van die 416km lange Gouritsrivier, met sy enigste eiland oorkant jou, vertel Kosie Sauerma van die gasteplaas. (Kosie is al die sewende geslag op die plaas.)

Die eerste staanplekke is gelyk-gemaakte kolle waar jy kan intrek net nadat jy ingery het, met nog keuses op 'n enorme grasperk verderaan, verby die badkamergebou.

Die rand van die grasperk kyk af op die rivier. Hier is 'n paar staanplekke langs mekaar ingerig met 'n klompie doring-bome. Buiten 'n rietafskorting hier en daar is die staanplekke nie afgeskort nie. Verskeie heldergeverfde naamplankies >

dui die staanplekke aan: Eenkant, Bandtrek, Vinknes, Lê Boom, Vaalmuishond en Fish Eagle. Ons het drie kragpunte gesien: 'n Paaltjie heel links met drie huissokke, en twee by die staanplekke waar jy inry. Onthou dus jou verlengkoord. Die krane staan lukraak rond, maar die water is nie drinkbaar nie.

By die staanplekke aan die regterkant is drie opgeboude vuurputte van klip. Daar is los braaidromme, maar volgens die reëls, wat in die badkamer opgesit is, moet jy 'n deposito van R100 betaal vir die rooster. Die een by ons staanplek het wieletjies en jy kan dit maklik rondstoot. Jy kan braaihout teen R100 per sak koop en hier is ook basiese items soos water, koeldrank en ys (1kg) beskikbaar, alles teen R15 elk.


Die badkamers is 'n lang gebou met deure wat in helder kleure geverf is. Dit staan op die agterste rand van die grasperk met 'n rietheining voor. Die eerste vertrek, 'n gesinsbadkamer, het 'n geel deur en is die ruimste. By die rooi en blou deure is 'n stort vir onderskeidelik mans en vroue. Die toilette is op die punt agter die laaste twee deure (oranje en groen).

Die eerste drie badkamers het langs die deur 'n opening waardeur jy oor die kampplek uitkyk – die muur is skouerhoogte en die opening strek tot teen die dak. Die storthokkies is oop, hier is 'n gasgeiser en daar's selfs vars blommetjies op die wasbak.



Die dubbele wasbak vir skottelgoed is sowat 20m van die badkamergebou af, onder sy eie sinkdak. Nog 'n entjie verder is 'n bamboesheining met 'n toilet agter 'n geel deur. Dis oop voor jou en jy kyk uit op die rantjie en die Valsrivier wat enkele meters verder by die Gouritsrivier aansluit.

Hier is ook ander verblyf as jy vriende het wat nog nie 'n woonwa het nie. Net anderkant die plaashuis is 'n houthuis – 'n toegeboude ou Jurgens Champion uit die jare tagtig – met die mooiste uitsig oor die rivier.

Op GoogleMaps lyk dit of daar net een toegangsroete tot hier is, maar hier is wel 'n openbare kortpad reguit terug na die teerpad toe, verduidelik Kosie. Hou reguitaan verby die plaashuis en die



ALMAL WELKOM. Jou ryding is geen verskoning om nie hier uit te kom nie, want selfs die kleinste stadskarretjies sal dit maak. En bring sommer die honde saam!



Net anderkant die plaashuis is 'n houthuis – 'n toegeboude ou Jurgens Champion uit die jare tagtig – met die mooiste uitsig oor die rivier.



Kortliks | Gouritsrivier-gasteplaas



Kampplek 13 gelyk staanplekke op gras met redelike koelte. Hier is losstaande braaiers en die kragpunte gebruik 'n huissok.

Ablusiegeriewe 'n Langwerpige gebou met 'n gesinsbadkamer, 'n stort elk vir mans en vroue, en 'n toilet elk vir mans en vroue. Die opwasplek staan apart van die gebou.

Prys Afhangend van die seisoen R300-R660 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense (o.3's bly gratis). Tot 6 mense per staanplek word toegelaat. R1 350-R1 800 vir die houthuis (2 mense).

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 11:00

Kontak ☎ 076 398 0892

✉ gouritsrivierguestfarm@gmail.com

🌐 grguestfarm.com

Naaste dorp? Albertinia 15 km.

Hoe lyk die pad? 15 km mooi grondpad van Albertinia af, maar hier is ook 'n kortpad van 7,6 km tot by die N2.

GPS S34.135844 E21.717892


Ry & Sleep sê Bring drinkwater en toilet-papier saam.

grondpad klim verder teen die aalwyn-begroeiende kop uit. (Terloops, jy kan die eerste koppie uitklim tot by die uitkyk-punt as jy 'n nóg beter uitsig oor die plaas wil kry.) Van hier af kronkel die Gouritsrivier links van jou, en kort ná jou vertrek kry jy die eerste van vier hekke. Dis 'n hoë hek met 'n kennisgewing wat waarsku teen vrylopende wild en jy moet seker maak die hek is toe agter jou.

Dis net 7 km tot by die teerpad en jy draai skaars 2 km van die bekende Gouritsrivierbrug af op die N2. Hierdie pad het min verkeer en jy sien die mooiste landskap rondom jou. Kosie sê 'n deel daarvan was vroeër jare deel van die transportroete tussen die Oos- en Wes-Kaap en dis ook waar die oumense die rivier oorgesteek het. Ons het selfs 'n springbok langs die pad sien staan. >



Jy hou by die parkeerplek 100 m
anderkant die kantoor stil en
stap die entjie terug.



BON GAME

Stille hoogtes

Die drie brûe wat in hierdie geweste langs mekaar oor die Gouritsrivier loop, het 'n merkwaardige geskiedenis. Die nuutste een is in 1978 voltooi en die N2 loop oor hom. Van die Kaap af lê hy regs, met die oorspronklike brug in die middel en die treinbrug die verste van jou af.

Die geboue onder langs die rivier, aan die ander kant van die treinbrug, is Bon Game waarheen jy op pad is. Die afdraai is 200m ná die brug en hier is 'n groot parkeerterrein nadat jy gedraai het. Hierdie leë parkeerplek was op 'n tyd deel van 'n geskiedkundige tydverdryf. Die eerste kommersiële reksprong in Suid-Afrika is hier aangebied totdat dit in 2008 gestaak is weens vrese oor veiligheid.

Met die eerste brug se inwyding in 1892 was die omgewing se goewerneur só in sy noppies daarmee dat hy amptelik versoek het om die dag tot vakansiedag te verklaar sodat Mosselbaai en Riversdal se mense ook die geleentheid kon bywoon. Destyds was die brug glo die naasgrootste struktuur van sy soort ter wêreld en die grootste betonvakwerkbrug in Afrika.

Jy ry verby die parkeerterrein en oor die reënspoor, en 250m ná Bon Game se ingang kom jy by 'n elektriese skuifhek. Dis nou minder as 600m tot by die kantoor, maar 'n redelike steil afdraande op grondpad lê voor. (Jy besef eers presies hoe steil dit is wanneer jy weer hier uitry – ons vermoed jy gaan sukkel met 'n voorwielaangedrewe sleepvoertuig.)

Jy hou by die parkeerplek 100m anderkant die kantoor stil en stap die entjie terug. Die grasperk voor die kantoor is in die boog van die pad 'n terras laer. Twee van die agt staanplekke is hier en hulle kragpunt is in die hoek oorkant die kantoordeur. Die oorblywende ses is aan die ander kant van die kantoor. Die wifi is gratis vir kampeers.

Die badkamers is in die gebou langs die parkeerterrein met afsonderlike geriewe vir mans en vroue. Tussen die twee is 'n onderdak-opwasplek. Ons het by die mansgeriewe ingeloer en hier is 'n aparte stort en 'n bad met 'n ingeboude sitplek.

Die parkie is oorkant die badkamers en netjies met 'n lae paaltjiesheining afgeskort. Hier is 'n lewensgroot skaakstel, 'n trampolien met 'n veiligheidsnet,

'n klouterraam met 'n swaai en glyplank, 'n houtwieggerd en 'n skuit vol sand met emmertjies.


Jy kan die plek deur 'n ring trek en dit voel omtrent of jy in dollars gaan moet betaal by Bon Game. Iemand het mooi gedink oor wat waar gebou moes word en dis opvallend hoe netjies en modieus die afwerkings van al die geboue en tuine is. Selfs die twee wildkykvoertuie staan mooi haaks langs die kinderspeelplek. 'n Amperse abstrakte staalkunswerk van 'n leeu staan langs die kantoor en lyk in die middagson soos die ware Jakob.

'n Reuseklok hang tussen twee pilare regoor die kantoor. Dit dateer uit die 19de eeu en was deel van die Bethanie-sendingstasie naby Edenburg in die Vrystaat.

Die Barney Barnato Bar & Cafe is ook hier, en die buitekant van die gebou is afgewerk met geriffelde sinkplaat wat herinner aan die huise van Pelgrimsrus.

Hier is 'n tweede keuse: Wild Camping, Bon Game se boskamp wat minder as 'n jaar oud is. Jy behoort hierheen te mik as jy vir 'n langer tyd kom bene rek.

Die boskamp is aan die oewer van >



TWEE GESIGTE. Die boskamp se geriewe (links) het 'n aardse afwerking, terwyl die badkamers by die gewone staanplekke uitgeteel is.



“

'n Reuseklok hang tussen twee pilare regoor die kantoor. Dit dateer uit die 19de eeu en was deel van die Bethanie-sendingstasie naby Edenburg.

”



die Gouritsrivier, en ondanks 'n paar kronkels loop die pad parallel met die rivier tot by 'n elektriese skuifhek. Ná die hek maak die grondpad 'n skerp draai na regs voor jy daal tot by die volgende skerp draai links. Ons is met 'n dubbel-kajuitbakkie en 'n dubbelaswa hier deur.

Hierna lê die boskamp in die lengte voor jou langs die rivierbedding met verskeie kampkolle op lieflike gras weerskante van die pad. Jy het maklike toegang tot jou staanplek en jy kan net so maklik op die verste punt omdraai as jy eers tot daar wil ry. Die bome staan ruig en jy het nie 'n oop uitsig oor die rivier nie, maar as jy oor die lengte van die kampplek in die rigting van die brûe kyk, sien jy al drie alte mooi.

Al is dit 'n boskamp, is dit darem nie heeltemal gestroop van geriewe nie. Jy kamp op 'n netjiese grasperk en hier is 'n beskeie parkie met twee swaaië en 'n klouternet vir die jong klomp.

By omtrent elke derde staanplek is 'n kamplig op 'n houtpaal wat saans outomaties aanskakel. Die lig is nie te skerp nie en die natuurlike atmosfeer word glad nie versteur nie. Die krane is netjies versteek in klein klippilare en staan saam met die vullisdromme langs van die lamppale.

Die badkamergebou pas mooi by die omgewing in en die netjiese klipwerk verdien 'n pluimpie. Hier is vier gesinsbadkamers langs mekaar met 'n onderdakstoep voor.

Die mure van die badkamervertrek is nie geverf nie, maar die rou pleisterwerk pas goed by die aardse voorkoms. Dis afgerond met regop houtpaaltjies tot teen die dak.




Die vertrek word met 'n glaspaneel in twee verdeel met die toilet aan die een kant en die oop storthokkie aan die ander. Die wasplek is ruim en die stortkop is teen die dak bo jou. 'n Donkie sorg vir warm water en die oordmense

hou die vuur aan die gang sodat jy gerieflik kan stort.

Die opwasplek is langs die donkie en het ook sy eie karakter. Die trog is van klippe wat losweg gepak is met 'n betonblad langsaaan. Jy kan dus nie 'n wasbak vol water tap nie – 'n slim manier om spaarsaam te werk met water. Terloops, die water kom van die rivier af en moenie gedrink word nie.

Regoor die badkamergebou is 'n lewensgetroue beeld van 'n otter, die handewerk van Ulrich Uys, die man wat jou vergesel op jou wildrit. Jy mag nie self op die stuk grond van 110ha rondry nie, maar as jy meer van die reservaat en sy wilde diere wil sien, bestee maar 'n paar rand ekstra.

Hier is 11 boksoorte en die kans is baie goed dat Ulrich de laaste een aan jou gaan voorstel terwyl julle vir twee uur rondry. Die roete neem jou verby die hoofgeboue en later op teen die koppe. >



"MAK" WILD. Hier is 11 boksoorte te sien by Bon Game en geen ouens wat jou vir 'n ete sal aansien nie. Die leeu by die kantoor kom die naaste daaraan, maar dis 'n kunswerk wat van staal gemaak is.





Kortliks | Bon Game



Kamptek 8 oop staanplekke sonder koelte op gras rondom die kantoor (met krag en wifi), en 'n boskamp met 15 staanplekke langs die rivier sonder krag – ook op gras en met koeltebome.

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou met afsonderlike geriewe vir mans en vroue by die gewone staanplekke (hier is 'n opwasplek), en 4 netjiese gesinsbadkamers in die boskamp waar die warm water uit 'n donkie kom.

Prys Afhangend van die seisoen R564 of R660 vir 4 mense. Bykomendes betaal R100 p.p.p.n. in die boskamp en R120 p.p. vir die gewone staanplekke.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 📧 info@bongame.co.za


☎ 076 980 6841 🌐 bongame.co.za

Naaste dorp Albertinia 16 km.

Hoe lyk die pad? 880 m mooi grondpad met 'n steil deel tot by die kantoor en 700 m plaaspad tot in die boskamp.

GPS S34.182653 E21.753646

Ry & Sleep sê Die wildrit kos R550 p.p., maar as jy drie nagte oorbly, is dit gratis.



“

Die rit loop ten einde by die Gouritsrivier waar die water onderdeur die brûe loop.

”







Jy sien die droë loop van die Stinkrivier – Ulrich verduidelik die rivier vloei net elke agste jaar. Hy sê die naam kom van die stank van al die gefermenteerde materiaal wanneer die water uiteindelik begin loop.

Jy sien elande, wat volgens Ulrich vir tot vier dae sonder water kan oorleef en hulle liggaamstemperatuur kan reguleer. Dan sien jy ook njalas, of “ixala” in Zoeloe. Nóg bokke volg, en jy leer iets nuuts oor elkeen. Die swartwitpens behoort tot die subspesie algemeen bekend as perdebokke. 'n Jong springbokie, skaars twee weke oud, skuil naby sy ma, 'n klompie swartwildebeeste lyk net so tuis as op die Vrystaatse vlaktes. Nadat ons 10 van die 11 boksoorte gesien het, hou Ulrich stil by 'n karooboerboon waar jy 'n mooi uitsig het oor Bon Game en die geboue daar ver met die brûe daaragter.


Die rit loop ten einde by die Gouritsrivier waar die water onderdeur die brûe loop. Dié slag maak 'n kolgans sy verskyning en Ulrich sê hy noem hulle die seemeeue van die Gourits.

Jy slaap anderkant die heining van Bon Game in die boskamp. Dis dus te verstane dat 'n mens skrik wanneer 'n vreemdeling teen skemertyd uit die niet verskyn. Ontspan, dis die sekerheidswag wat hom voorstel as Ivan. Hy parkeer sy voertuig naby die klouter-raam en jy sien hom gereeld op en af stap tot jy gaan inkrui.

In die agtergrond is 'n mens tog bewus van die verkeer doer ver oor die brug, maar dit is glad nie sturend nie en snags bedaar dit heeltemal.



AGTERMEKAAR. Hier is 'n ietsie vir almal: Van gewone tot bosstaanplekke, verskeie boksoorte, 'n netjiese restaurant en gawe speelplek vir die kinders.



Skop stof op



Vleisfees toe

Die nuwe Renault Duster het 'n groot paar skoene om vol te staan. Sy voorganger was 'n stapelvoertuig vir kostebewuste kopers, veral onder pasafgetrede avontuurlustiges wat die laaste keer karkoop. Ons ry met hom Vleisfees toe om te kyk hoe hy vaar.

Teks en foto's **Peter Frost**





“

Met elke avontuur het ons opnuut probeer vasstel waar die Duster se perk is. Ons het nie sukses hiermee behaal nie.

”



Die eerste keer voor die stuur van die eerste Duster vergeet 'n mens nie maklik nie. 'n Mens kan seker nou maar erken dié ryding is destyds nie vreeslik ernstig opgeneem nie. Sommige mense het selfs gelag by die gedagte van dié nuweling wat probeer om 'n stukkie van Subaru se grondpadkoek te kry.

Hy was goedkoop, amper belaglik bekostigbaar, en dit het ongetwyfeld in sy guns getel, maar 'n mens was vas oortuig die krake sou begin wys wanneer jy van die teerpad afklim en moeiliker paaie aandurf.

Wel, toe nie. Die Duster het laaste gelag. Reg bo in die Bainskloofpas was daar destyds 'n uitdagende paadjie links af wat sedertdien gesluit is. Dié pad het jou tot by 'n ongelooflike uitkykpunt gelei waar jy 'n allermooi kiekie van dié jong Fransman kon neem. Ons is sonder om te veel daaroor te dink met dié pad af waar ons die foto geneem het. Met die omdraaislag besef ons die opdraande terug is ongemaklik steil met baie los gruis. Dit sou dalk te veel gevra wees vir die onbekende Duster.

Van die besluit om solank iemand te bel, net ingeval ons vasval, kom daar ook dadels, want hier is nie selfoonsein nie. Eisj.

Al wat jy nou kan doen, is om daai Red Bull af te sluk, jou grootmensonderklere aan te trek, die Duster se vier-trek te haak, vet te gee en vas te klou. Tot almal se verbasings, selfs die verwarde toeris wat ons sien aankom met die vraagtekenkyk in sy oë, klouter die Duster moeiteloos terug tot op die R301.

Dit was die begin van 'n pragtige vriendskap wat ons gereeld reg oor die land geneem het. En met elke avontuur het ons opnuut probeer vasstel waar die Duster se perk is. Ons het nie sukses hiermee behaal nie. Jy sou ons dikwels in meedoënlose gebiede aantref waar ons op ons tyd aankarring op soek na die volgende uitkykpunt of aftrekplek. 'n Daktent bo, honde op die agtersitplek, ketels en kampstoele in die bagasiebak en ewe veel gemoedsrus as opwinding.

Dis nou 12 jaar later en die wêreld – en Renault – het aangebeweeg. Diesel is nou 'n vloekwoord, nuwe voertuie word met beïnvloedings in gedagte ontwerp, eenvoudig gee aanstoot en niemand kan 'n nuwe kar bekostig nie. Die Duster het in die proses ook grootgeword en ontslae geraak van daardie ongelooflike 1,5ℓ-turbodieselenjin ten gunste van 'n klein turbo-aangejaagde petrolienjin. Buitelangs is hy ontrimpel en binne het sy inligting- en vermaakaanbod ook 'n nuwe baadjie gekry. Hy lyk of hy alte tuis kan wees op 'n loopplank in Parys of Milaan, maar wat van die teenoorgestelde pool? Wat van die Noord-Kaap? Sal die Duster ewe tuis wees by Calvinia se Vleisfees?


Daar is net een manier om uit te vind, en daarom het ons 'n roete bedink waar die Duster op vinnige teerpaai sou ry, maar ook meer uitdagende teerpaai, moeilike grondpaai én paai wat 'n mens lief moet vermy.

Uit Kaapstad ry ons noord oor Piketberg, draai regs by Vanrhynsdorp en ry verby Bagdad Cafe, oor die pas, deur Nieuwoudtville tot op Calvinia om dié dorp se Hantam >

“

Dit verander nie veel van jaar tot jaar nie,
wat deel is van die sjarme.

”



KARNIVAL VIR KARNIVORE. 'n Mens moet minstens een keer in jou leeftyd die Vleisfees op Calvinia beleef. Dié besondere dorp ontvang jou hartlik en bars omtrent vir die naweek uit sy nate met almal wat kom inloer om saam te kuier, die vriendelike dorpsmense te ontmoet, besienswaardighede te besoek en weg te lê aan al wat 'n vleisgereg is. Boonop is die reis hierheen ook een wat in elk geval op jou lysie hoort.



Vleisfees saam met ou vriende te geniet. Daarna ry ons na Williston, af na Fraserburg, Merweville, Laingsburg, die Koovallei en dan oor Worcester terug huis toe. Dit is amper 1000 km... net genoeg om te kyk van watter stoffasie die nuwe Duster gemaak is.

Die eerste indrukke was goed en 'n mens voel effens verlig. Die outjie wat ons getoets het was die Zen, die Duster se vlagskipmodel met sy turboaangejaagde 1,2ℓ- hibriede enjin. Dit is die enigste van die modelle met 'n handratkas en vierwiel aandrywing (wat jy met 'n draaiknop in die middelkonsole aktiveer). Die ander twee modelle het outomatiese ratkasse en kry die 1,2ℓ-driesilinderturbo-enjin wat jy

ook in die Renault Clio en Captur sien.


Dit is 'n wonderlike toervoertuig op teer- én grondpad. Jy hoor skaars die enjin, dit voel of die vering spesifiek vir die langpad ontwerp is, terwyl die grondvryhoogte van 217 mm beslis help. Dis lekker om hom te bestuur. Sommer baie lekker, want die hantering is flink en skerp en in die pas met die vering.

Wanneer die Duster op dreef is, kan jy nie anders as om aan 'n kameelperd op volle vaart te dink nie, en enige vrese oor die nuwe enjin se krag word met elke kilometer wat jy ry, verder en verder besweer.

Dit is opmerklik hoeveel gunsteling-eienskappe van die vorige dieselenjin in die hibriede petrolenjin is. Dit is danksy

die flinke ratkas waarmee jy moeiteloos van ratte verwissel, die relatiewe groot turbo en die manier hoe die elektriese motor by tye inspring om handjie by te sit wanneer dit nodig is. Dit beteken die enjin is stil teen 'n hoë spoed en daar is hope krag wanneer jy dit nodig het en die turbo laat sing. Dis wat 'n mens goeie langpadmaniere vir 'n ryding noem. Hoewel ons eintlik verwag het om die dieselenjin te mis, was dié gedagte lankal vergete toe Calvinia in die voorruit opduik.

Die Vleisfees is Calvinia se jaarlikse karnivoorkarnaval waar die plaaslike gemeenskap, die boere van die omgewing en mense van heinde en ver byeenkom



om vleis te eet, bier te drink en te kyk hoe 'n klomp antieke trekkers in Hoopstraat parade hou. Dit verander nie veel van jaar tot jaar nie, wat deel is van die sjarme. Dieselfde kerkbasaar, dieselfde span mense wat pannekoeke en gehekelde sokkies verkoop, dieselfde sere-moniemeester by die skouterrein wat dieselfde grappies vertel...

Dis 'n plesier om die mense dop te hou wat duidelik die eerste keer hier kom kuier terwyl hulle aflaai, uitpak, rondslenter, en dan die verstomde uitdrukking van vreugde op hulle gesig te sien wanneer hulle besef hoe klein die dorp eintlik is.

Ons het buite die dorp gaan wag om te kyk hoe die peloton antieke trekkers van

Ceres se kant af naderkom, geduldig op die Tankwa se R355-pad draai in 'n waas van diesel en Old Spice, met die glorie van waarderende toeskouers en 'n yskoue brandewyn en Coke om die draai. Dit was 'n spesiale oomblik om hulle te sien terwyl hulle buite die dorp bymekaarkom, hulle beste kakieklere afstof en voorberei vir die laaste entjie dorp toe.

Dis magies om hier in die Hantam-Karoo te wees. Die mense, die ruimte, die geluide. En daardie kenmerkende skerp reuk van die veldblomme.

Ons is eerlik as ons sê die Vleisfees is nie die soort byeenkoms waar jy noodwendig die h le naweek deurbring nie, tensy jy pannekoek verkoop of nie omgee

om vleis vir ontbyt, middag- en aandete  n saam met jou oggendkoffie en middag-tee te geniet nie.

Wanneer jy dit dus genoegsaam beleef het, kan jy koers kies na die Hantamberg se ander juweel, die Akkerendam-na-tuurreservaat wat aan die voet van die bergreeks noordwes buite die dorp l .

Die tyd staan stil hier op die westelike deel van die Groot-Platorand, waar die ho  Roggeveldplato na die vlaktes van die Hantam val. Hier beleef 'n mens die ewigheid soos jy n t in Suid-Afrika kan. Die Duster het ons deur die blomme geneem, tot by die dam self waar ons in 'n hoef-yster gedraai het toe die vreemde grys lig na vuilpienk verander voor dit donker >



“

Dis 'n effense verligting om die skares van die Vleisfees agter te laat en die verlatenheid van die Karoo-Hoogland terug te verwelkom.

”





DIE LANGPAD ROEP. Die groot en wye ooptes van die Hantam-Karoo hou 'n spesiale bekoring in en dis wanneer jy langs die grondpad stilhou en die reuk van die veldblomme ervaar dat jy besef hoe spesiaal dit is.



geraak het. Hier was nie 'n siel nie. Geen beweging nie. Hantam-terapie is waarlik medisyne vir die siel.

Die Renault moes diep grawe, en teen heuwels op en dale af het die vierwiel-aandrywing oortyd gewerk. Dit was die bande wat eintlik die grootste beslommernis was, want Cross Contact Continentals is eenvoudig nie opgewasse vir rowwe toestande nie. As jy hulle met veldrybande vervang, ruim jy enige kommer uit die weg en dan sal die Duster selfs Everest, of ten minste Toringkop se voorheuwels, baasraak.

Die munt het uiteraard twee kante en die Continentals is 'n uitstekende keuse as jy hoofsaaklik op teer of goeie grondpad gaan ry.

Dis 'n effense verligting om die skares van die Vleisfees agter te laat en die verlatenheid van die Karoo-Hoogland terug te verwelkom. Draai net voor Williston van die R63 af en klim op die R353 na Fraserburg, wat onlangs geteer is. Wel, ons sê geteer, maar dit voel meer asof iemand bloot die swart lint haastig bo-oor die landskap neergeplak en huis toe gegaan het, eerder as om 'n bietjie te dink oor hoe om te roete te beplan.

Die gevolg is 'n stuk pad wat jou nogal kan laat skrik met hoe vinnig hy styg en daal en wat jou op plekke laat voel of jy aan 'n tydren deelneem. Dis nietemin baie pret om hier met die wakker en baie bekwame Duster te ry.

Hier was nie veel op Fraserburg nie, maar ons fokus was in elk geval op twee ander dinge: die Theekloofpas van die platorand af, vir jare al 'n gunsteling, en middagete en koffie by Die Boekklub op Merweville, wat om 14:00 sou sluit.

Ons loop amper middagete mis want op pad hierheen kom ons 'n gewone dikstertskerpioen en 'n bloubeenduisendpoot teë wat vir groot opwinding sorg. En jou opnuut laat besef die Karoo is, ondanks die oënskenlike verlatenheid, die tuiste van soveel fassinerende dinge.

Merweville is ure van enigiemand en enigiets af en het 'n amperse Nieu-Bethesda-gevoel aan hom. Dis 'n plek wat spesiaal is vir sy boorlinge, maar tog kan besoekers nie anders as om versot te wees daaroor nie. Die Boekklub is die middelpunt en 'n mens is verbaas dat hy op so 'n klein dorpie floreer. Die dorp se ander skat is Cindy's Cottage, wat eens die tuiste was van Cindy Spencer, stigter van die Bryanston -organiese mark. >

Die kans om asem te skep ná die holdestebolder laaste 110km van Fraserburg af is baie welkom. Nie dat dit vir die Duster harde werk was nie. Op die grondpad voel hy stewig en uiters selfversekerd, en veel meer soos die Duster van ouds eerder as 'n beïnvloeder se speelding.

Sy brandstofverbruik verdien ook 'n pluimpie, want ons het op die vinnige dele 7,5 l/100km gekry, wat glad nie sleg is nie gegewe die swaar regtervoet en wind van voor. Op die teerpad spog hy maklik met 6,5 l/100km, nie heeltemal so goed soos die diesel van ouds nie, maar ook nie sleg nie.

Met die gotiese argitektuur van die Merweville-herlewingskerk in die truspieël is dit 'n stryd teen die horlosie om voor donker by die huis te wees.

Hulle sê die algemene reël van toer is om die dinge wat jou oog op die laaste

dag tref eerder te ignoreer ten gunste van jou bed. Maar as jou roete jou met die Engelsman se pad uit Merweville na die N1 neem, hoe dan anders om 'n rukkie lank stil te hou? Hier is een van die mooiste dele van die Karoo wat deur die Koup na Laingsburg kronkel langs die voetheuwels van die Komsberg.

Ná die saligheid van die Koup-pad is daar eintlik nie woorde om te beskryf hoeveel aanstoot die N1 'n mens dan gee nie, en tussen die verkeer wat al hoe meer toeneem hoe nader ons aan die huis kom, begin 'n mens wonder oor die Duster se handratkas en hoe min sin dit maak. Die outomatiese ratkas in die ander modelle is ongetwyfeld die beter keuse in stadsverkeer. Dié ratkas met sy dubbelkoppeelaar verwissel glad tussen die ratte en vat raak met die een wat hy kies vir waarmee jy besig is.

Ons kom veilig tuis en neem 'n dag of

drie om oor die ervaring in die Duster te dink. Renault kon daarin slaag om voort te bou op die fondament wat sy vorige Duster-modelle gelê het in terme van ryvermoë, brandstofverbruik en ritgehalte. Jy raak sy elektroniese katoeters gou baas en die materiale en afwerking is hard, maar gemaklik met die minimum gerammel wat pla.

Hy is so ruim soos sy voorganger, en die beste van alles is dat die Zen-model jou nie om elke hoek en draai met 'n hulpmiddel of veiligheidsverstelling teister wat jou tot waansin kan dryf nie. Dis belangrik wanneer 'n mens oor jou toerker gesels – hy raak nie histeries as jy 'n deur oopmaak nie, sluit nie elke keer wanneer jy stilhou nie (jy kan die outomatiese sluitfunksie afskakel, hoera!) en weier nie om te beweeg as jy begin wegtrek sonder om jou veiligheids gordel vas te maak nie. Dit klink alles na klein irritasies, maar dit raak erger wanneer jy op reis is. Bowenal is die nuwe Duster 'n motor waarmee jy goeie vriende kan maak, net soos sy voorganger. Jy sal binnekort jou volgende reis beplan. 📍

“

Hier is een van die mooiste dele van die Karoo wat deur die Koup na Laingsburg kronkel.

”



SPESIFIKASIES

Model	Renault Duster 1.2T-hibried Zen 4WD
Enjin	1 199 cc diesilinder turbo-aangejaagde hibried
Krag	96 kW @ 4 500 r.p.m.
Wringkrag	230 Nm @ 2 000 r.p.m.
Ratkas	6 spoed-handrat
Aandrywingstelsel	Deeltydse vierwielaandrywing
Grondvryhoogte	217 mm
Nader- en vertrekhoek	31° en 36°
Tenk	50 l
Brandstofverbruik	7,1 l/100 km (getoets)
Bandgrootte	215/60R18
Gewig	1 495 kg
Laaivolume	444 l
Afmetings	4 343 x 1 921 x 1 661 mm
Sleepkapasiteit	719 kg
Veiligheidsgradering	3-ster (Euro NCAP)
Waarborg	5 jaar/150 000 km
Diensplan	3 jaar/45 000 km
PRYS	R549 999

STEEDS 'N RAAKVATTER. Die Renault Duster oortref al sedert sy bekendstelling verwagtinge, en in sy jongste gedaante is dit beslis ook die geval. Hy is nie net bekostigbaar nie, maar ook sag op die oog en 'n baie bekwame vakansiemotor en veldryer. Dis goed om te sien die vervaardiger het nie gekarring nie.



Kruip luuks weg

Soms raak 'n mens moeg vir die mensdom, en dan is die enigste raad om te gaan kamp op 'n plek waar dit voel of jy alleen is. Hier is vyf klein kampplekke waar elke staanplek sy eie kombuis- en badkamergeriewe het.

Saamgestel deur **Schalk Jonker**



Kortliks | Letsatsi-lodge



Kampplek 12 luukse staanplekke met van die beste geriewe in die land.

Ablusiegeriewe Jou eie – jy het ook 'n volledige kombuis en badkamer.

Aankoms- en vertrektyd Tussen 13:00 en 14:00, en 10:00.

Kontak info@letsatsilodge.co.za

ncfamouslodges.com/letsatsi-lodge/


027 219 2828

Naaste dorp By Vanrhynsdorp.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek en grys nadat jy ingery het.

GPS S31.607173 E18.727242

Ry & Sleep sê Wanneer jy inboek ontvang jy ook 'n strokie as bewys vir 'n vars broodjie wat jy vanaand op jou staanplek kry én gratis beskuit en koffie môreoggend by die restaurant.



LETSATSI-LODGE, VANRHYNSDORP

Met jou aankoms wag Letsatsi-lodge se vriendelike personeel jou in met die sleutels vir jou kombuis en badkamer en die aanwysings tot by jou staanplek.

As jy dalk op pad hierheen besef het jy het nog iets nodig vir vanaand se braai, sal jy waarskynlik geholpe raak by die winkeltjie links van die kantoor, wat onder meer vleis, drank en 'n verskeidenheid lekkergoed verkoop. Die lodge het ook sy eie eetplek, die Red Ox-steakhouse.

In die kampterrein is al 12 staanplekke identies met groen gras vir jou tent of wa, maar nr. 12 se badkamergebou lyk effens anders omdat daar ook 'n waskamer is.

Die staanplekke is langs ses geboue wat

drie-drie in gelid staan; 'n lae wit paaljiesheining skei jou staanplek van jou bure s'n. Hier is geen koeltebome by die staanplekke nie, maar die deel van die gebou aan jou kant is nie net jou eie kombuis en badkamer nie, maar ook 'n onderdakstoep met teëls.

Langs die afdak in die oopte is 'n verheewe staalvuurbak en 'n stewige stomp met 'n plat kant daarnaas wat as sitplek dien. Jy het ook 'n ingeboude braaiplek op jou stoep en 'n tafel met vier stoele. Op die blad langs die braaiplek staan van jou braaitoerusting in plastiek toegedraai: 'n Toeklaprooster, 'n staander vir die rooster, vuuraanstekers en selfs vuurhoutjies.

In die kombuis verstaan jy waarom Letsatsi met die heel luuksste kampplekke in die land vergelyk kan word: Buiten die yskas is daar ook 'n mikrogolfoond, induksieplaat, elektriese ketel en prutpot. Daar is ook 'n kastrol, pan en braaibak, borde en eetgerei en selfs sout, peper en speserye. Daar is verskeie muursokke wat insluit twee- en driepuntsokke plus twee USB-sokke.

Die badkamer is ruim met 'n inlooptort, toilet, wasbak en genoeg pakplek. Die ronding wat jy van buite af in die gebou sien, is nie 'n sink-watertenk nie, maar jou buitestort. 'n Gasgeiser sorg vir die warm water.

JACKALBERRY RIDGE, MARLOTHPARK

As jy 'n besoek aan Marlothpark in gedagte het, beplan jou datums rondom die beskikbaarheid van verblyf by Jackalberry. Hier is wel net twee staanplekke, maar wanneer jy hulle sien, mis jy dit vir geen geld ter wêreld nie.


Hier is privaatheid, ruimte, 'n praktiese braaiplek, jou eie plonspoel en 'n eie badkamer wat jy net by 'n vyfsterkampplek sou verwag.

Ons staanplek – op die deel waar jy die woonwa kan intrek – is 'n goeie 10 x 15 m groot met koelte nader aan die heining. Soos jy van die padingang na die staanplek kyk, is daar heel links nog 'n skoongemaakte kol – dit is plek vir jou sleepvoertuig. Die plonspoel links aan die agterkant van die staanplek het 'n veiligheidsnet oor.

Die braaiplek is in die middel agter en is omtrent 'n braaistatie. Dis 'n ronde betonaltaar met 'n deursnee van omtrent 1,5 m. 'n Ploegskaar is op die een kant in die beton versink sodat die rand daarvan gelyk staan met die beton. Langs die skaar is die staalarm met die verstelbare ronde braairooster wat dan oorswaai. Hier is ook 'n los skaar met 'n handvatsel aan die boepens kant. Dis 'n deksel wat jy oor die onderste skaar sit om die kole vir die aand te smoor. Hier staan ook 'n los reghoekige braairooster met sy eie pote wat langs die versonke skaar kan pas en waarheen jy kole eenkant toe kan krap.

Die badkamergebou het drie dele: 'n onderdakstoep met oop sykanale, die badkamer self en 'n opelugstort op die verste punt. Die stoep is groot genoeg vir 'n familiesaamtrek en hier is etlike drie-puntkragsokke én selfs 'n dakwaaier.

Aan die kant waar jy die badkamer binnestap, is drie deure langs mekaar. Die twee op die punte is soos klein instapspense, en die middelste deur gee jou toegang tot die badkamer. Die vertrek is enorm en afgewerk met swart leiklippteëls. Die keramiekwasbak staan op 'n marmerblad en die oop stort langsaan met 'n glaspaneel aan die een kant is groot genoeg om al die kroos gelyktydig skoon te skrop. Op die verste punt maak 'n deur met badkamerglas oop na die buitestort. Die muur rondom is ook met leiklip geteël en met die blou hemel bo jou kan jy beswaarlik nader aan die natuur kom.



Kortliks | Jackalberry Ridge



Kampplek 2 ruim private staanplekke in die bos, elk met 'n plonspoel, badkamer en opwasplek en 'n innoverende braaiplek.

Ablusiegeriewe Jou eie – en van die beste in die land.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00 (buigsaam in stil tye).

Kontak ☎ 072 057 3447 🌐 dreamresorts.co.za 📧 jackalberry@dreamresorts.co.za

Naaste dorp Op Marlothpark.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier en grondpad in die oord.

GPS S25.348096 E31.783740

Ry & Sleep sê Die oordmense gee vir jou 'n afstandbeheer vir die valhek wanneer jy aankom. Die grys knoppie daarop is vir die hek en die rooie vir die sekerheidsmense en ambulans. >

NYANI-LODGE, DINOKENG

Die Nyani-lodge lê langs die De Wagendriftpad (D1333) binne die groter Dinokeng-reservaat, maar buite die deel waar die Groot Vyf en ander diere vry rondloop.

Nyani se kampplek is in die lodge se wildkamp geleë, maar jy hoef nie bekommerd te wees oor veiligheid nie, want hier is net kleinwild en die leeu wat jy hoor gesels, is by die Kevin Richardson Wildlife Sanctuary 'n entjie weg.

Die kamp is klein met net ses staanplekke. Maar jy kamp luuks, want elke staanplek het 'n gebou met jou eie badkamer en kombuis.

Nyani se bekoring lê in die rustigheid en stilte. Hier is nie dinge soos 'n swembad, kinderspeelplek, kampwinkel en DSTV by die kamp nie; dit is nét jy, die

veld en wild en vyf ander kampeerders. Die staanplekke is 'n entjie uitmekaar en hier is nie aangeplante gras nie; jy kamp op grond. Die boskamp is boomryk en in die somermaande is hier genoeg skaduwee.

Staanplek nr. 1-3 het 'n uitsig op die veld, en nr. 4-6 lê agter hulle. Die geboue is só versprei dat die kamp nooit beknop voel nie. Die staanplekke is gemiddeld 20 x 20 treë groot en jy kan jou grondseil op die deel met gruisklippies ('n goeie 8 x 10 treë) gooi.

Die badkamer is nie baie groot nie, maar voldoende. Die stort het nie 'n stortdeur of -gordyn nie, en daarom spat die water tot in die deel waar jy aantrek. 'n Gasgeiser sorg vir warm water.

Hier is 'n spieël bo die wasbak, jy het

hakies om jou klere op te hang, en daar's neersitplek in die stort vir seep en sjampoe. Die toilet is aan die teenoorgestelde kant van die stort. Die LED-liggie buite bo die deur werk met sonkrag en brand deur die nag.

Die kombuis is onder dak en heelwat groter as die meeste kombuise by kampplekke. Jou kamptafel en vier stoele pas gerieflik in én daar's nog genoeg ruimte om rond te beweeg. Hier is ook 'n ingeboude braaiplek.

Langs die skottelgoedwasbak is 'n werkoppervlak van beton met pakplek vir jou ammokiste onder. Een driepunt- en drie tweekantokke is bo die toonbank en die blou sok sit teen die buitemuur, langs jou staanplek. Hier is ook 'n vullisdrom.



Kortliks | Nyani



Kampplek 6 luukse staanplekke op grond en met baie skaduwee.

Ablusiegeriewe Jou eie badkamer en kombuis met 'n ingeboude braai. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 10:00.

Kontak info@nyanilodge.co.za




nyanilodge.co.za 071 842 3448

Naaste dorp Hammanskraal 30 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 11 km tot by die hek is grondpad.

GPS S25.434555 E28.47893

Ry & Sleep sê Jy kan by die lodge gaan lyf natmaak, iets by die kroeg geniet of die wif gebruik. Jy moet vooraf bespreek as jy iets by die restaurant wil eet.



Kortliks | Jabula



Kampplek 5 groot staanplekke meestal op grond met plek vir meer as 1 woonwa. Elkeen het 'n plonspoel en 'n boom of twee. Hier is nie krag nie.

Ablusiegeriewe Elke staanplek het sy eie private badkamer en 'n buitestort met sonkragligte, 'n gasgeiser en kombuis (waar jy jou foon kan laai).

Aankoms- en vertrektyd 10:00 en 12:00. In die stil tye word dit nie streng toegepas nie.

Kontak ✉ info@jabulabushcamp.co.za

🌐 jabulabushcamp.co.za ☎ 078 948 6781

Naaste dorp Hammanskraal 11 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad, met die laaste 400 m goeie grondpad.

GPS S25.358943 E28.353857

Ry & Sleep sê 'n LED-liggie aan die sykant van die kombuisdak wat met beweging aanskakel, werp 'n sterk ligstraal op die braaier, maar jy kan hom afskakel as hy jou pla. >

JABULA, DINOKENG

Dit bly darem maar opwindend om jou kamp iewers in die bos op te slaan waar daar geen heinings is nie en waar die Groot Vyf rondhang – soos by die Jabula-boskamp.

Hier is net vyf staanplekke, en met sowat 120 m veld tussen jou en die bure voel dit behoorlik of jy alleen kamp. Elkeen van die staanplekke het 'n boom of twee; dus is daar 'n koeltekol waar jy kan skuil teen die somerson.

Die kampterrein se sonkragstelsel gee net krag vir die liggies in die kombuis en badkamer – onthou dus om jou eie sonpanele en battery saam te bring om jou yskas aan die gang te hou.

Soos dit enige goeie boskamp betaam, is die braaiplek op die grond. Die netjiese geboude sirkelbraai met sy verstelbare rooster is groot genoeg om 'n atmosvuurtjie aan die een kant aan die gang hou terwyl jou tjoppies aan die ander kant braai. Onthou om teen slapenstyd die kole met die afgesnyde drom te smoor.

Om in die bos te kamp beteken altemins jy moet sonder luukshede soos warm water en 'n spoeltoilet klaarkom. Elke staanplek het sy eie ablusiegeriewe met 'n stort, wasbak, spieël en toilet. Hier is genoeg hang- en pakplek vir al jou wasdinge, handdoek en klere. Twee LED-strookliggies, een by die stort en die ander by die wasbak, sorg vir lig en 'n gasgeiser maak die water warm.

As jy verkies om na die sterre te kyk wanneer jy stort, is die buitestort met sy rietskerm net die plek, veral in die somermaande.

Die kombuis is aan die sykant van die badkamergebou. Twee van die kante is oop na die kampplek se kant toe. Die kombuis is groot genoeg sodat twee kampstoele gemaklik daarin kan pas wanneer jy skuiling soek teen die son of 'n namiddagbosveldreën. Langs die vlekvrystaalskottelgoed-wasbak is 'n betonwerkoppervlak met pakplek onder. Die kombuis is toegerus met 'n borsel waarmee jy jou skottelbraai kan skoonmaak, 'n besem en skoppie, 'n mop en selfs 'n emmertjie met sand vir die rokers se stompies.

Die kombuis het ook 'n LED-strookliggie bo die werkoppervlakke en die sonkragreguleerder langsaan het twee USB-punte waar jy jou selfoon kan laai.

TUPELO HONEY EXPERIENCE, MAGOEBASKLOOF



Na ons mening is dié een 'n aanspraakmaker as een van die beste kampplekke in die land, maar jy het 'n 4x4-ryding nodig om by Tupelo Honey Experience se Forest-kampplek uit te kom.

Dit is 'n eksklusiewe kampplek waarby min ander kan kers vashou. Die staande gedeelte het 'n geweefde grondseil oorgespan, wat beteken jy trek bloot jou wa teen die een kant en slaan die stoepgedeelte oor die res op.

Die kombuis- en badkamergeriewe daarnaas verdien ook 'n kompliment. Die kombuis het 'n groot ingang langs die staanplek én aan die gebou se voorkant. (Seilpaneel kan hieroor toerits as jy die goor weer buite wil hou.) 'n Kragpunt ('n dubbelprop) is by die naaste deur ingeval jy jou wa wil inprop. Daar's 'n klompie kaste links teen die muur af met genoeg werkspasie, terwyl die wasbak aan die oorkant is. In die middel is 'n binnebraai waar 'n gratis sakkie braaihout op jou wag. Dit is iets wat jy nie op enige kampplek kry nie.

In die middel van die vertrek is 'n langwerpige tafel met twee sitbankies waarop ses mense gemaklik pas. Oorkant die voorste kombuisdeur is 'n dek met 'n eie tafel-en-bankstel, met daarnaas 'n plonspoel. Die braaiplek is 'n ronde betonoppervlak waarop 'n los rooster met voetjies is.

Die toilet is in sy eie vertrek om die hoek, en aan die verste kant – steeds onderdak – is 'n oop stort met geen stortgordyn of glasdeur nie. Jy kyk dus uit op die ope natuur terwyl jy stort.



Kortliks | Tupelo Honey Experience



Kampplek 3 private kampe in 'n woud – slegs bereikbaar met 'n 4x4 en boswa.

Ablusiegeriewe Luuks en jou eie in die oopte. Eie plonspoel, kombuis en sitplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak ☎ 082 335 6803

✉ bookings@theherbcottage.co.za

🌐 tupelohoneyexperience.co.za

Naaste dorp Haenertsburg 18 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2,5 km is 'n steil grondpad teen berghange, en die laaste 500 m net bedoel vir 4x4-voertuie.

GPS 523.878988 E30.007519

Ry & Sleep sê As jy in die natuur wil baai, loop 'n geplaveide paadjie net 'n paar meter die bos in tot by 'n bad. 🐾

'Oordgids' 2026

Hierdie vyf besondere kampplekke verskyn almal in Ry & Sleep se Oordgids 2026 wat tans op die rak is. In hierdie 15de uitgawe van dié gewilde tydskrif plaas ons die klem op minder bekende kampplekke en boonop verdeel ons daardie 176

oorde gelyk tussen ons land se nege provinsies. In elke Oordgids tot dusver was daar nog altyd 'n rits nuwe kampplekke om jou van te vertel, en vanjaar is geen uitsondering nie: Ons verskaf al die inligting van elke oord – inligting wat ons alles sorgvuldig nagegaan het.





ULTIMATE *Routes*

Roetebeplanning en besprekings vir
onvergeetlike selfry-toere in Namibië,
Botswana, Zimbabwe en Zambië.

Avontuur, elke keer.

Magiese migrasies



Foto Chant Degrez

As jy lus voel om 'n groot dieremigrasie te beleef, hoef jy nie jou neseier te plunder vir 'n reis na Oos-Afrika nie. Soos hierdie klompie medereisigers kan getuig, is hier drie baie indrukwekkende migrasies so te sê op jou voorstoep.

Hoekom gebeur hierdie migrasies?

Migrasies is 'n hupstoot vir genetiese sukses, toegang tot ryk voedselbronne en ondersteun ook saadverspreiding en die oordrag van biomassa. Hierdie dieremigrasies is dus uiters noodsaaklik vir die lewensiklus in die natuur. Dit gebeur elke jaar reg oor Suider-Afrika en sorg nie net vir onvergeetlike foto-oomblikke nie, maar laat jou een voel met die natuur. Om te ervaar hoe die diere in hulle massas hulle instinkte volg, hoort op elke reislysie.

Watter betekenisvolle migrasies is hier in Suider-Afrika?

Wildebess- and sebramigrasies kom voor in plekke soos Zambië se Liuwa-vlakte, Botswana se Nxaipan- en Makgadikgadi -nasionale park. Die klein lappies bosveld in die Kasanka -nasionale park sorg egter vir 'n ander verskynsel – die migrasie van vrugtevlermuise.

Vertel ons meer oor die vlermuise?

Die vrugtevlermuismigrasie in die Kasanka -nasionale park is die wêreld se grootste soogdieremigrasie. Die bestemming se reënseisoen is van einde Oktober tot Desember en is reeds uitdagend genoeg, maar die beloning is

ROOFDIERE EN VOËLLEWE

Dis onafwendbaar dat migrasies ook sorg vir groot getalle roofdiere in die omgewing. Dit beteken jou kans is beter om roof- en aasdiere in die groen seisoen te sien. Dis maar net nog 'n rede om die warm somermaande ook sterk te oorweeg wanneer jy jou oorgrensreise beplan.




Foto Gail Williams Kasanka

Foto Cindy Purchase





VEILIGHEIDSWENK

Reis in die reënseisoen in 'n konvooi van minstens 2 voertuie. Die nat maande sorg dalk vir 'n treffende groen landskap, maar daar is plekke waar ons sterk aanbeveel dat jy iemand naby het om te help.



Foto Geir Rosseth



dit beslis werd. "Dit hang van jou af om die beste van die geleentheid te maak," sê Nick Mason-Gordon, wat onlangs hierheen gereis het. Meer as 10 miljoen vlermuise broei en jag vir kos hier, en met sonop en sononder vlieg hulle bo die klein lappie moeraswoud. "Saans vlieg hulle almal dieselfde tyd weg en dit is vreeslik aanskoulik," sê Nick. Chani Degrez, 'n ander reisiger wat dit al beleef het, sê 'n vlermuis kan verder as 50 km in 'n nag vlieg en so duisende sade versprei, wat bydra tot die voortbestaan van sentraal-Afrika se woude.

Wanneer is die beste tyd om die sebramigrasie in Botswana te beleef?

Reisigers wat op soek is na 'n ongelooflike skouspel van strepe hoef nie verder te kyk as Botswana se Makgadikgadi- en Nxaipan -nasionale park nie. Die Botetirivier lok regdeur die jaar groot groepe sebras, maar in die warmer somermaande van Desember tot Maart is Nxaipan, net noord van die rivier, die plek om te wees, want dit is wanneer meer as 20 000 sebras van Chobe se wêreld af migreer op soek na vars en voedende weiding. In die reënseisoen is dit die Makgadikgadi -nasionale park se beurt wanneer troppe sebras van die Moremi-wildreservaat suidwaarts migreer.

Wat van wildebeeste?

Die Liuwavlakte -nasionale park was 'n gunstelingbestemming vir Francois Erasmus van Ultimate Routes toe hy in 2024 deur Zambië gereis het. Dis nie net die helder landskappe en die gevoel van afsondering wat spesiaal is nie, maar ook die goeie vennootskap tussen die gemeenskap en die natuur-bewaringsowerheid wat duidelik te sien is. Chani was verlede November hier en vertel van die treffende kontraste tussen wildebeeshingste en hulle ligkleurige kleintjies en die droë gras, groen weivelde en pienk, pers en geel veldblomme. Troppe blouwildebeeste volg die reën en daag rondom November hier op, met roofdiere en migreerende voëls kort op hulle hakke. 🐾

KONTAK

📞 071 471 4900

🌐 ultimateroutes.co.za

📧 hello@ultimateroutes.co.za

Dagbesoekers welkom

Volg die Franschhoekpas uit die Boland tot by die Riviersonderendvallei en beleef van daar af die oeroue Van der Stelpas tot in die Overberg.

Teks en foto's **Cyril Klopper**

Franschhoek, die pragtige Bolandse dorp wat genoem is na die 176 Franse Hugenote wat hulle in 1688 hier kom vestig het, is die vertrekpunt vir hierdie roete. Jou eerste stilhouplek is die Hugenotemonument aan die bopunt van Hugenotestraat. Gaan kyk gerus; kaartjies kos R100 p.p. (R50 vir kinders) en dit gee jou toegang tot onder meer die monument, museum en 'n parfumerie.

Verlaat die dorp met die Lambrechts-pad (of dan die R45-streekpad) en bestyg die Hottentots-Hollandberg. Die Franschhoekpas is tussen 1823 en 1825 gebou deur 150 soldate van die Koninklike Afrikakorps onder bevel van maj. William Cuthbert Holloway. Dit was aanvanklik 'n grondpad en is eers in 1963 geteer.

Die pad is deesdae in 'n uitstekende toestand ná onlangse opgraderings. Hou by een van vele uitkykpunte stil – die een

met die beste uitsig op die Franschhoekvallei is by S33.90517 E19.15638.

Van hier af ry jy oor die kruin van die bergpas en verlaat die Boland. Trek af by 'n parkeerplek by die koördinaat S33.93788 E19.16140 langs die Du Toitsrivier. Die brug hier is die heel eerste klipboogbrug in Suid-Afrika en staan bekend as die Jan Joubertsgatbrug. Dit is ook die oudste brug in die land wat steeds in gebruik is en is in 1979 tot nasionale monument verklaar.



Aan die voet van die Franschhoek-pas lê die Tweewaterskloofdam in die Riviersonderendvallei. Dié opgaardam is 'n belangrike waterbron vir Kaapstad en was in 2017 voorbladnuus toe die waterinhoud tot net 12% gedaal het (die laaste 10% is onbruikbaar en bestaan hoofsaaklik uit slik en modder). Die sogenaamde Dag Zero het Kapenaars benoud gehad en almal was beperk tot slegs 50ℓ water per dag, terwyl die owerheid jou verbied het

om jou motor te was, grasperk nat te maak of jou swembad of visdam vol te maak. 'n Goeie aftrekplek om die dam te bekyk – hy't deesdae darem weer heelwat meer water – is by die koördinaat S34.00711 E19.19379.

Die Lamprechtspad loop dood in die R321 en jy draai hier regs om met 'n lang brug bo-oor die Theewaterskloofdam te ry. Draai reg ná die dam links op die R43 Caledon toe. Hierdie pad is onlangs

geteer en ook in 'n uitstekende toestand. Sowat 2,5 km nadat jy afgedraai het, sien jy 'n padpredikant vir die Van der Stelpas en Botrivier. Draai hier regs op die grondpad.

Die bergpas is maar 148m hoog, maar die uitsigte is pragtig. Die roete is derduisende jare oud en is oorspronklik deur olifante uitgetrap. Die Koisan sou later die roete gebruik om vee aan te jaag en 'n onbekende boer het iewers in >

ROETES WAT ROEP

die 18de eeu 'n meer begaanbare pad uitgegrawe. Die Van der Stelpas soos ons hom vandag ken, is in 1963 gebou en hy's genoem na Simon van der Stel, die Kaapkolonie se eerste goewerneur.

Kuierplekke op die Van der Stelpas sluit in die wynplaas Eerste Hoop waar die Belgiesgebore Lode Lemahieu en sy span uitstekende wyn maak. Pryse wissel tussen R120 vir 'n 2024 Rosé tot uitvoerwye wat euro-prysetikette dra – soos €22 (of dan R436) vir 'n Pinot Noir.

Dan is daar die Underhill-gasteplaas waar jy in 'n Hobbit-huis so reg uit die *Lord of the Rings*-fieke kan oornag (R1 600 p.n.) en die Southern Yurts-gasteplaas waar jy in 'n Mongoolse tent kan oornag (R1 800 p.n.).

Terwyl jy die Botrivier volg, wees op die uitkyk vir wild in die reservate Eagle Rock en Cornellskop – laasgenoemde het selfs leeus, jagluiperds en sebras. Gidse by Cornellskop laat jou toe om aan die sebras en jagluiperds te vat, maar bly eerder aan die buitekant van die leeu-kuil... Pryse is slegs op aanvraag beskikbaar en is gegrond op die grootte van jou toergroep en of julle in die kothuise gaan oorbly aldan nie.

Hou gerus stil op die plaas Waterleliefontein waar die eienaars, Jo en Tessa Neser, met bye en olywe boer. 'n Fles rou heuning (500g) kos R95 en jy betaal R125 vir 250ml enkelvariëteit-olyfolie. Die Neser-egpaar het in 2017 altesame 2 ha wingerd laat aanplant. Hulle eerste oes was in 2020 en 'n 2021-Waterleliefontein Syrah Grenache Noir kos R260 per bottel.

Die roete staan nou einde se kant toe en jy steek die Houhoekrivier oor voor jy die dorpie Botrivier in die Overberg binnery. As dit tyd vir is middagete, trek af by The Shuntin Shed-restaurant op die perron van die ou treinstasie.

Die restaurant is veral bekend vir sy pizzas en die houtoond word heeldag gestook. Al die pizzas is genoem na bekende treindienste en ons kan die Glacier Express en Shosholozha aanbeveel. Eersgenoemde het spek, bloukaas, avokado en knoffel (ingebak; nie apart voorgesit nie) terwyl laasgenoemde 'n vulsel van sampioene, knoffel, olywe, artisjok en feta het – albei kos R140.

In die restaurant is verskeie foto's van die treine wat sedert 1912 op Botrivier stilgehou het. Hoewel daar nie meer Transnet-dienste hierheen is nie, is



DIT PAS MY. Ons roete begin by Franschhoek se Hugenotemonument (links) en neem jou oor die Van der Stelpas (middel) tot op die dorpie Botrivier (middel onder) waar jy kan weglê aan The Shuntin Shed se heerlike pizzas.



die Ceres Rail Company, wat stoomtreinritte uit Kaapstad na Botrivier aanbied, nog hier. 'n Retrokaartjie kos R850 en sluit middagete op Botrivier in. Besoek ceresrail.co.za indien jy belang stel.

So ja, dit was nou 'n heerlike uitstappie. Mense met die van Du Toit of Joubert weet nou waar hulle stamboom sy wortels ingestoot het; jaagduiwels het die Franschhoekpas se haarnaalddraaie geniet; en as grondpaaie aan jou hartsnare pluk, dan was die Van der Stelpas jou gunsteling.






“

Die Van der Stelpas is maar 148 m hoog, maar die uitsigte is pragtig. Die roete is derduisende jare oud en is oorspronklik deur olifante uitgetrap.

”



Wat jy moet weet



Maksimum getal voertuie? Dis 'n openbare pad met geen beperking nie.

Kry ek 'n kaart? Nee, maar die afdraaie is duidelik gemerk.

Sal my voertuig krap? Nee, die pad is breed.

Met ek 'n kompressor neem?

Nee, dis 'n uitstekende teerpad en gawe grondpad.

Kan ek halfpad braai? Slegs by die gasteplase indien jy beplan om langs die roete te oornag.

Is daar selfoonsein? Meestal, ja, maar ontvangs in die Botriviervallei is swak en die Klowers maak staat op wifi vir WhatsApp-boodskappe.

Beste tyd van die jaar? Heeljaar, maar mik vir Julie wanneer die Bastillefees op Franschhoek gevier word. Besoek franschhoekbastille.co.za vir die presiese datums.

Kan ek my gesin saamneem? Beslis, daar's immers luiperds en pizzas!

Net vir die dag of die naweek? Net vir die dag.

Hoe lank neem dit? Die 55 km lange roete neem minstens 'n uur om te ry as jy glad nie stilhou nie, maar sit liewer die hele dag opsy vir hierdie rit.

Is daar ablusiegeriewe? Ja, op al die dorpe en gasteplase.

Aanwysings? Die roete begin op Franschhoek, 70 km buite Kaapstad, en eindig in Botrivier langs die N2-snelweg.

Nóg 'n kampsreis om te onthou



Vir hulle onlangse
kampavontuur het
hulle sommer vier
van Suid-Afrika
se bekendste
bestemmings op
een sirkelroete
ingesluit, vertel
**Johan en Elmare
van Staden**
van Parow.



AUGRABIES EN ADDO. Die Van Stadens skrik nie vir die langpad nie, en wanneer hulle 'n toer beplan, is hulle min gepla met hoeveel kilometer dit behels. Dié slag het hulle kampreis onder meer die Augrabies-waterval (links) en die Addo-olifantpark (bo) ingesluit.

Ons het al op hierdie blaai én in ons voorgangertitels volledig berig oor

Die Van Stadens se kampwedervaringe in hulle 1981-model Sprite Sport.

Verlede jaar was geen uitsondering nie. Dié slag het hulle 'n sirkelroete van die Kaap af oor die Kgalagadi na Punda Maria en weer terug deur die Drakensberg en Addo gereis. Soos voorheen ook soms die geval was, het Elmare (of Bossie, soos sy ook bekend staan) se suster, Annette Muller, en haar man, David (oftewel Orrie), weer saamgereis. Johan vertel.

“Op Sondag 21 Mei haak ons die Sprite met ons Isuzu KB300 en ry tot op Worcester, waar ons dié bakkie gaan los, want Orrie en Annette se Hilux gaan die wa op ons reis sleep. Ons kry al ons dinge agtermekaar, want môre val ons in die pad.

Op 'n mooi wintersoggend vertrek ons en ry oor Wolseley en Porterville na die N7 toe, en dan hou ons stil by Die Kleine Schuur naby Clanwilliam om lemoene en nartjies vir

die pad te koop. Op Klawer maak ons tenk vol, want die plan is om deur te druk tot op Calvinia.

Met die padwerk op die Vanrhynspas sit ons vas agter 'n ou Mercedes-lorrie wat met 'n swaar sleepwa die pas in eerste rat uitklim. Dit voel soos ure voordat ons hom kan verbystee, maar ons is steeds lekker vroeg op Calvinia.

Ons rig ons in by die Kleinplasia-woonwapark en gaan verken die dorp, waar ons 'n draai by die museum maak. Terug by die kamp ontspan ons heerlik om ons eerste braaivleisvuurtjie van die vakansie. Ons is die enigste kampeerdere hier en is dankbaar vir die skoon en gerieflike ablusiegeriewe.

Dit is lekker om weer daai vroegoggendreuk van die Karoo te ervaar. Ons geniet ons oggendkoffie, pak rustig op en vertrek oor Brandvlei en Kenhardt na die Augrabies-nasionale park. Hier is die skade aan die infrastruktuur ná die onlangse oorstromings nog duidelik sigbaar, maar die grootsheid van hierdie waterval oorweldig 'n mens altyd. Ons kry ook nog kans

om 'n draai te ry en die park se ander uitsonderlike uitkykpunte te besoek. Die sonsondergang is mooi en toe ons omdraai, verskyn die groot ronde maan ook bo die kranse. Met ons terugkeer na die netjiese kampterrein pak ons weer 'n vuurtjie.

Die Dinsdagoggend het ons net 'n kort entjie se ry tot by Oranjerus. Ons hou egter eers by die Pienk Padstal op Kakamas stil om 'n lekker ontbyt te eet en van Pella se dadels te koop. Ons gaan maak ook 'n draai by een van die groot waterwiele om die bakiespompe te bekijk waarmee water uit die kanaal geskep is.

By Oranjerus kry ons weer 'n gawe staanplek op groen gras naby die netjiese ablusiegeriewe. Dit is ook vroeg genoeg om eers nog 'n sirkelroete oor Upington en Kanoneiland te ry. Ons loer ook in by die Kanonikkipadstal, want Ouma Bossie wil eers iets vir die mense by die huis koop. Hierna mik ons terug kamp toe om rustig aandete te maak.

Die volgende oggend doen ons eers inkopies in Uping- >




ton se winkels en vul ons voorraad aan voor ons oor Askham na die Kgalagadi-lodge ry. Die lodge is skaars 5 km van die Twee Rivieren-hek af en elke staanplek het sy eie ablusiegeriewe, opwas- en braaiplek én onderdakparkeerplek.

Gelukkig het iemand ons vooraf gewaarsku dat die water ondrinkbaar sleg is en ons kon ons eie voorraad saambring.

Dit is nog vroeg en aan-gesien ons vooraf ons dag-permitte by Sanparke gereël het, is daar sommer op die eerste dag al tyd vir ons eerste besoek aan die park. Die Kgalagadi stel ouder gewoonte nie teleur nie en die gemsbokke wat gesig kom wys is weer eens 'n treffer.





“

Dit is nog vroeg en aangesien ons vooraf ons dagpermitte by Sanparke gereël het, is daar sommer op die eerste dag al tyd vir ons eerste besoek aan die park.

”

Ons bring die volgende twee dae tussen die diere deur en maak ook 'n draai by Nossob en Mata Mata. Die groter diere is mooi, maar ek is meer beïndruk met hoe baie sekretarisvoëls daar is. Ons sien sommer 'n klompie kere van hulle wat smiddae in pare soos uitgevrete diere met hulle opgevoude bene naby 'n watergat lê. Hier is ook heelwat volstruise met baie kuikens.

Saterdag groet ons die Kgalagadi. Bossie en Annette se opgewondenheid is groot,

want hulle broer, Carel van der Merwe, en sy vrou, Marie, het laat weet dat hulle die vorige aand al by Askham geslaap het, waar ons hulle gaan ontmoet. Dié twee het van Windhoek af met hulle Hilux en toegeruste Metalianwa gekom om vir die volgende twee weke saam met ons te kuier.

Op Upington loer ons eers by die winkels in en kry iets te ete voor ons ons ry kry na ons volgende kampplek by Red Sands naby Kuruman. Ons kuier lekker terwyl die potjie



GROOT-MARICO SE WÊRELD. Van die Kgalagadi af mik hulle na die Krugerwildtuin om by Punda Maria te gaan afsaal, maar op pad daarheen bly hulle eers vir twee nagte oor by die Kareespruit-kampterein by Zeerust (onder). Hulle kry braaigoed by die slaghuis en gebruik sommer ook die geleentheid om Groot-Marico en die Riekertsdam te besoek.



met beesstert uit Namibië prut, en bring sommer nog 'n dag hier deur terwyl Carel met sy kamera rondstap en kyk of daar enige nuwe voël-tjies te sien is.

Die volgende dag ry ons vir die eerste keer hierdie deel van die N14 na Vryburg en ons is verbaas oor die groot vleilande in hierdie omgewing. Van hier af ry ons oor Mahikeng na Zeerust, waar ons twee nagte oorbly by Kareespruit se gawe kampterein. Hier is 'n slaghuis waar ons wors en burgerpatties koop

en ons maak ook sommer van die kans gebruik om 'n draai te ry na Groot-Marico en die Riekertsdam.

In hierdie omgewing word daar ordentlik geboer. Hier is selfs tabak en groenboontjies onder spilpunte. Ons hou langs die pad stil om botterskorsies te koop, maar dit kos hier twee keer soveel as in die winkel.

Ná Zeerust slaap ons een aand by Klein-Kariba oor. Ons het voorheen heerlik hier oorgebly en ons gaan vul op Bela-Bela weer voorrade aan. >

Louis Trichardt is ons bestemming die volgende dag. Hier bly ons twee nagte oor by Zvakana, 'n gawe en afgeleë kampplek tussen bosveld-bome. Elke kampplek is toegerus met 'n wasbak, gasstoof, braaiplek en afdak, en jy het private ablusiegeriewe.

Carel het vooraf met 'n voëlgids gereël om hulle te gaan rondwys, en terwyl hy en Marie die volgende dag met hierdie uitstappie besig is, ry die res van ons met die R523 en R522 oor Vivo 'n draai om die Soutpansberg. Hier is uitgestrekte tamatielanderye en pragtige avokado-, mango-, piesang- en neutboorde. Vir my is dit beslis ook een van die mooier dele van ons land met sy groot diversiteit.

Op Sondag 5 Mei koop ons sommer 'n klomp vars vrugte by 'n mark in Thohoyandou op pad na Punda Maria. Ons is weer lekker vroeg by ons bestemming, rig ons kamp in en is gretig om nog eers 'n wildrit op hierdie eerste dag in die Kruger te doen.

Die volgende dag neem ons uittog ons weer na die mooi natuurskoon by Crook's Corner en ons ry rustig in die veld tot by die piekniekplek langs die Luvuvhurivier, waar ons 'n stewige maaltyd op die gasbraai gaarmaak. Terug by die kamp kan ons weer lekker ontspan voordat ons aandete maak en die olifante en ander wild by die watergat sit en bewonder.

Shingwedzi is een van ons gunstelingkampe in die Kruger. Die omgewing is pragtig en, net soos voorheen, sien ons baie diere. Ook baie jong diere van alle soorte. Ons is veral verbaas oor hoeveel olifante ons sien.

'n Ander verrassing is die ander 1981-Sprite Sport wat ons hier aantref. Die eienaar is van Middelburg en is ewe vol lof vir sy wa wat aan hulle net



KOFFIE LANGS DIE PAD. Dis lekker as niks jou jaag terwyl jy die land van hoek tot kant deurkruis nie. En min dinge sê 'n mens is nie haastig nie soos om langs die pad af te trek om eers jou koffie te geniet.





DIE BELANGRIKSTE MAALTYD VAN DIE DAG. Ontbyt, of dit nou by Afsaal in die Krugerwildtuin (bo) is, of by jou staanplek by Kareespruit (links), is 'n ernstige besigheid as 'n mens só ver ry en by só baie plekke kamp.



Shingwedzi is een van ons gunstelingkampe in die Kruger. Die omgewing is pragtig en, net soos voorheen, sien ons baie diere.

soveel plesier verskaf as vir ons. Hy vertel hy is die eerste eienaar, en net soos ons sleep hy syne ook nog met die oorspronklike wiellaers.

Ons is ook aangenaam verras toe ons vir die naweek nog staanplek kan kry, maar Satara is ongelukkig volbespreek. Die Sondag skuif ons verby na Skukuza, maar naby die ingang na Satara word ons tog getraakteer met 'n bromvoël wat besig is om aan 'n verkleurmannetjie te smul.

By Skukuza bly ons ook drie nagte oor. Ons is elke dag heeldag in die veld, ry

na Onder-Sabie, hou lekker piekniek of ondersteun die padstalle. Selfs ontydige reënweer demp nie ons geesdrif nie. Ons word beloon met 'n klein rateltjie wat op die teerpad onder 'n toeris se motor skuiling soek.

By geleentheid merk ons 'n jakkals op wat in die verte die pad oorsteek. Toe ons daar kom, is dit toe 'n jong hiëna wat saam met sy ma en nog 'n kleintjie langs die pad ontspaan.

Op 16 Mei skuif ons van Skukuza na Berg-en-Dal, maar dis tyd vir Carel en Marie om

te begin terugdraai. Ons hou dus eers stil vir 'n heerlike roosterkoekontbyt by Afsaal en neem van hulle afskeid. Hulle gaan oor Klerksdorp terugry Namibië toe.

Ons kamp net een nag by Berg-en-Dal, maar ry eers nog 'n draai en sien sowaar nog 'n luiperd en sommer 'n renoster ook.

Buite Sanparke het ons nie spesifieke besprekings gedoen nie. Ons het oorweeg om by Elangeni naby Waterval-On-der oor te bly, maar aangesien dit nog baie vroeg is, druk

ons deur tot by Badplaas. Dit is die eerste keer dat ons die pad van Machadodorp af oor die Skurwebergpas ry en dit kos mooi trap. Die kontoere en oppervlak van die pad lyk eintlik baie goed en is sonder erge slaggate, maar dit lyk asof daar geen instandhouding gedoen word nie en die pad bloot afgeskryf is.

Die indringerwattels groei tot teenaan die ryvlak wat plek-plek erg gesak het, en die waarskuwings en padtekens is totaal en al onvoldoende. Op 'n keer hou ek op die teerpad stil en klim uit om te sien >

of daar nie 'n beter plek is waar ek skuins deur die insin-king kan ry sonder dat die woonwa vashaak nie. Ook hier is die pad besaai met stukke motorbuffers en ander onderdele waar bestuurders hulle misgis het met die hoe diep die gate is. Dis regtig jammer om dit in hierdie mooi deel van die land teë te kom.

Forever Badplaas is altyd 'n gawe oornagplek vir ons en die volgende dag ry ons oor Ermelo en dan met die N11 langs oor Bergville tot by ons bestemming, Drakensville. Dit is lekker om weer in die groen wêreld van KwaZulu-Natal en die Drakensberg te wees en

ons bring drie nagte hier deur.

Addo is volgende op ons roete. Die aanvanklike gedagte was om langs die pad net by die Gariepdam oor te bly, maar ons besluit om die afstand in drie te deel en oornag eers by Oberammergau op Senekal. Dit is 'n gerieflike oornagplek en ons het ook die kans om 'n bietjie deur die dorp te ry. 'n Mens kan sien dit was eens 'n pragtige plek, maar dis nou erg afgeleef.

Van daar af mik ons vir Middelburg in die Oos-Kaap waar ons die Sprite op die netjiese grasperke van die Welvanpas-gasteplaas staan-maak. Selfs sonder enige

vooraf waarskuwing is Rita Mocke gereed om ons te ontvang. Die ablusiegeriewe is ook van die beste en die water lekker warm. Ons kan selfs die aand aansit vir die lekkerste skaappastei wat ek in 'n lang tyd geëet het.

Van Welvanpas af ry ons oor Cradock en trek later by die Daggaboer-padstal af vir iets te ete. Later ry ons vir die eerste keer oor die mooi Olifantskoppas en van daar af oor Paterson op heel goeie paaie Addo toe.

Ons het voorheen al met ons tent by Addo gekamp, maar dié slag is dit heerlik om twee nagte in die getroue ou

Sprite te oornag. Die leeus het 'n koedoe platgetrek en ons is gelukkig om die volgende dag verskeie hiënas te kry wat in 'n dam baljaar en aan die oorskiet smul. Hulle is selfs besig om 'n kleintjie te leer om sy buit te beskerm.

Ons besluit om van Addo af weer die beter pad oor Paterson te ry, en net 'n entjie buite Addo word ons bederf deur twee leeus wat teen 'n wildplaas se heining para-deer. Ons laaste oornagplek is by Die Punt op Mosselbaai. Dis ons eerste keer hier en ons is heel beïndruk met die verblyf en geriewe.

Op die laaste skof huis-waarts hou ons by Buffeljags stil om weer van hulle lekker roosterkoeke te geniet. Ons laai ons goedjies oor op Worcester, haak die wa aan die Isuzu en groet die Mullers. Die aand slaap ons en die Sprite veilig tuis.

Dit was weer eens 'n voor-reg om hierdie roete van 8499km (5622km daarvan met die Sport op die haak) sonder enige probleme of skade te ry. Ons kan ook weer spog met die Hilux D4D se brandstof-verbruik van 9,83 ℓ/100km vir die hele toer. 




TUIS IN DIE NATUUR. Die verskeidenheid landskappe en buitelewe-ervarings wat 'n mens in Suid-Afrika kan beleef kry werklik gestalte as jy op een reis jou tentpenne by sulke uiteenlopende bestemmings soos Punda Maria in die Krugerwildtuin (links bo) en Red Sands se kampterrein by Kuruman (bo) inkap.




“

Later ry ons vir die eerste keer oor die mooi Olifantskoppas en van daar af oor Paterson op heel goeie paaie Addo toe.

”



STATIGE SLEEP-KOMBINASIE. Die Toyota Hilux en Sprite Sport het meer as 5 000 km saamgery en in die proses die Van Stadens van Parow en hulle familie na van die mooiste plekke in ons land geneem wat vir besondere oomblikke gesorg het.



Johan wen 'n **Jackery Evo Charge LED-kragbank-flitslig**. Dié veelsydige stukkie toerusting het verstelbare ligmodusse, insluitend noodbeligting van tot 320 lumens. Dit is waterdig, het ingeboude magnete, en 'n 7 800 mAh-battery waarmee jy jou slimfoon kan laai.
sustainable.co.za



Elke hond kry sy dag!

Gee jou beste vriend 'n blaaskans en vat hom saam na een van hierdie troeteldiervriendelike kampplekke toe.

Saamgestel deur **Leon Botha**

SIMONSKLOOF



Troeteldiervoorwaardes Jy betaal ekstra vir jou brakkie en jy moet hom te alle tye beheer.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 8 afgebakende bosstaanplekke (met fonteinwater) wat op grond of gras om 'n 300 jaar oue eikeboom uitgelê is.

Ablusiegeriewe 3 gemeenskaplike storte (met gasgeisers) en kompostoilette.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00, maar dit word nie streng toegepas nie.

Kontak ☎ 023 614 1895 of


📞 081 270 7790 📧 info@simonskloof.com 🌐 simonskloof.com

Naaste dorp Montagu 50 km.

Hoe lyk die pad? 10 km mooi grondpad, maar padwaens word nie toegelaat nie.

GPS S33.616713 E19.728351

LAKE PLEASANT



Troeteldiervoorwaardes Jou skoothondjie kan kom behalwe in die Desembervakansie.

Was ons al hier? Ja, Maart 2014 (WegSleep #64).

Kampplek 'n Skaduryke kampplek met 55 staanplekke op gras. Die losstaande braaiers het ingeboude roosters en hier is 'n gimnasium, tennis- en muurbalbane en roeibote vir almal.

Ablusiegeriewe 2 badkamergeboue met aparte geriewe vir mans en vroue en 'n opwasplek. Hier is ook wasmasjiene.


Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00. (Streng gedurende die Desemberbervakansie.)

Kontak 📧 info@lakepleasantresort.co.za 🌐 lakepleasantresort.co.za ☎ 044 343 2661 of 082 802 1160




Naaste dorp Die kampplek is aan die buite- wyke van Sedgfield.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S34.025755 E22.833673





GPS S25.583802 E29.101076



GPS S32.340058 E22.657823

SHENGEZA



Troeteldiervooraardes Jou vriendelike en klein hondjies is welkom, maar neem kennis dat hier 'n elektriese heining om die eiendom is.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 4 ruim staanplekke op sand en wildegras, elkeen met 'n skadunet langs sy braaiplek plus 'n kragpunt. Jy sukkel soms om sein op jou foon te kry.

Ablusiegeriewe 'n Stort en toilet onder die oop blou hemel. Die gemeenskaplike kombuis het 'n mikrogolfoond, pizzaoond, ys- en vrieskas, filterwater en opwasplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 076 825 4790 of 081 477 2825

shengezalodge@gmail.com



shengeza.co.za

Naaste dorp Manguzi 7,5 km.

Hoe lyk die pad? 7 km sandpad waarvoor jou gewone voertuig opgewasse is.

GPS S27.025482 E32.786048

HEIN'S-PLAASOORD



Troeteldiervooraardes Jou troeteldiere moet deurentyd aan 'n leiband wees, want hier is hoenders en ander klein honde.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 35 staanplekke op gras met krag (driepunt- en Fredlinsokke) met koel-tebome hier en daar. Hier is losstaande en gemesselde braaiers met roosters, maar jy kan ook vooraf etes of kos-pakkies bespreek.

Ablusiegeriewe 2 badkamergeboue waarvan die een net storte het en die ander ook baddens. Hier is opwasgeriewe.

Aankoms- en vertrektyd Geen vas-gestelde tye nie.

Kontak 017 811 4216 of 082 571 2530

heinaucamp@yahoo.com

heinsresort.caravanparks.co.za

Naaste dorp Ermelo 10 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot in die park; die laaste stuk is geplavei.

GPS S26.423974 E29.941132

LEEUSPOOR



Troeteldiervoorwaardes Omdat hier njalas is, moet jou huishondjie nie van die soort wees wat ander diere jaag nie.
Was ons al hier? Nee.

Kampplek 22 staanplekke op gras met koelte en 'n skadunetaskorting tussen jou en die bure. Die losstaande braaiers het roosters.

Ablusiegeriewe 1 gebou met 10 private badkamers en 2 gemeenskaplike kombuise met opwasplek.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak 📞 info@leeuwspeer.co.za

🌐 leeuwspeer.co.za 📞 084 240 4640

Naaste dorp Rustenburg en Magaliesburg, albei 40 km.

Hoe lyk die pad? 7 km of 11 km grondpad, afhangend van waar jy kom. Die langer pad is in redelike toestand, maar die korter een is nie te waffers nie.

GPS S25.915211 E27.275742

UTOPIA



Troeteldiervoorwaardes Jy moet jou honde – waarvoor jy ekstra betaal – die heeltid dophou en hulle verkieslik aan 'n leiband hê, want hier is plaasdiere soos skape, beeste en varke.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 22 staanplekke tussen netjiese rye bome op gras of grond, afhangend van die skaduwee. Jy deel 'n kragpunt en hier is losstaande braaidromme sonder roosters. Die selfoonsein is wisselvallig.

Ablusiegeriewe 1 gebou by die staanplekke met aparte geriewe vir mans en vroue (gasgeisers) en 'n tweede gebou 'n entjie weg met 'n donkie en soortgelyke geriewe.

Aankoms- en vertrektyd 10:00 en 14:00.

Kontak 📞 082 774 8543

✉️ wilna@swdconnect.co.za

📍 Utopia Wedding and Events Venue

Naaste dorp Swellendam 10 km.

Hoe lyk die pad? 10 km goeie grondpad.

GPS S34.041809 E20.325475

Bomwerper of vegvliegtuig?

In hierdie uitgawe toets ons, soos altyd, iets met vier wiele. Dié slag is dit net in die vorm van twee GS-motorfietse. Die een span allerlei tegnologiese wonders in om jou landreis maklik te maak, terwyl die ander een herinner aan die dae toe motorfietse eenvoudiger was.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Verskaf**

Daar is mededingende filosofieë oor motorfietsry, en die twee kampe wat die heel meeste van mekaar verskil, is die tegnofiele en die puriste. Eersgenoemde put genot uit moderne tegnologie terwyl laasgenoemde glo motorfietse moet eenvoudige masjiene wees met min elektroniese affêrings. BMW het 'n GS vir albei.

Wat het ons hier?

Die eerste GS wat BMW aan ons oorhandig het, was die R1300GS Adventure. Ons moes self die kolossale ryding by BMW se mediavloot gaan haal, want daar was niemand wat groot en sterk genoeg was om die motorfiets na ons toe te bring nie. (Volpunte vir fyn spog, Cyril. – Red.)

Dit is 'n intimiderende motorfiets met 'n breë brandstoftenk tussen jou bene en 'n wye stuurstang waarmee ons die swaar motorfiets deur voorstedelike verkeersknoppe moes stoei. Ná 'n paar noue ontkomings was ons terug by die werkplek waar ons die R1300GS Adventure goed kon bekijk.

Die treffendste eienskappe is die 30 l-brandstoftenk en die X-vormige LED-hooflig, maar as jy nader staan, sien jy verrassings soos die netjiese sweismerke op die brandstoftenk wat doelbewus onbloom is. Die legio vasmaakplekke en monteerpunte oral op die motorfiets verdien ook 'n pluimpie.

BMW GS



Ons toetsmodel was toegerus met enjinbeskermers, 'n skaafplaat, handbeskermers en kolligte. Al wat gekort het, was bagasie, en dan was ons weg op 'n wêreldtoer.

Die tweede GS wat BMW ons laat toets het, was die R12 g/s. Hierdie een is by ons werkplek afgelewer omdat die vlootbestuurder kans gesien het om hom self te ry. Ons was somer met die intrapslag versot op dié ysterperd. Die ouderwetse stiling is uitstekend, maar dis nie só oordoen dat jy verlore raak in die heimwee nie. Die saal lyk ongemaaklik dun (hy is nie), die hooflig is 'n een-


voudige sirkel in 'n piepklein windscherm, die raam is ontbloot en skelrooi geverf, en die instrumentasie is minimaal met net 'n spoedleser en basiese inligting. Pleks van 'n uitgebreide digitale skerm met GPS-kaarte verskaf BMW 'n monteerstuk vir jou selfoon. Hier's selfs 'n tradisionele sleutelgat!

Hoe ry hulle?

Die groter BMW R1300GS Adventure is gemaak vir lang ritte deur die verlate Karoo of Namibië se treffende grondpaaie. Ons het dit verpes om met die R1300GS Adventure

stad toe te ry en hy was selfs 'n hand vol in woonbuurte. Jy raak mettertyd gewoon aan sy logge lyf, maar om eerlik te wees het ons opgesien na elke rit, tensy ons beboorde gebiede kon verlaat en die ooppad takel.

Die kleiner BMW R12 g/s was 'n heel ander ondervinding en ons het uitgesien na elke rit, of dit nou sandduine, stadsverkeer, bospaadjies of grondpadsnelweë was. Die R12 g/s voel speels en opwindend, en hoewel hy 'n effens kleiner enjin het met laer kragleweringsyfers as die R1300GS Adventure, het hy vinniger en ratser gevoel. >



SOOS IN DIE OU DAE. Die R12 g/s is die soort motorfiets waarop jy somer met die intrapslag versot raak, veral as jy iemand is wat 'n goeie vier dekades terug al jou ysterperdtande gesny het. Hy voel speels en opwindend, en hoewel sy enjin effens kleiner as die R1300GS Adventure s'n is, voel hy steeds vinniger en ratser as sy groter familielid.



SPESIFIKASIES

Model	BMW R12 g/s
Enjin	1 170 cc-tweecilinder-bokser
Krag	80 kW @ 7 000 r.p.m.
Wringkrag	115 Nm @ 6 500 r.p.m.
Ratkas	6 spoed
Aandrywing	Dryfas
Sitplekhoogte	860 mm
Tenk	15,5 l
Brandstofverbruik	5,6 l/100 km (getoets)
Bandgrootte	90/90 R21 (voor), 150/70 R17 (agter)
Gewig	229 kg
Vraggewig	201 kg
Afmetings	2 200 mm (l) x 830 mm (w)
Versnelling (0-100 km/h)	4,1 s
Topspoed	210 km/h
Waarborg	5 jaar
Diensplan	3 jaar
PRYS	R309 200

Die R1300GS Adventure het 'n ooraanbod elektroniese ritmodusse wat by elke denkbare padoppervlak pas, terwyl die R12 g/s net twee het: teerpad en grondpad. Die R12 g/s het ook nie 'n brandstofvlakleser nie en jy moet self die berekeninge in jou kop maak hoeveel petrol in die tenk oor is...

Die mededingers

Die R1300GS Adventure se natuurlike mededinger is die KTM 1390 Super Adventure R. Hy's 'n wilde ryding wat die BMW ore aansit wanneer dit kom by veldryvermoë. Minder mense hou egter van die KTM en die vervaardiger se lae verkoopsyfers, wat verlede jaar byna tot sy bankrotskap gelei het, is 'n bewys hiervan. Was dit nie vir 'n finansiële hupstoot van die Indiese motormaatskappy Bajaj nie, was dit waarskynlik bokveld toe vir KTM.

Die R12 g/s het nie werklik 'n eweknie in die mark nie. Die naaste een is seker die Suzuki V-Strom 1050 DE, wat ook ouderwetse stiling gebruik om motorfietsryers se hartsnare te roer.

Slotsom

As jy ons in 'n hoek vaskeer en dwing om tussen die R1300GS Adventure en R12 g/s te kies, dan kies ons laasgenoemde. Ons verstaan egter waarom meer mense vir die R1300GS sal gaan, maar na ons mening bied die R12 g/s iets wat min ander motorfietsse kan: hy neem ons terug in tyd na die jare tagtig toe ons leer motorfietsry en allerlei manewales aangevang het. In dae van onsekerheid is dit immers lekker om te vlug na die verlede.



“

Na ons mening bied die R12 g/s iets wat min ander motorfietsse kan: hy neem ons terug in tyd.


”





SPESIFIKASIES

Model	BMW R1300GS Adventure
Enjin	1 298 cc-tweesilinder-bokser
Krag	108 kW @ 7 750 r.p.m.
Wringkrag	149 Nm @ 6 500 r.p.m.
Ratkas	6 spoed
Aandrywing	Dryfas
Sitplekhoogte	870 mm
Tenk	30 l
Brandstofverbruik	5,7 l/100 km (getoets)
Bandgrootte	120/70 R19 (voor), 170/60 R17 (agter)
Gewig	269 kg
Vraggewig	216 kg
Afmetings	2 280 (l) x 1 011 mm (w)
Versnelling (0-100 km/h)	3,7 s
Topspoed	240 km/h
Waarborg	5 jaar
Diensplan	3 jaar
PRYS	R404 500



VAN DIE MEDEDINGERS

Een avontuurmotorfiets wat herinner aan die goeie ou dae en een vir die toekoms



R259 950

Suzuki V-Strom 1050 DE

Die V-Strom herinner aan die DR Big uit die jare negentig.



R419 999

KTM 1390 Super Adventure R

Daar is min mense wat die volle potensiaal in KTM se kragknaap kan benut.



STEWIG IN SY SOKKIES. Die R1300 Adventure is 'n intimiderende motorfiets met 'n breë brandstoftenk tussen jou bene, 'n wye stuurstang en 'n ooraanbod elektroniese ritmodusse wat by elke denkbare padoppervlak pas. Hy is gemaak vir lang ritte deur die verlate Karoo of Namibië se treffende grondpaaie.

Gebou vir sleep

Hy is deesdae dalk effens sagter op die oog as sy hoekige voorganger, maar die Land Rover Defender is steeds sy sout werd met 'n wa op die haak.

Teks en foto's **Leon Botha**



LAND ROVER DEFENDER 110

Die Land Rover Defender is 'n vakansievoertuig in die ware sin van die woord, want hy het pakplek soos min én hy is swaar genoeg om omtrent enige woonwa te sleep.

'n Mens kan sommer dadelik sien die Defender is ontwerp met woonwaslepers in gedagte, want buiten die sagteware in sy blikbrein is daar ook ander nuttige eienskappe om die lewe met 'n wa op die haak makliker te maak. Dinge soos die middelste truspieël wat deur jou bagasie kan "sien", selfs al is dit tot teen die dak gepak; die agterdeur wat na die kant toe oopmaak

pleks van boontoe; die verwyderbare stang; en die trukamera.

Tyd om te haak

Soos verskeie ander nuwe voertuie moet jy eers die 13-puntpasstuk in die Defender se harnas pas, anders gaan dit knor om jou woonwa se ligteprop in te kry. Wanneer jy dit gedoen het, maak die Defender se lugvering die haakslag maklik, want hiermee kan jy die afstand tussen die bol van die stang en die grond verstel. Die hoogste verstelling verskil 15 cm van die laagste een en die skakelaar hiervoor is links in die laairuim.

Ons het die besigheid op die grasperk van die kampterrein gemeet, en die bol was op sy laagste verstelling 36 cm bo die gras en op die hoogste 51 cm. Dit is merkwaardig naby aan die verpligte spesifikasies wat bepaal dat 'n woonwa se koppelstuk 35-46,5 cm bo die grond moet wees wanneer dit volgelaai en waterpas staan.

Met die terugstootslag begin die trusensor skree wanneer jy 74 cm van die koppelstuk af is. Op die truskerm sien jy twee beelde om jou te help. Die een links wys jou wat agter die Defender aangaan deur die oog van die lens wat tussen die nommerplaat en die deur

sit. Die stangbol is mooi in die middel, en weerskante is twee geel bane wat wys op watter trajek jy beweeg. Die beeld regs is 'n boonsig oor die hele voertuig wat ook die trajek aan beide die voor- en agterkant wys, maar nie net na agter nie, ook voor die kar.

'n Helpende hand

Die Defender se rekenaar het Hitch Assist-sagteware wat, soos die naam aandui, spesifiek ontwikkel is om hand by te sit wanneer jy haak. Dit help jou om die bol tot presies onder die koppelstuk te kry.

Aktiveer die Hitch Assist-funksie en klik op "Towing". Die beeld regs op die skerm wys steeds jou denkbeeldige baan, maar op die linkerbeeld sien jy nou 'n geel korrellyn van die bol tot by die wa se koppelstuk. Daar is ook 'n rooi kol op die bol op die skerm waarmee jy presies kan korrel.

Sowat 76 cm van die koppelstuk af begin die trusensor jou waarsku, maar as die alarm steurend raak, kan jy hom stilmaak deur op die luidspreker-ikoon onder die beeld te klik. Die korrellyn krom soos jy die stuur draai. Hou dit op die koppelstuk en stoot terug tot die rooi kol mooi in die middel van jou teiken is.

Die handleiding sê die hoogteverskil tussen die bol en die koppelstuk bepaal hoe akkuraat die Hitch Assist-funksie werk – dit mag nie meer as 3 cm wees nie. In ons geval het die vering met 'n sentimeter gesak onder die neusgewig van die Tuff Cats Mbada-woonwa.

Kyk agter jou

Wanneer jy jou sit kry voor die stuur, sien jy die rekenaar het een of twee veranderinge gemaak nadat jy die wa gehaak het. Die blindekolsensors wat jou normaalweg in die syspieëls waarsku, wys nou net 'n kolletjie om jou te herinner om self te kyk en seker te maak wat langs jou aangaan voor jy van baan verwissel.

Tweedens flikker 'n sleepwa-ikoon saam met die groen pyltjie in die paneel wanneer jy jou flikkerligte aanskakel. Dit gee 'n mens vermoedens om te weet dat die Defender 'n ogie oor die wa hou terwyl jy sleep.

Hoewel 'n mens verkies dat die uitsig van jou middeltruspieël tot by die agterruit onbelemmerd is sodat jy die wa kan dophou, is dit nie altyd prakties nie. Daar is soms net te veel goed om saam te karwei en word die laairuim tot teen die dak gepak, en dan is daardie spieëltjie basies nutteloos.

Jy kan egter die Defender maar laai sonder om daardie uitsig prys te gee, >





Ry & Sleep sê Ons het presies drie jaar gelede die eerste keer kennis gemaak met die nuwe Defender. Dit was die 90-model met 'n kort asafstand, en ons het 'n soortge-lyke boswoonwa gesleep. Die brandstofverbruik was destyds effens swaarder teen 14,7 l/100 km. Ons moet darem noem daardie enjin het 80 Nm meer wringkrag gehad.



want bo-op die dak is ook 'n lens wat agter-toe kyk en waarvan die beeld op die einste spieël – of dan 'n rekenaarskerm – wys. Jy kan wel die beeld afskakel as jy eerder 'n konvensionele spieëlbeeld verkies.

Wanneer jy langs die pad moet stilhou, is dit nie 'n gesukkel om die agterdeur oop te maak nie (solank jou sleepkombinasie in 'n reguit lyn staan). Die deur swaai kant toe en heeltemal oop – dis gerieflik as jy iets agter uit die laairuim moet haal. Die enigste moeilikheid kan dalk jou wa se opgetrekte neuswiel wees, maar in ons geval was hy verwyderbaar. As jou wa se noodremhefboom keer dat jy die deur heeltemal kan oopmaak, het jy groter probleme... dié moet plat lê wanneer jy sleep. Hy moet dus in die eerste plek nie in die pad wees nie.

Wat sleep jy?

Met die Defender se Trailer Calibration-funksie voer jy jou wa se gegewens vir die rekenaar in, en só raak die terugstoot selfs nóg makliker.


Klik op "Towing & Trailers" op die tuisskerm



Totale afstand 553 km Pad Snelweë, agterpaaie, beboude gebiede en grondpaaie

SLEEPPROFIEL

Hoogte bo seespieël



Die sleeping

Fabrikaat Tuff Cats
Model Mbada 2D Max
Jaarmodel 2025
BVM 1800 kg

Ry & Sleep het die Mbada 2D by
 All Out Caravan & Leisure Cara-Camp,
 'n handelaar van Tuff Cats, geleen.
 ☎ 083 290 3389 🌐 cara-camp.co.za
 ✉ info@cara-camp.co.za




SPESIFIKASIES

Model	3.0 D D250 S
Enjin	6 silinder-turbodiesel
Krag	183 kW
Wringkrag	570 Nm
Ratkas	8 speed-automaties
Aandrywing	Allewiel
Tenk	89 l
Brandstofverbruik met woonwa	12,5 l/100 km (8 km/l)
Reikafstand met woonwa	712 km
Tarragewig	2300 kg
BVM	(lisensieskyf) 3280 kg
BKM	6700 kg
Sleepvermoë	3420 kg (BKM-BVM)
Sleepstang se maksimum vertikale gewig	200 kg
Is die stang verwyderbaar?	Ja
PRYS	R1 790 461 (soos getoets)

en kies een van die ses keuses wat op jou wa van toepassing is: 'n Gewone sleepwa, 'n herwinningsleepwa vir voertuie, 'n goederewa, 'n bootsleepwa, 'n woonwa of 'n perdesleepwa. Nou kies jy of jou wa 'n enkel-, dubbel- of drie asse het, en dan wil die rekenaar weet wat die afstand tussen die wa se koppelstuk en sy as is, gevolg deur die buitenste maat tussen die wiele.

Die trubeeld links op die skerm kry

nou twee regop beelde langsnaar waar jy net-net die wiele van die wa kan sien. 'n Kennisgewing heel onder op die skerm sê ry nou reguit vorentoe totdat die kalibrering voltooi is (in ons geval was dit 38 meter). As jy nou teen 'n hoek terugstoot, wys twee pers bane in die beeld na watter kant toe jy draai terwyl die beeld heel regs steeds 'n bo-skoot wys in die denkbeeldige baan waarin jy beweeg.



Van die mededingers Deurwinterde en luukse veldryers



R1 319 900

Jeep Wrangler Rubicon

400 Nm

2 l-viersilinder-turbopetrolenjin, 200 kW.



R1 550 000

Toyota Land Cruiser 300 GX-R

700 Nm

3,3 l-V6-turbodieselenjin, 225 kW.



R1 928 600

Ineos Grenadier 1924

550 Nm

3 l-sessilinder-dubbel-turbodieselenjin, 183 kW.

Vierwielwa


Die nuwe Infanta Enkulu 4 se ekstra as bied veel meer as net twee ekstra wiele.

Teks en foto's Leon Botha

INFANTA ENKULU 4

Die Enkulu 4 is Infanta 4x4 se nuutste model en is baie dieselfde as die Enkulu 3, behalwe dat hy met 'n dubbelas gebou word. Hulle het dieselfde afmetings; dis net op die skaal waar hulle verskil. Die Enkulu 4 se brutovoertuig-massa is 200 kg swaarder, en daarom moet jou sleepvoertuig se tarragewig daardie verskil weerspieël en minstens 2 100 kg wees. Ons het die Enkulu 4 met die intreemodel Ford Ranger gesleep met 'n tarragewig van 2 220 kg.

Ja, die wa laat die skaal effens kreun, maar vergeleke met die ander 12 plaaslike modelle wat deur 8 vervaardigers gebou word, is die Enkulu 4 een van die ligter nuwe dubbelas-waens op die mark.



Aan die spits

Die noodwiel staan op die A-raam met twee seilsakke weerskante teen die romp waar jy los goed soos tentpenne en stormtoue inpak. Bo elke sak is 'n liggie met bewegingsensors – as jy snags voor die wa verby-stap, skakel die liggies outomaties aan. Dis dus net jou eie skuld as jy weer jou been teen die koppelstuk stamp.

Die neuswiel is verwyderbaar en die passtuk daarvoor is regs van die noodwiel.

Die bedkapsule trek 96 cm ver uit die regterpaneel en jy sluit die slaapplek met skeepsvrachthouer-slotte toe terwyl jy sleep.

Nadat jy die kapsule uitgetrek het, val 'n stutarm onder die boom van die bed in plek wat keer dat die bed terugrol as jy klaar opgeslaan het.

Die buitekas tussen die bedkapsule en die A-raam is groot en geskik vir dinge soos kampstoele. Die kas is 66 cm diep en die opening 96 cm breed en 56 cm hoog. Dis ook die bêreplek vir die opslaankamptafel (92 x 53 cm) wat bo in die kas pas.

Die kasset vir die toilet is agter die deur links van die groot kas. >



Kombuiskuif

Die buitekombuis se kaste is rondom die wiele ingepas, en omdat daar 'n ekstra wiel is, is die konfigurasie van die kaste die opsigtelikste verskil tussen die Enkulu 3 en 4.

Jy het vier kaste waarvan die grootste een bo die wiele is met plek vir jou eetgerei, koshouers en breekware. Die gasstoom is links op die blad gemonteer. Die kas links is omtrent die helfte kleiner. Die voorste wiel neem dié onderste ruimte op en daar is nie 'n deur wat van links na regs oopmaak nie, maar as 'n werkblad platslaan.

Die werkblad-kasdeure het elk 'n lippie van sowat 2 cm wat oor 'n rubberstrook pas wanneer jy dit toemaak. Al hierdie werkblaaie is 55 cm breed en op 'n gemaklike hoogte van 93 cm bo die grond. Hier is ook 'n 220V-kragpunt in elkeen van die twee kaste links.

In die Enkulu 3 kan 'n mikrogolfoond in die kas heel links pas terwyl die toetsmodel se mikrogolf in die regterkantse kas staan.

Die regterkantse kas word ook verander: Die raam vir die wasbakke wat in die Enkulu 3 hier uitgly, skuif om die hoek na agter. Dis tans deel van die prototipe en die ontwerp is nog nie finaal nie. 'n Raamwerk slaan plat met plek vir die twee los skottels en 'n droograk langs mekaar. Die spuitstuk is om die hoek onder die mikrogolfoond. Vir nou is dit prakties, want dit skep meer ruimte in die kombuis.

Onder dié rak slaan nog 'n rak – tussen die twee hoekstutte – plat. (Op elke hoek van die wa is 'n hoekstut.) Dis ideaal om 'n sakkie of drie braaihout aan te ry van die kantoor af nadat jy by die kamp-plek aangemeld het.

In die lengte bo die kombuis-kaste is 'n groef waarin die kenmerkende los kombuisrakkies van Infanta pas. Dis uiteraard vir meer pakplek in die kombuis. Elkeen het 'n lig onder wat die kombuis snags verlig (dis buite die ligte binne-in die kaste).

Die ys-vrieskas trek uit die kas links van die instapdeur en staan parallel met die romp.



Ry & Sleep sê Hier is 'n smal wasgoedreling op die punt van die bedkapsule wat netjies oopslaan onder die venster.





Kom maar binne

'n Los trappie staan buite die deur en jy kan regop in die wa klim. Binne is 'n versonke trap en die deuropening se afmetings is 166 x 56 cm.

Die dak lig met vier elektriese motors waarvan die skakelaar binne langs die bed is.

Links van die deur is die eethoek, wat in slaapplek vir nog twee mense verander. Vier

volwassenes pas gemaklik in op die banke om die stewige tafel. Die blad is 82 cm breed en 90 cm lank. Die vloer onder die tafel is 'n plat kas – jy kan by die kas uitkom terwyl die tafel opgeslaan is, want die dubbele voet pas in ronde sokke wat soos 'n elmboog swik as jy die deksel lig. Die tafel het skarniere waar dit aan die romp vas is.

Bo die tafel is 'n deur so breed


soos die romp. Die deur sit dwars en maak soos 'n enjinkap oop. Dis vir ekstra lig en lug binne ('n gaasskerm sorg dat die goggas buite bly.)

As jy die bed wil gebruik, skuif die twee penne wat die tafelblad stewig aan die romp hou, uit die pad en die blad slaan plat tussen die twee banke in.

Die spatkamer is langs die eethoek teen die oorkantse paneel

en omtrent in die middel van die wa. Hier is 'n regop spieël aan die buitekant van die badkamer. Die spatkamer self is 93 x 110 cm groot met die toilet links en die wasbak regs. Die deur rits met 'n seilflap toe.

Oorkant die spatkamer – regs van die deur – is 'n smal blad. Van hier af is kaste met seildeure tot teen die agterkant. Die een onderste kas maak oop in >



'n deel van die buitekombuis en hier is verskeie groottes rakke vir al jou klere in die boonste kaste.

Op die punt is 'n plat kas waarop jy kan sit wanneer jy jou skoene aantrek. Die deur kan ooplig, wat jou toegang gee tot 'n kas wat oor die hele breedte van die wa strek. Hierdie kas het ook deure aan die buitekant.

'n Kabel bo naby die dak en agterpaneel span van die een kant tot die ander en is 'n gawe plek om iets soos 'n handdoek oor te hang om droog te word.

Die bed is 194 x 149 cm groot en is net 'n aks smaller as koningingrootte.

Die venster by sy koppen-ent kan oopmaak en die twee syvensters is permanent.



VIER WIELE TEENOR TWEE



- 'n Dubbelas het beter padhouvermoë omdat die gewiglas ewerediger versprei is tussen die wiele. 'n Enkelas kantel basies weerskante van die as.
- Jou kans op 'n lekband op 'n dubbelas is twee keer soveel, maar jy sit steeds met 'n ekstra band as jy een verloor. Jy kan dus verder kruip as jy nie dadelik die band kan omruil nie. Met 'n enkelas kan jy gestrand sit as jy nie die wiel dadelik kan vervang nie.
- 'n Dubbelas sleep egaliger oor slegte paaie, want 'n enkelas se teengewig rus op die sleepstang, terwyl die teengewig op 'n dubbelas eerder tussen die twee asse gedeel word met 'n matiger teengewig op die stang.
- 'n Dubbelas het meer onderdele om te onderhou, en omdat hulle swaarder is, gaan jy dit aan jou sak voel by die vulstasie.
- Die grootste frustrasie van 'n dubbelas kom wanneer jy afhaak en die wa met die hand wil draai. Skuiwers is dus 'n goeie idee. Die teenargument is dat die tipiese kamp-plekke wat jy met dié soort boswoonwa besoek, ruim genoeg is dat jy die wa met jou voertuig presies kan parkeer.
- Op papier kan 'n dubbelas 'n swaarder gewig dra: Die Enkulu 3 se as is vir 2,5 t gegradeer, en die Enkulu 4 het twee van dié asse. Die Enkulu 3 se tarragewig en BVM is 1 100 kg en 1 900 kg, en die Enkulu 4 s'n onderskeidelik 1 700 kg en 2 100 kg. Omdat die tarragewigte met 600 kg verskil en die BVM met net 200 kg, kan jy minder gewig in die Enkulu 4 laai. Dit pla egter nie, want volledig toegerus staan die Enkulu 4 op 1 950 kg (die afleweringsgewig). Jy moet nog net kos en klere pak en hiervoor kan jy 'n verdere 150 kg laai.

Wat is standaard?

Saam met die standaardkoop kry jy die volgende: Die uitglybed, eethoek met dubbele banke (leerbekleedsel) wat in 'n tweede bed kan verander, 'n elektriese opwipdak, ingeboude watertenk (110 l), 12V-waterpomp, Hansen-14 l-220V-gasgeiser met loodgieterswerk, tweeplaatgasstoof, opwasplek met 2 skottels, 'n droograk en raamwerk, en bedrading vir die laai van die battery terwyl jy sleep.


Onder die byna 40 opsionele ekstras tel die volgende: 'n toegeruste spatkamer (R28 175); kragstelsel met onder meer ligte,

USB-sokke, 12V-Victron-laaistelsel, batterymonitor en sonkragbeheerder; 'n keuse tussen 'n 105 Ah-diepsiklusbattery (R3 680) of 108 Ah-litiumbattery (R7 475); 120 W-son-paneel (R3 594) of 430 W-son-paneel (R7 820); 2 000 W-omskakelaar (R16 099); 220 V-lug-reëlaar (R17 135); 19 l-mikrogolfoond (R3 450); 90 l-National Luna-ys-vrieskas (R17 825); 360°-Howling Moon-uitswaaidak (R25 300); aluminiumkamptafel (R5 175); rak vir braaihout (R5 290); 2 kantvensters by die bed (R11 270) en die wasgoedlyn wat platslaan (R4 370).



SPESIFIKASIES

Vervaardiger.....	Infanta 4x4
Model.....	Enkulu 4
Slaapplek.....	4
Grootte.....	6,1 x 2,3 x 2,36 m
Tarra.....	1 700 kg
Dravermoë.....	400 kg
BVM.....	2 100 kg
As.....	2 x 2,5 t
Wielgrootte.....	16 duim
Onderstel.....	Gegalvaniseer
Romp.....	Aluminium
Prys.....	R664 309



Handelaarsnetwerk Hoofkantoor en vertoonlokaal in Buffeljagsrivier plus 4 handelaars in die Wes-Kaap en Gauteng. **Kontak** ☎ 028 512 3663 ✉ info@infanta4x4.co.za 🌐 infanta4x4.co.za



R664 309

INFANTA ENKULU 4

BVM 2 100 kg

VAN DIE MEDEDINGERS*

Dubbelasboswoonwaens met 'n soortgelyke BVM



R695 000

BORDERX
EXPEDITION

BVM 2 000-2 200 kg

Het slaapplek vir 2-6, onafhanklike vering en 'n romp van heuningkoeksamestelling met 'n aluminiumraam.



R830 000

LIBERTY CRUISER

BVM 2 200-2 400 kg

Slaapplek vir 3-4, 2 x 2,5 t-asse en romp van aluminium en veselglas.



R917 447

CONQUEROR UEV-25

BVM 2 200 kg

Het slaapplek vir 4, onafhanklike vering en 'n romp van aluminium en sintetiese samestelling.

* Soos gelys in die Koopgids 2025. Die prys is vir 'n standaardwa – hoe elke model toegerus word, verskil van vervaardiger tot vervaardiger.

Ry & Sleep het die Enkulu 4, 'n prototipe, by die vervaardiger geleen.

4x4-wanopvattinge

Daar is baie wysheid, lesse en goeie gebruike te leer wanneer 'n mens oor die 4x4-wêreld gesels, maar daar is ook slegte gewoontes en verkeerde raad.

Teks en foto's **Cyril Klopper**



Jy moet altyd bande afblaas as jy grondpad ry; jy kan nie oor die weg kom sonder 'n ewenaarslot nie; en 'n kort asafstand is beter as 'n lang asafstand... Jy het seker al hierdie stellings gehoor en dalk self aan die debat deelgeneem. Daar is egter grys gebiede in elke standpunt, want min dinge is immers bloot net wit en swart.

Ons bespreek vyf van die algemeenste opvattinge wat deels of heeltemal onwaar is.


Smal bande wen

Voor ons dié bewering takel, is dit belangrik om te verstaan dat slegs 'n klein persentasie van jou band se omtrek aan die grond raak. Dit word die kontakkol of voetspoor genoem (in Engels "contact patch" of "footprint"). Smal bande het oor die algemeen 'n langer maar dunner voetspoor terwyl breë bande 'n korter, breër voetspoor het.

Dikwels word aangevoer dat dunner bande se sywande minder skade ly omdat hulle sywande nie so ver uitpeul as dié van vet bande nie. Dit is inderdaad die geval, maar jy kan dit maklik regstel deur breë bande op breë wielvellinge aan te bring – sien die illustrasie hiernaas.

Kom ons bespreek nou die voor- en nadele van smal bande op smal vellinge en breë bande op breë vellinge.

Smal bande presteer beter op nat paaie,



want hulle hoef minder water te verplaas en is dus minder geneig om oor die water te skaats – 'n verskynsel wat in Engels "aqua planing" genoem word. Breë bande moet meer water verplaas en sal makliker greep verloor. Die smal band kry dus 'n punt.

Smal bande "sny" maklik deur vlak sneeu en modder tot op harde grond vir beter vasstrap. Breë bande, daarteenoor, sal makliker greep verloor en jou in 'n sloot langs die pad laat beland. Nog 'n punt vir die dun band.



Smal bande weeg minder en kry minder windweerstand, wat sorg vir beter brandstofverbruik. Hulle is boonop goedkoper as breë bande – 'n derde punt vir die smal band.

Breë bande presteer beter op droë paaie, want hulle het aansienlik beter greep as smal bande. Die breë band slaan dus terug met sy eerste punt.

Breë bande presteer beter in diep sneeu en modder, want hulle "dryf" oor die glibberige medium. Smal bande gaan veroorsaak dat jou voertuig op sy pens vasval indien die sneeu of modder té diep is. Twee punte vir die breë band.

'n Breë band vaar beter op sand en rotse, want hy't reeds 'n breë voetspoor én jy kan die lengte van die voetspoor langer maak deur lugdruk te verminder. Jy kan nie 'n smal band se voetspoor noemenswaardig verbreed nie.

Die smal én breë band kry dus drie punte, en daarom is nie een van die twee beter as die ander nie. Dit hang alles af wat jy beplan om te doen met jou voertuig.



4x4-kursusse is onnodig

Plaasseuns wat van 'n jong ouderdom af bestuur – lank voor hulle 'n rybewys het – is glo natuurlike 4x4-bestuurders. Ons gee toe dat plaas-kinders 'n voordeel bo stadsjapies geniet wanneer dit by grondpaaie kom, maar daar is dinge wat hulle nie altyd self aanleer nie.

Professionele 4x4-instrukteurs leer jou oor dinge soos omgewingsimpak en herwinningstegnieke. Op die plaas gaan haal jy jou pa se trekker om jou uit 'n penarie te kry, maar 'n instrukteur leer jou om jouself te help of selfs hoe om in die eerste plek nooit in 'n penarie te beland nie.

Jy glo dalk jy kan jouself leer – en dit is beslis moontlik – maar jy gaan ook slegte gewoontes aanleer wat jou 'n klomp geld gaan kos terwyl jy paneelkloppers en banddienste ryk maak.

Die meeste 4x4-betalroetes bied ook beheerde toestande en ontsnaproetes wat jou geleidelik gewoond maak aan uitdagings sodat jy eendag die wye wêreld met jou bosbakkie kan invaar met die wete dat jy jouself kan help wanneer dinge taai raak.

>



Die boffin móét bestuur

Die een wat jou deur 'n hinder-
nis beduie – die sogenaamde
“spotter” – het 'n belangrike rol
op 'n 4x4-hindernisbaan. Hierdie
persoon het dikwels die meeste
4x4-ondervinding en kan
boonop sien wat onder, langs
en voor jou voertuig aangaan.

Dit is om hierdie rede dat dit
soms goed is dat die bestuur-
der en passasier rolle omruil.

Waarom sal jy immers jou reis-
maat, wat min tot geen 4x4-
ondervinding het nie, laat uit-
klim en jou deur 'n uitdaging
beduie? Wees eerlik met jouself:
Gaan jy volkome op jou oner-
vare reismaat se handgebare
vertrou of gaan jy nou en dan
afkyk en jou eie kop volg? En
dan pak jy boonop die skuld op
jou reismaat wanneer jou trok-
kie se oliepan op 'n klip kap!

As dit net die twee van julle
in een voertuig is, is dit na ons
mening beter dat julle ooreen-
kom op 'n stel handgebare
(julle kan julle eie gebaretaal
opmaak) en dan moet die een
met die meeste 4x4-ondervin-
ging uitklim en die beste lyn
deur die hindernis bespied. Op
sy beurt moet die persoon agter
die stuur stip na die meer ervare
“spotter” se hande staar en elke

gebaar slaafs gehoorsaam.

As julle in 'n konvooi ry,
heers daar uiteraard 'n heel
ander dinamika. Die toerkap-
tein ry dan eerste teen byvoor-
beeld Van Zylspas af en beduie
die ander voertuie daarna om
veilig deur die hindernis te
kom. “Pappa” is in hierdie geval
meer as welkom om agter die
stuur te bly terwyl “Mamma”
foto's neem.



“

Waarom sal jy jou
reismaat, wat min
tot geen 4x4-
ondervinding het
nie, laat uitklim
en jou deur
'n uitdaging beduie?

”

Bly uit die slote

Tweespoorpaie wat op- of afwaarts teen 'n heuvel loop, is dikwels verspoel daar waar jou wiele normaalweg sou loop. Groentjies sal sonder om te dink met hulle voertuig se wiele binne-in die verspoeling ry en dan skrik wanneer hulle voertuig op sy pens vassteek.

Gesoute 4x4-bestuurders weet dat jy uit die slote moet bly en eerder een wiel op die middelmannetjie en die ander op die skouer van die tweespoorpad moet hou. Daar is egter 'n uitsondering op hierdie goue reël.

As 'n nat en glibberige tweespoorpad teen 'n ronding af- of opwaarts teen 'n skuinste loop (of dan "off-camber" in Engels) is dit beter om binne-in die slote te ry mits hulle vlak genoeg is. Die slote sal jou op die nat pad hou nes 'n trein op sy spoor. Ons het al gesien hoe iemand eersgenoemde raad volg deur op die middelmannetjie en skouer te bly, maar dan gly die wiele op die kleigrond, tref die sloot met 'n spoed en die voertuig rol om en beland op sy sy.

Dit is immers beter dat jou trokkie se onderstel en sleephaak op die middelmannetjie skuur as dat hy op sy dak lê, of hoe?



Lig hom hoog

Daar is 4x4-entoesiaste wat aandring dat jy jou trokkie se bakwerk hoër moet ophang. Hoewel daar 'n goeie rede agter hulle aandrang is, is daar ook ernstige nadele verbode aan hierdie soort ombouing.

Jy kan jou trokkie lig sodat jy groter bande kan aanbring, maar dit is waar die voordeel eindig. Jy het ook nou die swaartepunt van jou voertuig hoër gemaak en die kans verhoog dat jou trokkie sal omslaan. Een oplossing hiervoor is om spasiërs tussen die as en die wiele te laat aanbring, maar nou is jou wielspoor só breed dat jy nie lekker in tweespoorpaie pas nie en jou wiele lukraak uit die spoor wil klim.

En nee, jy verbeter nie die grondvry hoogte van jou ryding nadat jy hom gelig het nie, want die onderstel, ewenaar en asse bly op dieselfde hoogte bo die grond, tensy jy groter bande aanbring.

Dink goed of dit die moeite werd is om jou voertuig se stabiliteit en hantering te verruil vir groter bande en 'n bakgat houding.

Klere vir kampkaskenades

Kortbroeke en T-hemde is lekker vir vakansies, maar vir 'n avontuur in die boendes het jy iets nodig wat meer duursaam is.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Cyril Klopper** en **Verskaf**



KRY DIE PRODUKTE HIER

bikerswarehouse.co.za diebraaigat.co.za agrimark.co.za outdoorwarehouse.co.za jimgreenfootware.co.za naturehike.co.za jonssonsworkwear.co.za

Besoek altyd eers 'n verskaffer se webblad om die jongste en korrekte pryse te kry.



100% COGNITO SMART SHOCK-HANDSKOENE

G'n raps oor die kneukels

Indien jou voertuig met 'n wenas toegerus is, is 'n paar handskoene een van die belangrikste bykomstighede wat jy kan pak. Dit is ook gaaf wanneer jy tent opslaan. Ja, jy kan doodgewone tuinhandskoene gebruik, maar ons het ontdek veldmotorfietshandskoene werk beter.

Hierdie handskoene kom in 'n stel van twee en is uiters gemaklik sodat jy delikate werk met gereedskap kan uitvoer. Die D30-kneukelbeskerming is nuttig wanneer jy 'n noodwiel onder jou bakkie moet uitsleep of die domkrag in beknopte spasies moet invoetel.

Hy hou jou hand warm in ysige weer en die mansjet (of dan *cuff*) van rek materiaal glip maklik oor jou gewrig sodat jy hom sonder moeite aan- en uittrek.

PRYS R730 by Biker's Warehouse.

LK'S-BRAAIHANDSKOENE

Warm patat

Die Suid-Afrikaanse braaitoerusting-verskaffer LK's is sinoniem met 'n kuier langs die kole. LK's se braaihandskoene is gemaak van hittebestande wol waarmee jy vlugtig aan metaal kan raak wat tot 500 °C is – solank jy gou weer laat los! Die lang mansjet keer dat jy met-tertyd jou arms gaar braai.

Silikonestrokies op die palm en vingers sorg dat jy die rooster behoorlik vasvat, wat beteken jou tjoppies gaan nie sommer op die grond val nie. Aangesien LK's so 'n bekende handelsmerk is, gaan jy hierdie handskoen in amper enige kampwinkel en supermark raakloop, van Outdoor Warehouse tot Checkers.

PRYS R250 by Die Braai Gat.



DROMEX- VEELDOELIGE WERKBROEK

Murg in jou pype

Ons kan die Britse avonturier Bear Grylls bedank vir die bekendstelling van die veeldoelige werkbroek aan die avontuurbedryf. Elke week op die televisie kon ons sien hoe Bear hierdie broek dra terwyl hy oor dongas spring en met luislange stoei.

Dromex is 'n eg Suid-Afrikaanse maatskappy wat hom toespits op veiligheid in die werkplek. Sy veeldoelige werkbroek word gemaak van 300D-waterbestande Oxford-poliëster. Die lekkerte van hierdie broek is dat hy langer skoon bly as jou jeans, want jy kan modder afskud sodra dit droog is.

Hy't sakke vir dinge soos jou selfoon, penne en notaboekies, en selfs lussies waaraan jy gereedskap kan hang terwyl jy aan jou trokkie werk. Of 'n hamer en tentpenne wanneer jy kamp opslaan.

Die materiaal is liggewig (die langbroek weeg 'n kilogram) en tog is hy uiters duursaam. Boonop het hy glimstrokies sodat motoriste jou snags langs die pad kan raaksien terwyl jy 'n wiel in die donker omruil.

PRYS R850 by Agrimark.

>

DUNLOP-ON SITE-WERKBOEK

Nóg 'n bietjie murg

Dunlop se On Site-werkboek is oorspronklik ontwerp vir vakmanne wat lang skofte in die werkplek deurbring, maar hy's ewe geskik vir oorlandreisigers wat lang ure agter die stuur deurbring en kampeerdere wat op stowwerige grond moet tent opslaan.

Die boek word gemaak van 64% katoen, 33% poliëster en 3% Spandex met Cordura-panele op die knieë en ander plekkies wat maklik deurskaaf. Nes Dromex se werkboek (sien vorige blad) het hy'n ingeboude gereedskapgordel waaraan jy kampgoed en moersleutels kan hang.

Jy kan ook opsionele rubberkniebeskermers vir die boek koop teen R220 vir 'n stel van twee. Hulle druk in vakkies aan die binnekant in sodat jy gemakliker op jou knieë kan werk. Dit is

veral nuttig wanneer jy langs 'n teerpad moet wiel omruil of op jou knieë moet gaan om 'n sukkelende kampvuur aan die gang te blaas.

PRYS R750 by Outdoor Warehouse.



JIM GREEN-4x4-STEWELS

Viertrek vir twee voete

Dié bekende skoenmaker sê hy wou met sy reeks 4x4-stewels iets eiesoortigs skep. Jim Green het 'n 4x4-loopvlaksool onder aan sy stewel vasgestik en dit afgerond met 'n EVA-middelsoolkussing vir gemak. Die boonste deel het bruin leer met 'n "Afrika"-patroon – die motief herinner glo aan die vel van 'n buffel of olifant...

Die boonste leer is 2,2 mm dik en kussings keer dat jou enkels teen die skoene skaaf. Die sool is met nylonkoorde van 2 mm dik aan die middelsool vasgestik, maar die sool is nietemin vervangbaar. Nie dat jy hulle gou gaan deurtrap nie.

Daar is ook plastiekpanele oor die tone en rondom die hak vir ekstra ondersteuning en beskerming. Jy gaan beslis die aandag trek met hierdie vastrappers, en jy kan loop waar 4x4-rygoed nie kan uitkom nie.

PRYS R2 200 by Jim Green.



NATUREHIKE-WAADSKOENE

Kop bo water

Stewels is goed en gaaf vir 'n 4x4-roete, maar in 'n vakansieoord of op die langpad soek jy iets koelers en gemakliker. Soos jy seker uit die naam kan aflei, is NatureHike se waadskoene gemaak om deur riviere te waad. Die sool sal jou voet beskerm teen skerp klippe en die maasstof laat water uit die skoene dreineer. Die rede waarom ons dié skoene voorstel, is egter sodat jy hom in die kampplek kan dra.

Hy is gemakliker en netjieser as 'n plakkie, want hy sal nie van jou voet afval wanneer jy strand toe draf nie, en hy steek jou lelike toonaels en gebarste hakskene weg. Hy's ook beter as 'n tekkie, want hy't geen veters nie – jy trek bloot die rekkie los en jou voet glip maklik in.

Hy's uiteraard ook geskik vir plekke soos Chobe in Botswana waar jy te voet deur riviere moet waad voordat jy met jou bosbakkie deurry.

PRYS R800 by NatureHike.



DUNLOP HYBRID-VAGBAADJIE

Bly warm in die winter

Kry vir jou somer ook dié Dunlop-vagbaadjie wanneer jy die vervaardiger se bypassende broek aanskaf (sien bl. 102). Dunlop sê die baadjie is ontwikkel vir mense wat heeldag in koelstore is of buite op bouprojekte werk. Daarom het die baadjie 'n kappie wat jy met 'n koord styf oor jou kop kan vastrek wanneer dit vriesend koud is.

Die baadjie is met vagstof (of dan *fleece*) uitgevoer en die buitenste laag word gemaak van 78% poliëster, 14% viskose materiaal, en 8% Elastane ('n rekbare materiaal soortgelyk aan Spandex).

Die lussies aan die ritssluiters glim heldergeel in die donker sodat motoriste jou raaksien, en daar is 'n ooraanbod sakke binne- en buitelangs vir dinge soos 'n selfoon, bandherstelstel en 'n rol witgoud. **PRYS R900** by Outdoor Warehouse.



JONSSON LEGENDARY TWO-TONE-HEMP

Koel af in die somer

Die Suid-Afrikaanse kleremaker Jonssons sê nie hy het met die sogenaamde *two-tone*-hemp vorendag gekom nie, maar die verbintenis is beslis daar. Jonssons verskaf hierdie soort hemp immers al donkiejare aan landboukoöperasies, waar die goeie ou ontwerp gewild geraak het onder boere, en later ook 4x4-entoesiaste en ander Suid-Afrikaners wat duursame klere vir die buitelewe soek.

Jonssons se hemp is van 100% katoen wat in 'n keperpatroon geweef is vir ekstra gemak. Die nate is met drie rye gare vasgewerk vir ekstra sterkte en die twee ruim hemp-sakke op die bors het gleuwe vir penne en potlode. Die hemp het selfs 'n versteekte binnesak bedoel vir arbeiders se loonkoevert, maar jy kan dit ook gebruik om jou paspoort veilig te hou.

PRYS R600 by Jonssons Workwear.

WAT VAN 'N NAGRYBRIL?

Terwyl ons nou oor die langpad gesels: Wat is die storie met daai geel brille wat glo help om snags beter te sien? Daar is 'n siening dat die geel lense die verblindende lig van aankomende verkeer uitskakel en kontrasterende kleure in die donker uitlig. Ons het die eienaar van 'n Spec-Savers-tak in Kaapstad genader om lig op die saak te werp.

Dié oogarts vertel daar is meer nadele as voordele aan 'n bril met geel lense. Sommige mense bo 50 het dubbel soveel lig nodig om snags te sien as iemand van vroeg in die dertig, en alle blou lig wat deur geel lense uitgefiltreer word, is lig wat jy nie kan sien nie. Hy het ons verwys na navorsing deur Alex D. Hwang in 2019 wat toon dat die verwydering van sekere golflengtes bloot die indruk wek dat jy beter sien in die donker. Jy verloor egter detail, en in die geheel sien jy

eintlik swakker as wat jy dink. Daar is glo 'n chemiese lagie genaamd Drivelite wat 'n lensmaker op 'n voorgeskrewe bril kan laat aanbring, maar ons oogarts waarsku dat jou oë eers getoets moet word om sien of hierdie lagie voordelig gaan wees of nie. Kortom, volg jou oogarts se raad eerder as Facebook-advertensies.



Tussemin lekkerte

Almal is gek oor
'n smaaklike vulsel
– in enigiets van
'n toebroodjie tot
'n tortilla.

Resepte en stilering **Johané Neilson**

Foto's **Ed O'Riley**

VARKSTEAK MET SPINASIE, FETA EN HAM

Spinasie vir die nasie

Ek vul maklik twee groot varksteaks vir vier mense eerder as 'n heel steak per persoon, maar besluit self wat jy verkies.

Jy benodig

(maak 4 ruim porsies)

- 4 varkrumpsteaks van 250 g elk
- 1 blik (400 g) tamatiesmoor

VIR DIE VULSEL

- 400 g babaspinasieblare, geblansjeer
- 200 g romerige fetakaas (Deense feta) of mediumvet-roomkaas
- ½ koppie sagte kruie, gekap
- gerasperde skil van 1 suurlemoen
- 12 dun hamskyfies (hamskaafels – of dan *shaved ham* – werk uitstekend)

Só maak jy

1 Maak die vulsel Druk die gaar spinasie goed droog en kap dit baie fyn. Meng dit met die romerige feta, sagte kruie en suurlemoenskil om 'n dik vulsel te maak. Geur die mengsel na smaak met sout en peper.

2 Sny 'n gleuf in elke steak aan die kant wat nie 'n vetrandjie het nie en geur dit binne en buite met sout en swartpeper.

3 Verdeel die spinasievulsel in vier, draai elke porsie toe in drie skyfies ham en stop daardie vulselpakkie in die gleuf wat jy in elke steak gesny het. Jy kan die opening met 'n peuselstokkie of twee toestek as jy voel dit is nodig. Die vulsel kan jy tuis berei, vries en bevrore inpak, reg vir gebruik.

4 Braai die steaks in 'n warm riefpan oor die kole óf in 'n toeklaprooster tot dit mooi goudbruin en net-net deurgaar is. Laat die vleis vir 'n paar minute rus terwyl jy die tamatiesmoor in 'n aparte pan verhit.

5 Sit die vleis en sous saam met jou gunstelingstysel voor – pasta, rys, vars brood of 'n aspatat is heerlik.

Ry & Sleep sê Maak gerus jou eie smoor of tuisgemaakte tamatiesous as jy verkies.



KNUPPELDIK QUESADILLA

Worsjors

Die geurige chorizo gee aan die aartappel in die vulsel 'n heerlik rokerige byt.

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 2 eetlepel olyfolie
- 200 g chorizo, in dun skyfies gesny
- 1 rooi soetrissie, in blokkies gesny
- 4 aartappels, geskil en in blokkies gesny
- 6 middelslag-meeltortillas
- 2 koppies gerasperde cheddar
- 100 g fetakaas

Só maak jy

1 Verhit die olyfolie in 'n pan en braai die chorizo tot lekker bros. Roer die soetrissie en aartappelblokkies by en braai totdat die groente oraloor met die geurige olie bedek is. Geur dit met sout na smaak.

2 Roer 'n koppie water by, sit die deksel op en stoombraai die mengsel stadig tot die water verdamp het en die aartappels sag is. Moenie dit laat aanbrand nie –

gebruik jou oordeel of dit nodig is om 'n tweede keer water by te voeg of nie.

3 Pak die eerste vier tortillas in die hoeke van 'n klein toeklapbraairooster sodat hulle halfyf oorhang en sit die vyfde tortilla in die middel. Die formasie lyk amper soos 'n blom.

4 Sprinkel 'n laag cheddar oor die basis en skep die aartappelvulsel bo-op. Krummel die feta oor, sit die laaste tortilla bo-op die vulsel van die middelste tortilla en vou versigtig die dele wat oorhang, binnetoe, bo-oor die vulsel.

5 Knyp die rooster toe om die quesadilla in plek te hou. 'n Bietjie olyfolie of kleefwerende kossproei kan keer dat die tortillas aan die rooster vassit.

6 Braai die quesadilla rustig oor die kole totdat dit oraloor goudbruin en deurgewarm is. Jy wil hê al die kaas moet smelt – oordeel dus self na gelang van die hitte van die kole hoe hoog en hoe lank jy gaan braai. Sit dit voor in vierkante en geniet dadelik!

Ry & Sleep sê Gebruik klaarbereide roti's vir 'n ryker en brosser buitelaag. >



LIPLEKLEKKER SKORSIES Magies vol

Skorsies met roommielies is 'n wenkombinasie, en dan sorg die bros spek vir die oortref-fende trap.

Jy benodig

(genoeg vir 10 as bykos)

- 5 skorsies
- 1 blik (420 g) roommielies (cream style sweet corn)
- 1 koppie cheddarkaas, gerasper
- 200 g strepiespek, gekap en brosgebraai

Só maak jy

1 Kook die heel skorsies vir 10 minute in water, skep dit uit en laat dit afkoel tot jy daarmee kan werk. Sny elke skorsie middel-deur, skep al die pitte versigtig uit, en geur die skorsies met sout en peper.

2 Meng die mielies, kaas en bros spek saam en vul die skorsies daarmee. Jy kan ook gekapte jalapeños-tukkies of 'n knippie paprika byvoeg.

3 Pak die gevulde skorsies op die rooster oor matige kole en sit 'n omgekeerde braaibak as deksel bo-op om 'n "oondjie" te vorm. Braai dit so tot die kaas begin borrel.

Ry & Sleep sê Klaargekoopte kaassous gemeng met biltong of die oorskiet van jou chilli con carne-potjie met 'n strooisel kaas daarby is ook smaaklike vulsels vir die skorsies. Gee jou verbeelding vrye teuels en raak kreatief!



HOENDERMAYO-TOEBIEPASTEIE Boepensbroodjies

Jy het net vier bestanddele nodig vir hierdie resep, en dit smaak vorentoe in 'n jaffel, braaibroodjie of dié brosgebraaide "pasteitjies".

Jy benodig

(genoeg vir 12)

- 400 g mini-hoenderfilette
- 2 eetlepels olyfolie plus ekstra om die broodjies te braai
- 1/3 koppie romerige mayonnaise
- 1/3 koppie chakalaka (geblik of maak jou eie)
- 2 koppies gerasperde mozzarellakaas
- 12 snye witbrood
- botter om te smeer

Só maak jy

1 Braai die hoender in die olyfolie en geur dit met jou gunsteling-braaispesery of net sout en peper. Laat die vleis afkoel en pluus dit dan fyn.

2 Meng die fyngemaakte hoender-vleis met die mayonnaise, chakalaka en kaas om die vulsel te maak.

3 Sny die brood se korsies af en smeer die snye met lekker baie botter. Skep 'n hupie vulsel in die middel van ses snye brood (botterkant na onder) en sit die ander ses snye bo-op met die botterkant boontoe. Druk die rande rondom die vulsel vas met 'n vurk om dit te seël.

4 Panbraai die broodjies in 'n bietjie olyfolie tot dit oral-oor mooi goudbruin en bros is met 'n gesmelte kaasvulsel – of braai dit in 'n toeklaprooster oor die kole.

Ry & Sleep sê Gepluiste oorskietbraaihoender werk ook lekker vir hierdie vulsel. As jy 'n lugbraai saamvat wanneer julle kamp, kan jy selfs dié inspan om die broodjies te rooster.



BILTONGBOTTERKERSE Smelt in die mond

Bederf jou *flame* in die maand van die liefde met 'n besonderse kampvuurkersligete.

Jy benodig

(maak 3 kerse)

- 500 g sagte botter
- ½ koppie biltongpoeier
- 2 eetlepels gekapte grasui of pietersielie
- 3 voedselveilige kerspitte (ons het Simply Bee se Candle Wicks bestel by Faithful to Nature)

Só maak jy

1 Meng die botter met die biltong en kruie tot glad. Jy kan die botter geur soos die gier jou pak. Skep of spuit die gegeurde botter met behulp van 'n spuit-sak so eweredig as moontlik in 3 weggooibare koppies en smeer die bokante gelyk. Ons het polistireen-drinkglasies gebruik.

2 Druk 'n kerspit in die middel van elke kers, knip dit korter en verkoel die kerse tot hard. (As jy langpad gaan ry daarmee, kan jy dit selfs vries.)

3 Sny 'n gaatjie so groot soos jou kers in die middel van 'n vars suurdeegbrood en sny die res van die brood rondom die gat in skyfies sonder om dit heeltemal deur te sny.

4 Keer die kerse versigtig uit die koppies (dit is waar 'n weggooihare houer help), sit die kers in die middel van die brood en steek hom aan. 'n Ekstra kers op 'n blikblaker help met die etery, ingeval die kers te stadig smelt om al die broodjies in te doop.

Ry & Sleep sê As jy nie jou eie botterkers wil maak nie, koop dit klaar by Babylonstoren. 'n Knoffelbotterkers (180 g) kos R100.



RICE KRISPIES-BRAAIBLOKKIES Pienk en plesierig

Hierdie malvalekker-belaaide pofryslekkerny kry 'n ekstra bederflaag in die middel, reg vir rooster oor die kampvuurkole of om sommer net so te eet.

Jy benodig

(genoeg vir 4)

- ½ koppie botter
- 300 g malvalekkers
- 1 teelepel vanieljegeursel
- 'n knippie sout
- 6 koppies Rice Krispies
- 1 pakkie (40 g) mini-tennis-beskuitjies
- 1½ koppies minimalvalekkers (ekstra)
- 1 plak (80 g) melksjokolade, gesmelt

Só maak jy

1 Smelt die botter in 'n pot, voeg die malvalekkers by en roer dit oor matige hitte tot gesmelt. Roer die

vanielje en sout by en dan al die Rice Krispies. Verwyder die mengsel van die hitte.

2 Meng alles driftig saam en keer die helfte van die mengsel uit in 'n vierkantige pannetjie wat met kleefwerende kossproei gespuit is.

3 Maak dit vinnig gelyk met 'n spaan en sprinkel die koekies, ekstra malvalekkertjies en sjokolade in 'n laag oor.

4 Skep dadelik die res van die Rice Krispies-beslag bo-op en maak dit gelyk. Laat die mengsel afkoel en hou dit in 'n lugdigte houder. Ek sny dit soos nodig in blokke en deel self uit, anders verdwyn die lekkerny nog voor die vuur brand!

Ry & Sleep sê Belê gerus in 'n stel uittrekbraaistokke vir jou kroos as hulle daarvan hou om malvalekkers te rooster. Die stelletjie op ons foto's is die "Camping Telescopic Extendable Marshmallow Rosting S'mores sticks" van [amazon.co.za](https://www.amazon.co.za).

Weg! Ry & Sleep KOOFGIDS

Hou jou KOEL
in die somer...
en WARM
in die winter!





Lugversorger



Lugversorger buite-eenheid



Auto Ewik karavaanskuiwer



Manual Ewik karavaanskuiwer



Purple Quattro skuiwers



Daklugversorger-eenheid



Trukameras

Lugversorger:

- Karavane
- Kommersieel
- Residensieel
- Daklugversorger
- Installasies
- Herstelwerk
- Dienste

Skuiwers:

- Karavaanskuiwers
- Ewiks
- Quattro

Ons doen ook:


- Spaarwielhak
- Volledige outomatiese waterpasstelsel

Trukameras:

- Purple-trukamer
- Draadlose trukamera


CJ Aircon's
072 413 3899 Jacques/Cindy
www.cj-aircons.co.za | info@cj-aircons.co.za

BLOKRAAI-OPLOSSING



OM HIER TE ADVERTEER, KONTAK:

DANIE NELL
Tel: 082 859 0542
danie.nell@media24.com

SANETHA MEINTJIES
Tel: 021 406 2301
sanetha.meintjies@media24.com

SHARLENE SMITH
Tel: 083 583 1604
sharlene.smith@media24.com

ewiks

caravan mover
www.ewiks.co.za

Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.

Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:
Kyle ☎ 084 33 00 606 ✉ info@ewiks.co.za



* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg





WILD ACCESSORIES
www.wildacc.co.za

ONS NUWE AVONTUUR KAPPIE!

155 Alumina Straat, Silvertondale, Pretoria
info@wildacc.co.za sales@wildacc.co.za
012 771 7940 083 2846929



Caravan Movers

ONS installeer EWIKS KARAVAANSKUIWERS
by jou perseel in Gauteng, Mpumalanga, North West, Limpopo and the Free State.

Goeie gehalte draadlose tru-kameras vir karavane R5 900

EWIKS AUTO NOU BESKIKBAAR

KONTAK Wimpie Struwig by 082 33 33 833 | Pieter Kalis by 083 715 1226 | www.caravanmovers.co.za



NOU TE KOOP!

Bestel jou eksemplaar aanlyn by media24shop.com.
EFO- én kredietkaartbetalingsopsies is beskikbaar.
Vir navrae stuur 'n e-pos na verkoop@media24.com of bel 021 406 4552.
Digitaal beskikbaar by zinio.com of magzter.com

Ry & Sleep Oordgids 2026
176 uitgesoekte kampplekke reg oor Suid-Afrika
58 nuwe oorde!

MACLAREN AIR

Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | E-pos: maclaren@ust.co.za

Maclaren ondertoonbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa

Algehele Afmetings (mm): 395 B x 340 H x 735 L

- ▶ Maklike Doen-dit-self installasie
- ▶ Stil werkend
- ▶ Verkoeling & verhitting (hittepomp)
- ▶ Eenheid ten volle eie aangedrewe, reg om in te prop
- ▶ Maklike installasie (onderdele en patroonplaat ingesluit)
- ▶ Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
- ▶ Liggewig, ideaal vir karavane
- ▶ Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak

Maclaren 'Slimline' Dakwoonwa/Ryhuys Lugversorger

Algehele afmetings met bedekking (mm): 736 B x 253 H x 1054

- ▶ Eenheid gemaak vir strawwe Afrika toestand
- ▶ Omliggende beligting in drie kleure
- ▶ Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
- ▶ Ontwerp-verkoelingskapasiteit 3500W
- ▶ Ontwerp-verhittingskapasiteit 3500W
- ▶ Kraglewering (verkoeling/verhitting) 1300W/1100W
- ▶ Installasie-Opening se afmetings in dak (mm): 370 x 370



INDIEN VOLGENS SPESIFIKASIES GEÏNSTALLEER, BELEMMER JY NIE ENIGE VAN DIE WAARBORGE OP JOU KARAVAN/KAMPEERWA NIE

BATTERY & OUTDOOR KING

Beste Kwaliteit Beste Pryse

Die NR. 1 winkel met KAMPKRAG
VIR ENIGE VOERTUIG OF KARAVAN INSTALLASIES



DUBBELE BATTERYSTELSLS
Ook litium



MPPT

50A DC-DC

Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos

Tel: 066 2288 919 / 082 4444 911 | E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za



FB @batteriesking | FB-groep "Battery & Outdoor King"



Safe-T Locksmiths



- TRANSPONDEERSLEUTELS GESNY
- SLEUTELKODERING EN -PROGRAMMERING
- REKENAARBOKS-HERSTELWERK

Commissionerstraat 307A,
BOKSBURG

083 226 3003 of 011 917 2016

GOANIKONTES OASIS

DIE VERSTEEKTE JUWEEL IN DIE HARTJIE VAN DIE MAANVALLEI

Weggesteek in Namibië se treffende Maanlandskap, net 50 meter van die Swakopmundrivier af, lê 'n groen hawe waar die woestyn lewendig word.

Dit is 'n ware oase.

By Goanikontes Oasis vind jy skaduryke kampeerplekke, knus bungalows, unieke glanskamptente, A-raam bungalows en gesinskamers, alles omring deur asemrowende natuurskoon en rustigheid.

Begin jou oggend met 'n stewige ontbyt in die sonskyn, of geniet 'n heerlike tuisgemaakte maaltyd van ons bekroonde à la carte-spyskaart.

Verken staproetes en voëllewe, probeer visvang in ons dam, of ontspan eenvoudig langs ons swembad en laat die tydlose woestynhemel sy towerkrag bewerk terwyl jy omring word deur vriende en familie.

Of jy nou opsoek is na 'n gesinswegbreek, 'n groepswegbreek of 'n stil ontsnapping in die natuur, Goanikontes is die versteekte juweel wat die perfekte ontsnapping van die gewone na die buitengewone bied.

T: 00264 64 405 979/6 • www.goanikontesoasis.com • E: info@goanikontesoasis.com

Oppi-Koppi
Restcamp


Welkom by

Oppi-Koppi Ruskamp in Kamanjab, Kunene-streek, Namibië.
60 km vanaf Etosha-ingang (Galton-hek)

Dit is die perfekte bestemming, of jy nou vir sake of plesier reis. Ons bied verblyf in 12 luukse chalets, 2 standaard chalets, 1 gesinschalet en 3 selfsorg-chalets en 8 kampeerplekke. Ons kombuis is daaglik oop van 07:00 tot 20:30.

Ons bied die volgende uitstappies aan: Peet Alberts-rotsgraverings, Omusauna Himbadorpie, skilderagtige sonsondergang-vierwielmotorfietsreë en staproetes.

Tel: +264 (0) 67 330 040
E-pos: info@oppi-koppi-kamanjab.com
www.oppi-koppi-kamanjab.com



DUBE
PRIVATE GAME RESERVE

MIDWEEK, SPESIALE AANBOD: KAMP VANAF SONDAG TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R900-00

EENHEDE, SPESIALE AANBOD: BLY VANAF SONDAG TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R2 950-00

Natuurreservaat in malaria-vrye gebied. Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild

- Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tafels • Springmatte • Mini-gholf
- Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens
- "Lazy river" • Waterglybane • Wegneemetes

Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 /
+27 82 375 6179 • E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za
Besprek aanlyn: www.alloutbookings.co.za

NOORDWES

BRITS

JOU SAFARI-AVONTUUR BEGIN BY DIE KAMPVUUR



Aan die oostelike grens van Etosha-nasionale park, slegs 50 meter van die parkhek af, bied die **Onguma Natuurreservaat** die perfekte basis vanwaar hierdie ikoniese wildernis verken kan word. Onguma, wat 35 480 hektaar privaat reservaat beslaan, is die tuiste van leeus, renosters, olifante, luiperd, jagluiperd, kameelperde en tallose vlaktewild. Gaste kan sonsopkoms- en sonsondergangritte bespreek, begeleide boswandelings bywoon, tyd in die Onkolo-skuiing deurbring, 'n spa-behandeling geniet, of selfs 'n eenmalige oorslaap op Onguma se Dream Cruiser geniet. Die reservaat bied twee kampeerplekke aan – **Tamboti en Leadwood** – vir diegene wat hul safari-avontuur by die kampvuur wil begin.

So watter kampplek is vir jou? **Tamboti or Leadwood?**



TAMBOTI LUUKSE KAMPTERREIN

Geniet privaatheid en gemak met jou eie stort, aparte toilet, opwasplek, braai-area en kragtpunte. Die hoofarea sluit 'n restaurant met uitsig oor 'n watergat, WiFi (in die hoofgebou), 'n klein winkeltjie vir basiese benodigdhede, plus 'n swembad in. Elke staanplek word daagliks skoongemaak.



LEADWOOD KAMPTERREIN

Hierdie kampterrein bied ses staanplekke naby Onguma Boskamp. Elke staanplek word daagliks skoongemaak en het 'n stort, toilet, braai en kragtpunt, terwyl 'n gedeelde opwasarea tussen die twee staanplekke beskikbaar is. Gaste is welkom om Boskamp se restaurant en swembad te gebruik.




Onguma Natuurreservaat | Tel. +264 61 237055
reservations@onguma.com | www.onguma.com

Onguma
ETOSHA | NAMIBIA

Hierdie blokraai is n t die ding om jou brein 'n bietjie te laat oefen terwyl jy rustig in jou kampstoel agteroor sit. Navorsing het bevind blokraai hou talle voordele in en is goed vir dinge soos jou geheue en konsentrasie. Hou daai verstand dus skerp, nes jou potlood, en s  hierdie ene die stryd aan. En selfs al is jy iemand wat nie juis sterk gevoelens het oor di  soort navorsing nie, gee dit jou minstens iets om te doen tot jou o  te swaar raak. Die oplossing vir die vorige uitgawe se blokraai verskyn op bl. 108.

				Vakansiedorp in die Tuinroete		Sagte materiaal		Bevries		Digby		Grotte buite Oudtshoorn			
				Seker wees											
				Vertrek											
Bemiddelars		Droster		"Hoe ry die boere, sit-sit . . ."		Merrie se maat						Lae vrouestem		Groepstaal	
Sekuur		Kou				Gorrelpyp						Kamma		Bolug	
										Kwab					
Loseerder								Opstoker			Albumien (mv.)				
Fabel											Verdriet				
				Natmaak				Kelk					Asook		
								... op jou tande h�							
Geneeskundig		Onder die sko�						... en gebied				Arbeids-eenheid			
		Chaoties													
						Beeld-radio						Waardevolle besitting			
Soort brood				Jou ... is groter as jou maag		Letterdiefstal		Direksies							
								Nou ... nooit							
Met sloffende voete															
				Peil in karate		Sy woon in 'n klooster		Iep					Kant		Menigte
								Kras							... harte neem
						Met die grootste plesier									
				Baie sleg						Verhalende gedig					
'n Nissan-ryding		Braai-area	Aortas	Tuismaak						Melk-orgaan				Openbare vervoermiddel	
				Resies						Dwaas					
						Aan en ...				Vaswerk				... die daad	
										Slaap					
Gawe		Brasili�se geld-eenheid						Jou verdiende ... kry					Lummel		
						Rond en bont						Skand-vlek			
												Wit poeier			

Kleur dié prent in



KLEUR IN

Kry die vetkryt en kleur die toneel in.

WOORDSOEK

Soek die woorde op die lysie en merk hulle af.

SOEK DIE VERSKILLE

Daar is minstens tien verskille tussen die twee sketse. Kyk of jy hulle almal kan kry!

DOOLHOF

Wys die doolhof wie's baas. Onthou om eers 'n potlood te gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.


Woordsoek

X O C W T A Y D U I T G B O W L R S D F V H
C Z T N F K T I T Z O W N O K T M H O Y J W
T E J Z Y D U R S A C D Q K W V R K S H A M
N B G Z E W I T Z F Z T I S B V Q M W A W G
I U D V S U T E N O R T O N Z I A O E R Z L
C W W D M T T Q O F W K W I V N T T S L A O
Z J M P J S C N H O N D A Y E C A O E E W F
D J H A W O E T N G F U Q D L E Y G D Y Z E
S R U T G K P J M B B B Y Z W N S U N D W S
U Q O N C B A D O E E T J K G T G Z Z A E D
H D F Y T I U W Z C Z N W M I U Z Z H V J W
B P A D A E W E A Y Z V E Z F Z C I Z I O Q
A D Y N X L I Z L S S H H L U S O I L D W C
J Z A O B T E M A Z A C Y W L H Y D O S Y J
A B M M Y L U N B A W K Q C P I F K N O I N
J I A V C N Y J F M H U I B U J M B D N D Z
A N H H Z M Z F D I T M I F N B Q O O J H T
U P A U M B V S I E E W S D V G W U F O E C
T T C W U E S A J T Q L L D U E E I T O R U
O R H B Y M C U G A P X D H T D N W Q D O O
R A U L J R D W I U D V A X E D Z A U I M T
H P A B H R A E T V S O T N U W I C J Z O P
J R B S U Z U K I B Y T B Z S I A B O N T B
O I S U W K W C Y N T E A H J T T S B S O E
E L I P M T B V I S D O D U I B G W I R C U
F L N X A U Q G L U C P B C W A P C Y W O R
A I O F V J B I M O T A W G G Y Q T D I R D
W A M K F O B K Y I X E J C D D F S L L P N
G H A I N D I A N W S F T K W H Z B M W C O
M I S C P W E Q L S K W N E O S W C Y B L W


MOTORFIETSVERVAARDIGERS

Aprilia	Hero MotoCorp	Norton
Bajaj Auto	Honda	Royal Enfield
Benelli	Indian	Suzuki
Bimota	Kawasaki	Triumph
BMW	KTM	Vincent
Ducati	Moto Guzzi	Yamaha
Harley Davidson	MV Agusta	

Soek die verskille



Doolhof



Dierefeite



KOEDOE (TRAGELAPHUS)

- Daar is twee soorte koedoes: die groter een wat ons ken, en 'n kleiner een in Noordoos-Afrika.
- Hulle word tot 160 cm hoog, 187 cm lank en weeg tot 315 kg.
- 'n Bul se horings groei in 'n spiraal en kan tot 1,8m lank word.
- Dis die grootse bokhorings en groei vanaf 6 tot 12 maande. Teen rondom 6 jaar is dit uitgegroeï.
- Die koeie van albei die koedoespesies het nie horings nie.
- Hulle is goed gekamouflêer: Grysbruin met dun vertikale wit strepe.
- Koedoes word as 'n byna bedreigde spesie beskou.

‘Nuwe’ Hilux op pad

Toyota se strategie vir die Hilux is duidelik ’n wenner en daarom moet die vervaardiger versigtig wees om nie hierdie wenresep te bederf wanneer hy ’n nuwe model bekend stel nie, sê **Mic van Zyl**.

Toyota stel net elke dekade of wat ’n nuwe Hilux bekend, en daarom is daar altyd groot afwagting vir dié gebeurtenis.

Die laaste ruk is die internet oorval met steelfoto’s en voorspellings oor hoe die nuwe Toyota Hilux Travo, wat vanjaar sy opwagting maak, gaan lyk en wat sy spesifikasies gaan wees. Nadat ons in November ’n eerste voorsmakie gekry het, handel die gesprek grootliks oor of dit inderdaad ’n nuwe voertuig gaan wees of bloot ’n betekenisvolle ontrimpeling. Hierdie onderwerp sorg vir heelwat negatiewe kommentaar.

Hoewel 10 jaar eienaardig lank is om te wag vir ’n nuwe model, sorg Toyota wel vir verskeie opgraderings in daardie tydperk om die spreekwoordelike pot aan die kook te hou. Die sewende geslag Hilux, bekend as die Hilux Vigo, is in 2005 bekend gestel en is twee keer ontrimpel (in 2008 en meer betekenisvol in 2011).

Die huidige agtste geslag Hilux Revo is in 2015 onthul en sy voorkoms is ook twee keer, in 2017 en toe weer in 2020, opgekikker. Hierdie opgraderings was beperk tot die voertuig se stilerings voorlans, klein verbeterings aan die binne-ruim asook enjinopgraderings, spesifiek met die 2.8 1GD-FTV-turbodiesel.

Die Hilux is al dekades lank die topverkooper vir ’n enkelmodel in Suid-Afrika asook ’n voorloper wat verkope betref in verskeie ander markte. Toyota se strategie vir die Hilux is duidelik ’n wenner en daarom moet die vervaardiger versigtig wees om nie hierdie wenresep te bederf wanneer hy ’n nuwe model bekend stel nie. Ek kan my net voorstel hoe moeilik dié uitdagende proses moet wees.

Met die nuwe Hilux Travo speel Toyota oop kaarte oor sy beleid wat bepaal dat jy nie iets herstel wat nie onklaar is nie. Die nuwe model word dus steeds

gegrond op ’n opgedateerde weergawe van die Toyota IMV-platform (Innovative International Multi-purpose Vehicle) wat vir die vorige twee generasies verantwoordelik was. Daar was bewerings dat die nuwe Hilux moontlik kan oorskakel na die nuwer TNGA-F-platform (Toyota New Global Architecture), soos die Land Cruiser 300 en Prado 250, maar dit sou groot ontwerpveranderinge behels wat die ontwikkelingskoste sou verhoog.

Toyota het voorheen sowat 100 verskillende platforms gebruik, maar toe die TNGA daargestel om die ontwikkeling van nuwe modelle te vereenvoudig en ontwikkelingskoste te verminder. Die nuwe platform het vyf variante wat vir sowat 80% van al die vervaardiger se modelle verantwoordelik is.

Daar is heelwat van die huidige Hilux Revo wat oorgedra word na die nuwe Travo. Voor- en agterlans verander hy aansienlik, maar die kajuitstruktuur nie. Die eerwaardige GD-FTV 2.8-turbodieselenjin en sesspoedratkas word ook weer gebruik. Hierdie kombinaise, met 150kW krag en 500Nm wringkrag, is

foutloos, doeltreffend en vandag nog relevant.

Die grootste verandering in die nuwe Hilux sluit ’n welkome opgradering binnelangs, en die nuwe instrumentepaneel en stuurwiel herinner my aan die nuwe Prado 250. Die kragstuur is nou ook elektries, wat beteken die funksie wat jou in jou baan help hou, werk beter. Die monteerstukke in die enjin, die raamwerk en onderstel sorg glo ook vir minder klanksteuring.

Die 2.4-diesel- en 2.7-petrolenjin groet terwyl die huidige hibriede enjin steeds aangebied word en daar in Thailand ’n elektriese Hilux te koop is. Ek wag in spanning vir die nuwe vering om te sien of dit die ritgehalte verbeter.

Ek was nog altyd ’n Toyota-ondersteuner, hoewel ek nie só entoesiasies oor die Hilux is nie. Die rede hiervoor is eenvoudig. Die afgelope drie dekades van my loopbaan was my fokus uitsluitlik op voertuigvering en ritgehalte, en daarom kan ek met ’n redelike mate van gesag sê dat die Hilux se ritgehalte nog altyd onaantoonbaar swak was.

Die afgelope twee jaar ry ek met die 2023-model Hilux GR-Sport (nie die jongste variant met sy wye bakwerk nie). Die bakkie het KYB-sportvering gehad wat volgens my ’n treë terug van die standaardstelsel was. Ek het dit met namarkse vering van ’n hoër gehalte vervang en nou hou ek al hoe meer van my Hilux.

Ek kom agter Toyota verander presies dieselfde goed aan die nuwe Hilux as wat ek in my eie bakkie verander het. Die vervaardiger peuter ook nie met dit wat goed werk nie. Dit is die regte benadering.

Met Hilux-verkope wat, ondanks ’n tien jaar oue bakkie, steeds koning kraai in verskeie belangrike markte, wil ’n mens eintlik nie te veel staan en karring nie.



BOOXE
CUSTOMISED VEHICLE ACCESSORIES

Hou Dit Netjies



Vloer- en Kattebakmatte



Invoeg-bakkievoerings



Fortuner-bykomstighede



Universele bykomstighede

Pasgemaak en beskikbaar in verskeie afwerkings vir alle fabrikate en modelle.

info@booxe.co.za
066 176 2522

Koop aanlyn
www.booxe.co.za

Kamp Kragdraad

Dit moet 'n vreugdevolle – en skokvrye – ervaring wees wanneer jy kamp. Moet dus nie jou lyf elektrisiën hou nie, sê **Neels van Heerden**.

Jou wa se tent is opgeslaan, die kampstoele uitgepak en jy het iets kouds in die hand, net reg vir 'n heerlike kampnaweek. Maar dan raak vroulied aan die wa se aluminiumstrook... trzzt! 'n Klein, skerp tinteling loop van haar vingerpunte af tot by haar elmboog. Dit is nie heeltemal sterk genoeg om haar te laat gil nie, maar beslis vir 'n instinktiewe, maar heel bedeesde "vervlaks".

Ek het deur die jare al heelparty sulke skokke by vriende en familie se waens ervaar en in byna elke geval het daar vinnig 'n kenner nader gestaan met raad, gewoonlik die kampbuurman wat sy kwalifikasie as elektrisiën aan die YouTube-universiteit verwerf het. "Die moeilikheid is jou wa se aardleiding," sal hy sê. "Slaan net 'n pen in die grond, gooi water oor, koppel die aarddraad aan die as en sie daar!" Buurman se raad klink vriendelik, slim en selfs logies, maar dis onsin.

As ek 'n rand kon kry vir elke keer wat iemand so iets op 'n kampforum of langs 'n braaivleisvuur kwytgeraak het, kon ek my enkelas-Pzazz al lankal vervang het met my droomwa: 'n Dubbelas-Pzazz.

In die meeste sulke gevalle is daardie klein skokkie doodgewone statiese elektrisiteit. Woonwaens word van materiaal soos aluminium, hout en isolasiestof gebou en is 'n uitstekende broeigrond waar statiese elektrisiteit opbou. Droë lug, stof, jou skoene op die vloer en kinders wat op die bed spring, dra alles by en wanneer jy daaraan raak, ontlai die lading deur jou lyf. Ja, dis irriterend wanneer dit gebeur, maar dis hoegenaamd nie gevaarlik nie.

Soms voel 'n skok egter sterker as daardie bedeesde "vervlaks" en veroorsaak die byt dat jy vinnig vorder tot matroostaal. Hierdie soort skok gebeur gewoonlik wanneer die woonwa aan 'n kragpunt gekoppel is en dit is 'n aanduiding dat iets skort

met die kragstelsel. Dis dalk 'n los of foutiewe aarddraad, dalk werk jou woonwa se stelsel nie behoorlik nie, of dalk lê die probleem by die kampplek se elektrisiteitstelsel. Moet ook nie die onvoorspelbaarheid en risiko verbonde aan goedkoop verlengkoorde en multiproppe onderskat nie.

Die veiligheid van jou kragstelsel begin by jou eie toerusting. Laat jou woonwa gereeld by 'n dienssetrum toets en belê in SABS-goedgekeurde kragkabels, proppe en ander elektriese toestelle – en maak seker laasgenoemde het ingeboude veiligheidskakelaars soos residuele stroomtoestelle (RCD). Hierdie slim apparate sorg dat die krag onmiddellik afsny as 'n probleem ontstaan.

Maar selfs al het jy die beste stelsel in jou wa, kan dit lewensgevaarlik wees as 'n kabel beskadig is, nat geword het of die kampplek se aardleiding is swak of foutief. Daarom moet jy nie dat kinders die wa se prop in die kampplek se sok druk nie.

Kampplekke moet aan die SABS se voorgeskrewe spesifikasies voldoen. As krag deur 'n gewone driepunthuis sok verskaf word, moet dit doeltreffend teen reën, stof

en goggas beskerm word. Elke woonwa-plek moet ook sy eie veiligheidsmaatreëls insluit, soos 'n toestel wat lekstrome opspoor en krag afskakel as daar gevaar is (RCD), sowel as 'n klein kragonderbreker wat help om oorlading en kortsluitings te voorkom (MCB).

Laastens mag die kragproppe wat gebruik word, nie tussen verskillende woonwaens gedeel word nie en moet dit aan sekere standaarde voldoen.


Dit is graderingsbeamptes se plig om seker te maak dat enige kampplek wat aansoek doen om stergraderings hieraan voldoen.

Die gevaarlikste deel kom egter wanneer mense oningeligte raad volg – soos om sommer 'n pen in die grond te slaan. Hierdie praktyk stel jou en jou geliefdes aan ernstige risiko bloot, aangesien dit twee paaie vir die elektriese stroom kan skep, en as daar iets fout is met die kampplek se kragstelsel, kan dit veroorsaak dat die RCD nie behoorlik werk nie. In eenvoudige Afrikaans: Daai pen kan maak dat die krag nie uitskop as iets verkeerd gaan nie. En dit kan jou tot in jou fundamente skud.

As jy dus ooit 'n kragtige skok ervaar wanneer jou woonwa reeds aan die kampplek se kragstelsel gekoppel is, ontkoppel dit onmiddellik. Toets jou kabels vir vog, skade en los aansluitings. Droog enige nat dele deeglik uit en, wanneer jy weer tuis is, laat 'n professionele elektrisiën die hele stelsel deeglik toets.

Enige verdagte kabels, proppe of toestelle moet dadelik vervang word. As jy vermoed dat die probleem uit die kampplek se stelsel kom, lig die bestuur onmiddellik in.

Onthou: die lekker van kamp lê in rus, kuier en braai en nie in "skokkende" ervarings of gevaarlike elektriese situasies nie. Neem jou veiligheid ernstig op en moenie self elektrisiën speel nie, want kamp moet vreugdevol en heeltemal skokvry wees. 



Hier word harte **gered**. En **gebreek**.




BINNENLANDERS

Weeksdae

19:30

Is teëspoed oorerflik?

Die vakansies van sy jeug is grootliks deur teëspoed bepaal en selde deur heuglikhede, onthou Ali van Wyk.



ILLUSTRASIE DOMINIC WIENAND

Daar is 'n rede hoekom my kinders nie weet wat die woord teëspoed beteken nie. Toe ek vra, waag net een van die drie tieners in my huis 'n mening: "Dit het iets te doen met hoe vinnig 'n ketel kook..."

Voorvalle van meganiese teëspoed langs die pad is deesdae niks vergeleke met hoe dit jare terug was nie. Jy weet mos... In my dae het ordentlike karre nog gebreek.

Sedert die jare sewentig het motors vinnig meer betroubaar geword. Is dit toevallig dat die teëspoedkultuur gesneuwel het nét toe Japannese motors hulle stempel begin afdruk

teen die groot ou Amerikaanse rygoed? Ek dink nie so nie. Toe Suid-Afrikanners besef die karre wat hulle "Jap Scrap" gedoop het, is eintlik heel betroubaar en lig op brandstof, verander die tooneel heeltemal.

Ek meen, toe my Pa sy 1971-model Chev-kommando in 1981 verkoop, het ons gedink dis 'n hengse prestasie dat dié "ou" kar 10 jaar en omtrent 120 000 km gehou het sonder veel, wel, teëspoed.

Deesdae koop ek maklik 'n mooi opgepaste Toyota Hilux as hy selfs veel meer as 10 jaar oud is. Dis nie snaaks om 'n foto in 'n dorpskoerant te sien van 'n netjiese oom wat meer as 'n miljoen kilo's op sy Isuzu gesit het nie. Ek onthou vakansieroetes eerder in terme

van die teëspoed wat die vakansies soos masels gemerk het, as aan die lekker dinge wat ons gedoen het. Dis hartseer, maar waar.

Eers was daar daai Chevrolet – 'n stasiewa met 'n 4,1ℓ-reguitses-enjin. Die Chevrolets het nie soveel moeilikheid gegee soos 'n mens gehoor het van Fords nie, maar hy't ook maar sy tiende in die bordjie gegooi. Daai Chev se ratmeganisme het byvoorbeeld vasgehaak en dan kon jy nie die kar in rat kry nie – die ou rathefboompie aan die stuurkolom had geen hefkrag nie.

Dan moes jy die enjinklap oopmaak en die spulletjie met die hand loswikkel – 'n ongerieflike nuk, maar een wat darem nie 'n vakansie in sy spore sou stuit nie. Tot die vashakery gebeur wanneer 'n befoeterde olifantbul op

die Onder-Sabie-Skukuzapad besluit jou teenwoordigheid torring aan sy zen. Gelukkig was dit net 'n skynstorm-loop. 'n Gekneusde ego en 'n paar nat broekies op die agtersitplek is hanteerbare skade.

Vroeg in die Chev-era het my pa 'n ou swaar woonwa geleen om te kyk of ons gesin versoenbaar is met die kamplewe. Op 'n sinkplaatgrond-pad in die Drakensberg het een van daai woonwa se kronkelvere homself van die wa bevry soos in 'n Looney Tunes-motorongeluk. Ná twee spronge in die padreserwe het die ding tot ruste gekom tussen drie verdwaasde jersey-koeie. Tjooing! Tjooing! Tjooing!

Sonder veer veroorsaak die gestamp toe dat die woonwa-yskassie se deur oopvlieg – en 'n dosyn eiers, 'n liter melk, 'n blok botter en 'n bietjie meel word in 'n poel op die vloer van die woonwa saamgekarring tot 'n beslag waarmee 'n mens sweerlik 'n soufflé sou kon bak indien ons meer “in die oomblik” geleef het.

Die wit Chev het ook ná 'n lang wildtuinvakansie die raaiselagtige simptoom ontwikkel om herhalend krag te verloor en dit dan weer op die ooppad te herwin. Op Witrivier staan 'n *mechanic* nader wat sy hande aan 'n vrot lap afvee. Hy luister met uitgesteekte onderlip na my pa se omslagtige verduideliking. “Ja-ja-nee, Meneer, dis wildtuinsiekte, van die stadig ry. Trek hom oop teen die passe op en hy sal regkom.”

My pa het gemompelswets toe ons wegtrek, maar uiteindelik sy trots gesluk toe ons verby Waterval-Boven gat skoonmaak met 'n woonwa wat net hier en daar grond vat.

Die korter era van die blou Chev het laat in die jare sewentig aangebreek. Nog 'n Kommando-stasiewa met 'n reguitses, maar dié slag 'n 3,8ℓ. Dit was eintlik 'n stilte voor die storm. 'n Era van vals hoop.

Enige teken van 'n nuwe oggendstond het in 'n wolk uitlaatgas verdwyn toe my pa vir die gier van 1981 val en 'n Ford-3ℓ-V6 agterin ons nuwe Volkswagen Kombi laat inbou. 'n Ondernemende werktuigkundige in Pretoria, Daan Jacobs, het 'n gaping in die mark geïdentifiseer vir 'n voertuig wat groot genoeg is vir 'n groot gesin ('n Kombi), maar wat ook kragtig genoeg is om 'n woonwa te sleep ('n Ford-V6).

As Daan 'n uitvoerende amptenaar

van Ford was, het hy sy vrou in 1981 met sy prestasiebonus Mauritius toe gevat, maar Daan was net 'n *mechanic*.

Wel, ons bleekgroen Kombi het chronies oorverhit. Boonop het die kragtige enjin Volkswagen-koppelaars gebrand vir ontbyt en vierde ratte gestroop vir middagete. In een Desembervakansie het ons vier weke lank in 'n woonwa-park naby Margate gesit sonder 'n voertuig, en dit omdat ons Kombi se ratkas opgepak het. Die kar het Kersfees en Nuwejaar in 'n werkswinkel op die dorp gevier en was net betyds reg vir ons terugreis.

Dit was egter vals hoop, want die Kombi op het Amanzimtoti weer gaan staan toe die splinternuwe ratkas groet. Dis reg, liewe leser, hy vreet daai vierde rat se tandjies soos mieliepitte van 'n groenmielie af.

Nog 'n probleem was dat die enjin-monterings gans te pieperig was vir die robuuste V6, en die boude het gebreek en die enjins in die pad laat val. Die slag toe dit met ons gebeur, het ons pas weggetrek op 'n modderige padreserwe by 'n Malelane-padstal, en hoewel die enjin op die grond geval het, was hy nog aan die dryfas vas en my pa kon dit met 'n domkrag optel en weer vasbout. Daar was egter ander Kombi-V6-bestuurders wie se enjin op 120km/h uitgeval en van die dryfas losgekom het. Speel dááí liederlike janboel voor jou geestesoog af, veral met 'n woonwa agter die Kombi.

Die meeste V6'ers het ná die eerste onheil van hulle voertuig ontslae geraak, maar nie ons nie. My pa is 'n glas-halfvol tipe ou en soos oplossings vir die probleme ontwikkel is, het hy dit aanbring: versterkte enjinmonterings, versterkte ratkas, 'n groter verkoeler...

Uiteindelik is al die probleme van die V6-Kombi opgelos, maar dit het 12 jaar geneem, en daai 12 jaar het toevallig met my hele puberteit en adolessensie saamgeval. Ek het dus 'n groot deel daarvan by lukrake piekniekplekke langs nasionale paaie en werksinkels deurgebring in plekke soos Kaapmuiden, Witbank, Margate, Witrivier en Bergville.

'n Mens sou dink 'n skrandere mens sou 'n paar beginsels uit dié jare van droefheid optel van hoe om voorspoed na te streef. Beginsels soos “moenie 'n omgeboude voertuig koop as jy nie 'n motorwerktuigkundige is nie”.

Dis twintig jaar later. 'n Idealistiese jong joernalis koop 'n Toyota Hilux-2ℓ-enjin by 'n twyfelagtige handelaar in Elsiesriver in Kaapstad. Die joernalis het 'n probleem, en hy gooi geld na die probleem toe. Die probleem is 'n 1975 Volkswagen Autovilla-kampbussie sonder 'n enjin. Die oorspronklike viersilinderbokserenjin het sy laaste uitlaatgas uitgeblaas.

Een vakansie van die joernalis en sy gesin is reeds so-te-sê deur die kampbussie verongeluk. Die gesin het teen 90km/h uit Kaapstad vertrek en drie weke later teen 40km/h teen 'n afdraande af teruggesteier tot by die huis. Die enjin se top het gekraak en verskeie werktuigkundiges het die joernalis aangeraai om eerder 'n “Toyota 3Y-enjin” in te sit.

So gesê, so gedaan.

Die joernalis het 'n bedenklike motorwerktuigkundige, ook in Elsiesrivier, gevind wat hierdie soort ombouings behartig. Goed, ek sal dit maar erken: Daardie joernalis was ek, en ek het voluit teen my beterwete opgetree, maar die gedagte om die oulike kampbussie sonder 'n enjin vir amper niks te verkoop nie was te hartseer om aan te dink.

Die Autovilla en die Hilux-enjin is meer versoenbaar as 'n Kombi en 'n Ford-V6-enjin, maar die ou Volkswagen Kombi's was lugverkoel en 'n hele amateuragtige waterverkoelingstelsel is dus geïnstalleer. Die eerste groot toets vir die nuwe kombinasie was 'n Desembervakansie-rit na Fouriesburg in die Oos-Vrystaat na 'n familiesaamtrek.

Ek hoef nie die storie te vertel nie. Die lys van teëspoed is dramaties genoeg: Chroniese enjinoorverhitting. Koppelaar kalf en voertuig word agtergelaat by werkswinkel op Colesberg. Vakansiebegroting verwoes om bakkie te huur. Drie kinders met kopluisse besmet in twyfelagtige motelkamer. Kampplek langs afgrond met tweejarige wat pas begin loop het. Onophoudelike stortvloed reën met tent wat lek. Oudste kind gooi deurlopende vloermoere. Tantes kritiseer ouers se opvoedingsmetodes. Ouma verloor hare weens chemoterapie.

In 2007 verkoop ek die verdomde *camper* aan iemand wat ek deeglik gewaarsku het oor die vloek wat daarop rus. Ons koop 'n Toyota Hilux en in die 18 jaar sedertdien het ons nog nie een dag se teëspoed gehad nie. Nada. Niks. Ek beplan om dit so te hou. 


100 jaar jonk

Maserati, die luukse voertuigvervaardiger in Bologna, Italië, vier vanjaar sy eeufees. Ons kyk terug na sy gloriejare.



Het jy dalk iewers 'n seldsame sleepseel of ryding raakgeloop? Vertel ons daarvan en stuur vir ons 'n foto na

rysleep@weg.co.za



1926 MASERATI TIPO 26



1967 MASERATI GHIBLI



1971 MASERATI BORA

Maserati is in 1914 deur die broers Alfieri, Ettore en Ernesto Maserati op die been gebring as die Ditta Alfieri Maserati-maatskappy. Jou wiskunde is korrek as jy ons wil reghelp en sê dis 112 jaar terug, maar die heel eerste motor met die kenmerkende embleem met sy drietandvurk en die naam Maserati het eers in 1926 uit die fabriek gery. Dié embleem is terloops deur 'n vierde Maserati-broer, Mario, ontwerp met die standbeeld van Neptunus in die hartjie van Bologna as inspirasie.

Die 1926-model is die Maserati Tipo 26 gedoop en is vir die Targa Florio-wedren in Sicilië ingeskryf, waar hy sommer in sy buiging met die louere weggestap het. Hy sou dié wedren 'n verdere vier keer wen, maar dis nie waar die Tipo 26 se wedrensukses geëindig het nie. Hy het ook twee keer in die Amerikaanse Indianapolis 500-wedren koning gekraai, terwyl hy 'n verstommende nege Formule 1-wedrensege behaal het. Die kersie op die koek was in 1957, toe die legendariese Argentynse renjaer Juan Manuel Fangio voor die stuur van die Tipo 26 was toe hy vir die vyfde (en laaste) keer as Formule 1-wêreldkampioen gekroon is.

Ander rygoed uit Maserati se stal wat vassteek in 'n mens se geheue is



2018 MASERATI LEVANTE

die 1967 Maserati Ghibli met sy V8-enjin en topspoed van 250km/h (vinnig vir daardie jare!) en die 1971 Maserati Bora met die vervaardiger se eerste middelgeplaasde enjin tussen die agteras en die bestuurder. Hierdie twee Maserati's was van die mooiste motors wat nóg die lig gesien het.

'n Meer onlangse model is die Maserati Levante waaroor ons in Junie 2018 geskryf het ("Onder draai die duiwel rond", Ry & Sleep #11). Ons presiese woorde in daardie artikel was: "Dis onbeskryflik lekker."

Geluk met jou verjaardag, Maserati! 🎉



STEWIG GENOEG VIR DIE ROETE. GERIEFLIK GENOEG OM TE BLY.

Die Rooivalk C2- en C4-modelle kombineer soliede staalwerk, unieke ontwerp en slim stelsels, sodat jy verder, langer en met volle gemak kan verken.



- Gemaak van duursame 3CR12 vlekvrre staal
- Buitekombuis, gas-elektriese geisers en sonkrag-gereed
- Veldry getoetste onderstel & opslaan-dak
- Keuse van uitleg, kleure & opgraderings

ONTWERP VIR AVONTUUR. GEREED VIR JOU.

www.rooivalkoffroadsa.com | Leanie: 083 660 9975 | Kotie: 083 226 2129 | info@rooivalkoffroad.com

For Every Move.

Avontuur met jou IceFlow™ Bottle Flip Straw 2.0 in
Goldenrod Coral

Ons nuwe reeks IceFlow™-bottels is hier. Hulle hou jou water yskoud vir ure wanneer jy verken of in die gimnasium is. Sluk dit, klap dit toe, bêre dit – pas perfek in jou dra sak of motorbekerhouer.



Indigo

Violet Blossom



STANLEY®

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Johan

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24